

DIE KAAPSE MEUBELMAKERS 1652-1900

4

Hugo Amos Geldenhuys



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte (Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis) aan die Universiteit van Stellenbosch

Desember 1986

Opgedra aan my moeder

DANKWOORD

Eerstens wil ek prof. P.W. Grobbelaar, my studieleier, besonder bedank vir sy aanmoediging, leiding en hulp met hierdie werk. Sy insiggewende voorstelle was vir my van groot waarde en dit was vir my 'n besondere voorreg om onder hom te studeer. Verder wil ek ook my waardering uitspreek teenoor mnr Hennie van der Merwe, wat as mede studieleier opgetree het, vir sy nuttige wenke.

Ek wil ook graag my ouers bedank vir hulle volgehoue ondersteuning. Aan my vrou, Cornea, 'n besondere woord van dank vir haar aanmoediging, asook vir die tik van die manuskrip.

Verdere woorde van dank aan mnr H.J. Truter vir sy hulp met die taalkundige versorging van die tesis en aan die personeel van die Kaapse Argiefbewaarpark vir hulle volgehoue belangstelling.

Bo alles wil ek eer toebring aan my Hemelse Vader wat my die krag geskenk het om dié taak aan te pak en te voltooi.

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van die koste van die navorsing vir hierdie skripsie, word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings wat gemaak is, is dié van die skrywer en moet in geen omstandighede beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

INLEIDING	1
1. <u>DIE GILDE</u>	4
1.1 Die invloed van gildes op die ambagte aan die Kaap	4
1.2 Die St.-Josefsgilde	5
1.2.1 Vroeë geskiedenis	5
1.2.2 Sosiale karakter	6
1.2.3 Die beheer van die gilde	7
1.2.4 Die gildeproef	8
1.2.5 Maatreëls ter verbetering van die ambagte	9
1.2.6 Die "gildepand"	10
1.3 Spesialisasie in die meubelbedryf	12
1.4 Die ondergang van die gildes	14
1.5 Gevolgtrekking	15
2. <u>DIE TYDPERK 1652-1700</u>	16
2.1 Die herkoms van die Oud-Kaapse meubels	16
2.1.1 Voorbeelde van meubels wat plaaslik vervaardig is	16
2.1.2 Die aanwesigheid van 'n "kistenmaker"	17
2.1.3 Die aanwesigheid van draaiers	18
2.1.4 Timmermans	19
2.1.5 Gereedskap	20
2.1.6 Mense wat meubels vir eie gebruik gemaak het	22
2.1.7 Teenwoordigheid van slawe	22
2.1.8 Die Franse Hugenote	23
2.2 Lys van vakmanne	24
2.2.1 "Kistenmakers"	24
2.2.2 Timmermans	24
2.2.3 Draaiers	51

3.	<u>DIE AGTTIENDE EEU</u>	54
3.1	Die herkoms van die Kaapse meubels	54
3.2	Die teenwoordigheid van vakmanne	56
3.3	Lys van vakmanne	64
	3.3.1 Timmermans	64
	3.3.2 Draaiers	133
	3.3.3 Voeërs	138
	3.3.4 Beeldhouers	144
4.	<u>DIE NEGENTIENDE EEU</u>	153
4.1	Die herkoms van die Kaapse meubels en die verspreiding daarvan op die platteland	153
4.2	Vakmanne	156
	4.2.1 Kabinetmakers	157
	4.2.2 Stoelmakers en stoffeerdere	158
	4.2.3 Draaiers	158
	4.2.4 Voeërs	158
	4.2.5 Beeldhouers en beeldsnyers	158
	4.2.6 Stoffeerdere	159
	4.2.7 Meubelhandelaars	159
	4.2.8 Timmermans	159
4.3	Lys van meubelmakers	159
	4.3.1 Kabinetmakers	159
	4.3.2 Stoelmakers	264
	4.3.3 Draaiers	266
	4.3.4 Voeërs	278
	4.3.5 Stoffeerdere	294
	4.3.6 Beeldhouers en beeldsnyers	306
	4.3.7 Meubelhandelaars	309
	4.3.8 Lys van timmermans	316
	BRONNE	424

AFKORTINGS

C.A.	: The Cape Argus
CO	: Colonial office
C.o.G.H.A.	: Cape of Good Hope Almanacs
D.Z.A.	: De Zuid Afrikaan
G.K.H.	: George and Knysna Herald
HAT	: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal
K.A.	: Kaapse Argief
K.S.C.	: Kaapsche Stads Courant
M.B.A.	: Mossel Bay Advertiser
MOOC	: Master's Office and Orphan Chamber
O.C.	: Oudtshoorn Courant
SABW	: Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek
S.A.C.A.	: South African Commercial Advertiser
S.W.E.	: South Western Echo (Riversdal)
VC	: Verbatim Copies
VRV	: Van Riebeeck-vereniging
WAT	: Woordeboek van die Afrikaanse taal
WNT	: Woordenboek der Nederlandsche taal

INLEIDING

Die doel van die ondersoek

Ten spyte van die belangrike bydrae wat die meubelmakers oor meer as drie eeue gelewer het t.o.v. die vervaardiging van een van die belangrikste gebruiksartikels in die Kaapse huishoudings, is daar nog min aandag aan dié onderwerp bestee. Slegs enkele navorsers soos H. Aucamp (1971), M. Baraitser en A. Obholzer (1971), J.L.M. Franken (1940) en J. Hoge (1946) verwys na enkele meubelmakers, timmermans, draaiers, voeërs en beeldsnyers wat meubels gemaak het. Daar is egter nog geensins 'n geheelbeeld saamgestel oor die herkoms van die Kaapse meubels en die vakmanne wat dit plaaslik vervaardig het nie.

Die doel van hierdie studie is om vas te stel wie die mense was wat die Kaapse meubels sedert die volksplanting plaaslik vervaardig het. Die studie het ook ten doel om, waar moontlik, te onderskei tussen die verskillende soorte vakmanne wat meubels gemaak het, nl. kabinetmakers, stoelmakers, draaiers, voeërs, beeldsnyers en timmermans.

Afbakening van terrein

Die tydperk wat deur die ondersoek gedek word, strek van 1652 tot 1900. Ná 1900 het meganisasie op 'n groot skaal plaasgevind en vind ons dat die enkeling se rol in die vervaardiging van meubels deur groter meubelfabrieke soos die Fechtters en Jonkers in Knysna en die Gerbers in George oorgeneem is. Meubelgereedskap het nā 1900 meer modern geraak en die klem het eerder op massaproduksie geval.

Die studie handel tot ongeveer 1750 oor die meubelmakers van die hele nedersetting, van Kaapstad tot Swellendam. Van 1750 tot 1900 het die grense van die nedersetting al hoe meer begin uitkring en word die studie beperk tot die Skiereiland en omgewing en die boomryke dele in Suidwes-Kaap, nl.

Caledon, Swellendam, Riversdal, Heidelberg, Mosselbaai, George, Oudtshoorn, Plettenbergbaai en Knysna. Dit handel ook oor die meubelmakers van die Langkloof en die Tsitsikammawoude.

Metode van ondersoek

Vir die eerste twee eeue tot ongeveer 1799 is die name van die vakmanne hoofsaaklik uit 'n argivale bron, nl. die monsterrolle in die VC-reeks, verkry. Daar is ook 'n studie van tersaaklike dagboeke, land- en reisbeskrywings en geslagsregisters gemaak.

Sedert die begin van die 19de eeu het die verskyning van die Cape of Good Hope Almanacs (C.o.G.H.A.) en verskeie koerante gedurende die eeu die bronnepotensiaal aansienlik vergroot. Die name van die vakmanne is veral uit die C.o.G.H.A. verkry. Verdere inligting is hoofsaaklik uit argivale bronne geput, o.a. die sterftekenisgewings in die MOOC-reeks, testamente uit dieselfde reeks en Memorials received uit die Colonial Office (CO)-reeks. Daar is ook verskeie verwysings na vakmanne in die koerante van dié tyd gevind.

Veldwerk is gedoen en verskeie onderhoude met informante gevoer, veral oor die vakmanne wat gedurende die 19de eeu in Kaapstad en omgewing en veral in die plattelandse gebiede gewerk het. Die gegewens wat uit die onderhoude na vore gekom het, is waar moontlik aan gedokumenteerde inligting getoets.

Evaluering van bronne en inligting

'n Deurlopende probleem was die gebrek aan spesifieke inligting oor meubelmakers in sekondêre bronne. Daar word egter in heelwat van die sekondêre bronne verwys na enkele van die vakmanne, veral in die stamregisters soos van M. Boucher (1984), C.C. de Villiers en C. Pama (1981), J. Hoge (1946), D.F. du T. Malherbe (1966) en E. Morse-Jones (1969).

Die aanwesigheid van sekere argivalia, bv. die monsterrolle in die VC-reeks, het die probleem in 'n groot mate oorkom. Verskeie name van timmermans wat van 1652 tot 1799 aan die Kaap gewerk het, word in die monsterrolle vermeld. Van 1800 tot 1899 is die name van vakmanne veral in die C.o.G.H.A. gevind. Die sterftekenisse van verskeie van die vakmanne is daarna gevind en dit het baie waardevolle inligting bevat, o.a. die ouers se name, plek van geboorte, name van eggenotes en kinders, beroep en plek van afsterwe. Die verskyning van koerante in die 19de eeu het ook heelwat meer inligting na vore gebring. Veral die advertensies in die koerante bevat waardevolle inligting oor die adresse van die vakmanne en die tipe meubels wat hulle gemaak het. Dit is dus veral sedert 1800 dat die kwaliteit van inligting mettertyd verbeter het.

Wat die mondelinge mededelings betref, is bevind dat die inligting wat getoets is aan gedokumenteerde bewyse in die meeste gevalle baie betroubaar was.

Aanbieding van stof

Die inleidende hoofstuk dek die situasie betreffende die maak van meubels onder invloed van die gildes in Nederland. Die situasie in Nederland sou in 'n groot mate die situasie aan die Kaap bepaal, aangesien van die vakmanne wat onder die gildes in Nederland gewerk het, later aan die Kaap sou werk.

Daarna volg drie hoofstukke oor die drie eeue: 1652-1700, 1701-1800 en 1801-1900. Die inleidende deel van elke hoofstuk handel oor die vervaardiging van Kaapse meubels. Die tweede deel van elke hoofstuk bestaan uit 'n lys van vakmanne wat in die onderskeie tydperke aan die Kaap gewerk het. In die lys van vakmanne word daar, waar moontlik, 'n onderskeid tussen die verskillende vakrigtings gemaak, bv. kabinetmakers, stoelmakers, draaiers, voeërs, beeldsnyers en timmermans. Die vakmanne word alfabeties onder die onderskeie vakrigtings vermeld. Die laaste hoofstuk wat oor die tydperk 1801-1900 handel, bevat ook 'n lys van timmermans en hulle adresse gedurende hulle verblyf aan die Kaap.

1. DIE GILDE

1.1 Die invloed van gildes op die ambagte aan die Kaap

In Europa het daar van die Middeleeue tot die einde van die 18de eeu gildes bestaan wat die werk en die lewe van die ambagsmanne in 'n groot mate beheer het. Ook wat die ontwikkeling van die meubelbedryf betref, het die gildes 'n belangrike bydrae gelewer.

In Nederland het die St.-Josefsgilde van Amsterdam die meubelbedryf onder sy beheer gehad. Tesame met die gildes in die res van Europa sou dit 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die meubelbedryf hier aan die Kaap speel, hoewel dit, soos later sal blyk, soms bloot indirek was. Die invloed wat die gilde op die ontwikkeling van die verskillende bedrywe aan die Kaap gehad het, kan aan die hand van die volgende verklaar word:

1. Toe die verversingspos in 1652 aan die Kaap gestig is, was die gildes in Nederland en die res van Europa in volle gang. Hoewel die gilde beslis nie hier aan die Kaap bestaan het nie, moes die nedersetters wel 'n deeglike kennis van die werksaamhede en standaarde daarvan gehad het, aangesien hulle van Europese lande afkomstig was en daar ongetwyfeld tot die een of ander gilde, afhangende van hulle ambag, sou behoort het. In die 17de eeu was daar 'n paar draaiers en verskeie skrynwerkers aan die Kaap werksaam, en hulle het waarskynlik 'n goeie kennis van die gildes se werksaamhede gehad. Dit kan aanvaar word dat hulle die kennis aan die Kaap toegepas het en dat die onderskeie bedrywe hier te lande op dié manier ontstaan en ontwikkel het.
2. Die gildes se invloed aan die Kaap sou tot aan die einde van die gildelewe in Europa voortduur, aangesien daar baie skepe na die Kaap gekom het en sodoende die nodige kommunikasieka-

naal geskep het. Daar was ook soms immigrante van Nederland en ander Europese lande wat na die Kaap gekom en hulle kennis met hulle saamgebring het. So is die stroompie van kultuurbeïnvloeding aan die loop gehou.

Om bogenoemde redes en omdat die stamlande heelwat bydraes tot die kulturele ontwikkeling van Suid-Afrika gelewer het, kan Suid-Afrika se kulturele ontwikkeling nie van sy stamlande losgemaak word nie, en is dit noodsaaklik om vir 'n studie van die meubelmakers hier ter plaatse na die vroegste vorm terug te gaan. Ons kyk hoofsaaklik na die St.-Josefsgilde as model vir die gildebedryf. Die enkele punte van ooreenkoms wat die meubelbedryf in Europa onder invloed van die gildes en die meubelbedryf hier aan die Kaap met mekaar gehad het, sal ook aangetoon word.

1.2 Die St.-Josefsgilde

1.2.1 Vroeë geskiedenis

In die vroeë geskiedenis van die gilde is daar groot leemtes, aangesien die gilde-argief waarvan die Amsterdamse St.-Josefsgilde 'n lid was, met enkele uitsonderings geheel en al verlore gegaan het. Daar bestaan egter wel 'n paar "gildebrieven requesten en keuren, die veelal in origineel bewaard gebleven zijn" wat die prentjie so effens inkleur (Scheurleer 1942:33). Tog: "Het beeld, dat wij ons van het gilde kunnen vormen, is dus zeker niet volledig, terwijl noodzakelijkwijze een aantal vragen onbeantwoord moet blijven" (Scheurleer 1942:33). Een van die vrae wat a.g.v. die verlies wat die gilde-argief gely het nie beantwoord kan word nie, is oor die presiese datum wanneer die St.-Josefsgilde ontstaan het. Scheurleer vermeld dat die oudste dokument of "keur" (proklamasie) wat betrekking het op die gilde

terugdateer tot 1413 (1942:33). Uit hierdie proklamasie blyk dit dat die meubelmakers deel was van die timmerlui, d.w.s. onder die woord timmerwerk is ook meubelmakery bedoel. Dit verklaar waarom daar nie 'n onderskeid tussen meubelmakers en timmermans in die Kaapse monsterrolle gemaak word nie.

Die samesmelting van smede en timmerliede in een gilde duur tot en met 20 Maart 1468 toe daar d.m.v. 'n proklamasie bepaal is dat die timmerliede in 'n selfstandige en onafhanklike gilde georganiseer sou word (Scheurleer 1942:33).

1.2.2 Sosiale karakter

Aanvanklik was die St.-Josefsgilde baie godsdienstig georiënteerd en vind ons dat hulle "een altaar in de Nieuwe Kerk, gewijd aan haar naamheilige St.-Josef" gehad het (Scheurleer 1942:33).

Na die Kerkhervorming wat tydens die 16de eeu in Europa plaasgevind het en waardeur die Protestantisme sy beslag gekry het, het die St.-Josefsgilde 'n meer wêreldse benadering gevolg (Chambers 1974:465; Scheurleer 1942:33). Dit blyk bv. uit 'n ordonnansie wat reeds in 1500 uitgevaardig is. Die ordonnansie het bepaal dat alle "gildebroeders en zusters" verplig was om een maal per jaar byeen te kom met die doel om fees te vier, te eet en te drink. Hiermee is gepoog om die onderlinge samehorigheid van die gildelede aan te wakker en te bevorder. Om die mense aan te moedig om die fees by te woon, was die lede verplig om hulle bydraes vir die fees te lewer al kon hulle dit nie self bywoon nie. Diegene wat onwillig was om die fees by te woon, is baie swaar gestraf en is selfs verbied om hulle ambag verder te beoefen. Om die gevoel van meelewing en samehorigheid binne die gilde verder uit te bou, was die lede verplig om die begrafnisse van ander lede by te woon (Scheurleer 1942:33-34). Uit die voor=

afgaande blyk dit dat die gilde die onderlinge band wat tussen sy lede bestaan het, wou versterk en in dié opsig het die gildes hulle veral toegespits op die beginsel van meelewing. Dit sou lei tot 'n beter werksatmosfeer wat weer tot gevolg sou hê dat die produk wat vervaardig is, se gehalte sou verbeter.

Gedurende 1578 het daar verdere veranderinge in die gilde plaasgevind en as gevolg daarvan het die godsdienstige karakter feitlik finaal verdwyn. Die gilde se gelde is daarna gebruik "ten behoeve van de arme en behoeftige gildebroeders en zusters" (Scheurleer 1942:33).

1.2.3 Die beheer van die gilde

In 1579 het die "overliede" (bestuur) die funksies van die "bosmeester" (voorsitter van die gilde se "bosse") oorgeneem en op dié manier beheer oor die bestuur van die gilde verkry. Die "bosse" was 'n polis wat in die 16de eeu deur die St.-Josefsgilde vir sy lede geskep is, sodat hulle finansiële bystand kon kry as hulle weens die een of ander siektetoestand of gebrek buite hulle beheer en mits dit weens natuurlike oorsake was, nie meer in staat was om hulle ambag te beoefen nie. (Scheurleer 1942:35). Die "overliede" het uit vier lede bestaan en een van die lede is as "deken" of voorsitter verkies. In 1590 word bepaal dat daar elke jaar twee timmermans en twee "kastenmakers" as "overliede" verkies moes word. Minstens een lid van elk van die twee groepe moes "een nuwe" lid wees. Dit het dus beteken dat die "overliede" elke jaar uit twee ou lede en twee nuwe lede sou bestaan. Dieselfde jaar word daar ook bepaal dat die gildeproef voortaan onder die "deken" se toesig afgelê moes word. In die jare daarna het die getal lede wat die "overliede" uitgemaak het, sporadies vermeerder en gedurende die 18de eeu was daar nie minder as twaalf nie (Scheurleer 1942:36).

1.2.4 Die gildeproef

Een van die hoofdoelstellings van die St.-Josefsgilde was om 'n standaard vas te stel wat sou sorg dat die produk wat hulle gelewer het, van 'n baie hoë gehalte sou wees. In 'n gildebrieff van 1524 lees ons van die eerste maatreëls wat getref is om die werk van al die lede aan dié hoë vereistes te laat voldoen. In die brief is bepaal dat 'n gildeproef deur al die aspirant-ambagsmanne afgelê moes word. Na die aflegging van so 'n proef sou die leerling tot 'n "gezel" bevorder word en dit het weer die deur na meesterskap en die selfstandige beoefening van die ambag geopen (Scheurleer 1942:34).

In 'n gildebrieff van 1524 word 'n deeglike omskrywing van die "kistenmakers"-proef gegee. Dit sou uit twee dele bestaan. Vir die eerste proef moes die leerlinge 'n "dressoir" wat algemeen in Europa gebruik is, maak (Scheurleer 1942:34). "Dressoir" is 'n kas met oop rakke waarop porselein geberg kon word. Dit was omtrent dieselfde as 'n buffet (Aronson 1977:63 & 178). Vir die tweede proef moes hulle 'n laat-Gotiese tafel en 'n bypassende stoel maak (Scheurleer 1942:34). In 1564 word die proef effens gewysig, hoewel die wysigings nie werklik die aard daarvan aangetas het nie. Daarna vind ons geen verdere bewyse dat die proef weer eens gewysig is nie en moet ons aanneem dat die bepalinge tot en met die opheffing van die gilde van krag gebly het (Scheurleer 1942:34).

Om te verseker dat die proef wel sou bydra om vakbekwaamheid in die hand te werk, is die volgende bepalinge neergelê:

1. Daar is drie proefmeesters deur die gildelede benoem en aangestel en hulle moes toesig hou oor die aflê van die proef.

2. In 1567 is d.m.v. 'n proklamasie bepaal dat die leerlinge aan 'n gildeleier se huis toegewys moes word om sy proef daar af te lê (Scheurleer 1942:35).
3. Net "poorters" (leerlinge) wat "inkomstegeld" betaal het en twee jaar lank by 'n Amsterdamse meester gewerk het, is tot die proef toegelaat. Dié werksbepaling was seker reeds in die 15de eeu van toepassing (Scheurleer 1942:43-44).

As gevolg van die streng voorwaardes wat daar vir die aflegging van die proef neergelê is, het slegs 'n paar vakleerlinge dit aangedurf. Die res het nie daarvoor kans gesien nie, maar nogtans hulle ambag beoefen. Vir die gilde het dit finansiële gevare ingehou en om dié wanpraktyk te voorkom, moes hulle verskeie bepalings daarteen uitvaardig. Hiervolgens sou die onopgeleides sowel as die meesters wat van hulle dienste gebruik gemaak het, swaar beboet word (Scheurleer 1942:35).

1.2.5 Maatreëls ter verbetering van die ambagte

Die gilde het drie maatreëls getref om die algemene standaarde van die ambagte te verhoog:

1. Beheer oor bedrog;
2. Beheer oor die aankoop van buitelandse produkte;
3. Pogings om kunsvaardigheid te verhoog.

Die maatreëls vir die beheer teen bedrog was veral gemik teen ambagsmanne wat sonder veel gewetenswroeging hulle klante bedrieg het. Om dit te verhoed het 'n proklamasie van 1675 bepaal dat "het

stoelmakers voortaan verboden was om stoelen van 'Appel- en Peerboomen hout' te schilderen alsof zij van Kersenhout gemaakt waren, en tevens om stoelen van Vurenhout voor 'Essen ... te verkoopen'" (Scheurleer 1942:35).

Met die beheer wat daar op buitelandse produkte geplaas is en met hulle beleid om plaaslik vervaardigde produkte te beskerm, het die gildes veel beteken vir die ontwikkeling van die plaaslike ambagte en het hulle meegehelp in die skepping van plaaslike stylvariasies (Scheurleer 1961:48). Deur 'n proklamasie van 1599 word gildelede verbied om enige houtwerk wat buite Amsterdam vervaardig is, buite die vooraf vasgestelde jaarmarkte te koop met die doel om dit weer teen 'n wins te verkoop. Na aanleiding van klagtes deur die gildelede word in 1741 'n proklamasie uitgevaardig wat bepaal dat dit voortaan onwettig sou wees om ingevoerde tafels, stoele of enige artikel wat van hout gemaak was, in Amsterdam te koop en te verkoop. Enige oortreding van dié proklamasie sou met 'n boete van 50 gulden gestraf word. Op 29 Januarie 1771 word 'n verdere proklamasie uitgevaardig wat bepaal het dat die verkoop van enige buitelandse produk buite die jaarmarkte, met 300 guldens strafbaar was (Scheurleer 1942:-39-41).

Onder invloed van die gildes vind ons 'n goeie gees van samehorigheid, 'n verhoogde produktiwiteit en 'n eenheid van opvatting wat die kunsvaardigheid baie beslis laat verbeter het. Versierings op die meubelstukke is bv. baie kunstig gedoen (Sluiterman 1947:28-29).

1.2.6 Die "gildepand"

Teen die einde van die 16de eeu vind ons 'n betekenisvolle ontwikkeling in die gildebedrywigheede. Daar is besluit om met 'n "gil-

depand" of verkoopshuis te begin. Die "gildepand" van die Amsterdamse St.-Josefsgilde is geskoei op die voorbeeld van die "gildepand" in Antwerpen. In Antwerpen was die doel van die "gildepand" om produkte wat deur plaaslike nywerhede vervaardig is, te verkoop. In Amsterdam word 'n soortgelyke pand gestig met die verskil dat hy hom uitsluitlik toegelê het op die verkoop van meubels. Die instelling het as die "kistenmakerspand" bekend gestaan en was in die vroeëre kapel van die St.-Jorishof geleë (Scheurleer 1961:41). In 1629 is die pand aansienlik uitgebrei toe grond bygekoop is (Scheurleer 1942:38). Uit 'n ekonomiese oogpunt was die instelling van die kistenmakerspand 'n belangrike gebeurtenis en die welslae daarvan blyk uit die feit dat die pand vir twee eeue lank 'n bloeiende bestaan gehad het (Scheurleer 1961:41). Dit blyk dus asof die pand tot ongeveer die einde van die 18de eeu bestaan het.

Aanvanklik kon enige gildelid sy meubels in die pand vertoon. Die pand het drie verdiepings gehad en op elkeen van die onderskeie vlakke kon net sekere artikels uitgestal word. Op die onderste vlak kon elkeen van die gildelede 'n kas, 'n buffet of 'n "kevie", uitstal. 'n "Kevie" word ook genoem 'n "keefkast", d.w.s. 'n "Friese kast met zware gladde kap" (Berendsen 1960:77; Scheurleer 1942:39). Volgens Van Dale is 'n "keeft" 'n "twee- of vierdeurkast van Friese herkomst, met gestoken ornamenten waarin vogelfiguren voorkom" (Van Dale : 1976). Onder die woord "Kievit" vermeld Van Dale dat dit 'n kas met traliede is (Van Dale : 1976). Op die eerste verdieping kon elke gildelid hoogstens twee "trecktafels" ('n tafel met 'n verlengstuk of uitskuiptafel), 'n skryftafel of 'n "schabellen" ('n stoel met 'n soliede houtrugleuning) uitstal (Aronson 1977:386; Scheurleer 1942:39).

In 1656 word die voorwaardes van uitstalling baie strenger toe bepaal is dat net lede wat "in het publyck, ende met opene vensters" hulle ambag beoefen, toegelaat word om in die "gildepand"

uit te stal (Scheurleer 1961:41). Dit is nie duidelik hoekom die bepaling ingestel is nie en Scheurleer voer geen redes daarvoor aan nie.

Vir die versorging van die "gildepand" is 'n vrou aangestel en beëdig. Die pandvrou moes toesien dat die pand skoon gehou word en dat die meubels skoon is, en sy moes ook oor die verkoop van die meubels toesig hou. Dié pandvrou is deur 'n vrou van een van die gildelede bygestaan. Dié vrou moes vir agt dae in die pand werk voordat sy deur die vrou van 'n ander gildelid vervang is. Op dié wyse is die vrouens van die gildelede by die aktiwiteite van die gilde betrek (Scheurleer 1961:41-42).

Omdat met groot hoeveelhede meubels gewerk is en probleme i.v.m. eienaarskap kon ontstaan, moes elke pandlid sy meubels van sy betrokke kenteken voorsien en 'n prys daarby plaas. Die feit dat op geeneen van die bestaande Hollandse meubels enige van die kentekens voorkom nie, is moontlik 'n bewys dat die bepaling nie baie nougeset nagekom is nie. Dit is natuurlik ook moontlik dat die meubelmaker se kenteken verwyder is wanneer die meubelstuk verkoop is (Scheurleer 1942:41-42). 'n Mens kan natuurlik ook byvoeg dat van die meubelmakerskentekens deur die eeue verlore kon gegaan het aangesien meubels gebruiksartikels is en soms herstel en gerestoureer word.

Die "gildepand" het nie net vir die gilde baie beteken nie, maar ook vir Amsterdam in die geheel was dit 'n aanwinst. Dit was beslis 'n aantrekkingskrag vir besoekers en in verskeie reisbeskrywings word daar van die "gildepand" melding gemaak (Scheurleer 1942:41-42).

1.3 Spesialisasie in die meubelbedryf

Tot in die 16de eeu was daar weinig spesialisasie in die bedryf.

Dit het aanleiding gegee tot dispute oor die relatiewe verantwoordelikhede van die verskillende groepe in die bedryf. Een van die belangrikste uitvloeisels van die St.-Josefsgilde was juis dat sodanige spesialisasie onder sy leiding plaasgevind het.

Die aanleiding tot die geskil wat op die ou end sou uitloop op 'n hofbeslissing, was die feit dat die "kistenmakers" vir 'n geruime tyd self die versierings en snywerk op meubelstukke wat hulle vervaardig het, aangebring het. Dit het die beeldsnyers ontevrede gemaak omdat dit hulle van waardevolle werk beroof het, en hulle gevoel het dat die "kistenmakers" nou op die beeldsnyers se terrein oortree het. Die beeldsnyers was die mense wat die snywerk aan die meubels gedoen het (Berendsen 1960:10). Die gevolg was dat 'n proklamasie van 1550 bepaal het dat "kistenmakers" nie meer toegelaat sou word om hulle eie meubelstukke op so 'n wyse te versier dat hulle op die terrein van die beeldsnyers oortree nie. Indien 'n "kistenmaker" sy eie meubelstukke wou versier, kon hy dit doen deur lidmaatskap van die beeldsnyersgilde te bekom. Dit het beteken dat die "kistenmaker" 'n "contributie" of ledegeld aan die ander gilde moes betaal. Die gevolg was 'n baie noue samewerking tussen die twee groepe wat baie nuwe werksmoontlikhede ingehou het (Berendsen 1960:10).

Wat die spesialisasie in die bedryf elders betref, het die Alkmaarse gilde uitdruklik bepaal dat die snywerk op enige meubelstuk net deur 'n beeldsnyer gedoen moes word. In Utrecht vind ons dat daar reeds van die middel van die 16de eeu 'n soortgelyke bepaling was. "Kistenmakers" kon wel elementêre versierings aanbring, maar die snywerk moes deur beeldsnyers gedoen word.

Dit was nie die enigste spesialisasie in die meubelbedryf nie, want in die 17de eeu het die St.-Josefsgilde bepaal dat daar ook 'n onderskeid tussen die sg. "witwerkers" en meubelmakers gemaak moes word. In teenstelling met die eintlike meubelmakers, die "kistenmakers", is die "witwerkers" net toegelaat om met sagte en

ongeverfde hout te werk. Van die hout moes hulle dan voorwerpe van suiwer praktiese aard maak, bv. "schoppen", d.w.s. skopgrawe (Van Dale 1976:2176), "koffers" en "gieters".

Daar was verder spesialisasie in die ander afdelings van die houtbedryf, bv. wat die meubelmakers en houtskilders betref. Ook tussen dié twee groepe lei dit tot 'n baie noue samewerking. In 1698 word bv. 'n kontrak tussen 'n witwerker en 'n skilder gesluit waarvolgens die betrokke skilder teen 'n vasgestelde tarief net die meubels en voorwerpe sou skilder wat deur die betrokke witwerker vervaardig is, en in ruil moes die witwerker net van dié skilder se dienste gebruik maak (Scheurleer 1942:38).

1.4 Die ondergang van die gildes

Die gebeure in Frankryk gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu was 'n direkte oorsaak van die afskaffing van die gildes in Nederland (Scheurleer 1942:42). In 1789 het die Franse Revolusie begin. In 1793 het Frankryk teen Nederland oorlog verklaar en in 1795 het Willem V na Engeland gevlug toe die Franse Nederland ingeval het. Die Nederlandse patriotte het dit as 'n ideale geleentheid beskou om self in opstand te kom teen die heerskappy van Willem V, en op dié wyse het die revolusie na Nederland oorgewaai en is die Bataafse Republiek gestig (Grote Winkler Prins III 1979:415).

Die gees van die revolusie was reëlreg in teenstelling met die monopolistiese aard van die gildes. Die gildes het soos reeds aangedui, geen ruimte vir individualiteit en vrye optrede gelaat nie en was gevolglik nie vir die revolusionêres aanvaarbaar nie. Die gevolg was dat die nuwe grondwet van die Bataafse Republiek in 1798 bepaal het dat alle gildes opgehef word en dat dit voortaan elkeen sou vrystaan om die ambag van sy keuse te beoefen

sonder om aan die reëls en regulasies van die gildes onderhorig te wees.

Die summiere opheffing van alle gildeaktiwiteite het egter praktiese probleme laat ontstaan. Gevolglik is van die ou gildebepalings weer in 1803 ingestel, hoewel die gildes self nie meer amptelike status geniet het nie.

In 1812 is weer gepoog om die gildes volkome te ontbind, maar dit sou eers in 1818 gebeur toe 'n koninklike dekreet bepaal het dat dit finaal afgeskaf word (Scheurleer 1942:42-43).

1.5 Gevolgtrekking

Dit is baie moeilik om die gildes se invloed na waarde te skat. Die ontwikkeling van eenheid en broederskap binne die onderskeie bedrywe was waarskynlik een van die grootste pluspunte van die gildes. Die neiging tot konserwatisme wat in die gildes geheers het, sou weliswaar tot verstarring kon lei, maar in die algemeen het dit vir die bedrywe, o.m. die meubelbedryf, net voordeel ingehou, bv.:

1. Dit het plaaslik geproduseerde produkte beskerm.
2. Dit het 'n belangrike bydrae tot die sosiale lewe van die gildelede gelewer.
3. Dit het 'n maatskaplike hulpverleningsfonds of "bosse" vir die gildelede geskep.
4. Dit het die gehalte van die meubels en die standaard van die ambag in die algemeen verhoog.
5. Dit het spesialisasie in die bedryf aangehelp.

2. DIE TYDPERK 1652 - 1700

2.1 Die herkoms van die Oud-Kaapse meubels

Afgesien van 'n enkele verwysing na 'n kistenmaker is daar geen verdere aanduidings van meubelmakers wat in die 17de eeu aan die Kaap gewerk het nie. In die lys van vakmanne aan die einde van die hoofstuk word die name van 89 timmermans en 7 draaiers egter vermeld. Aan die hand daarvan en die volgende faktore kan aangeneem word dat meubels wel plaaslik vervaardig is.

2.1.1 Voorbeelde van meubels wat plaaslik vervaardig is

Hoewel daar nie veel voorbeelde is van meubels wat vermoedelik plaaslik van plaaslike hout vervaardig is nie, kan die volgende tog genoem word:

1. 'n Geelhoutkoskas in die Hugenote-gedenkmuseum op Franschoek. Die koskas dateer waarskynlik uit die laat 17de of vroeë 18de eeu (Baraitser & Obholzer 1978:260; Olivier 1986:onderhoud).
2. 'n Kabinet te Groot Constantia. Die kabinet is van djati en stinkhout gemaak en dateer vermoedelik uit die laat 17de eeu. Die kabinet het 'n swaar, reguit kroon, twee deure met kus-singpanele, twee laaie onder en vyf platbalvoetstukke (Katalogus Groot Constantia:229).
3. Twee hoekstoele in Koopmans-de Wet-huis. Die stoele is van stinkhout gemaak en dateer uit die laat 17de of vroeë 18de eeu. Die stoele het rottangsettings (Horner 1984:30(13)).
4. 'n Armstoel in die Koopmans-de Wet-huis. Die stoel is van

Oos-Indiese ebbhout gemaak, is waarskynlik Kaaps en dateer uit die laat 17de of vroeë 18de eeu (Olivier 1985:20-21). Die stoel het tolletjiegedraaide pote en rugstyle, twee rugsporte verbind met vyf ruglatte wat ook tolletjiegedraai is, 'n versierde boonste rugsport, armleunings, 'n rottangsetting en 'n vierkantspanraam, waarvan die voorste sport eeffe verweer is.

5. 'n Hoekstoel wat van stinkhout en kasuarishout gemaak is en wat uit die laat 17de of vroeë 18de eeu dateer. Die stoel het 'n rottangsetting (Atmore 1976:60 & 97; ongelukkig vermeld Atmore nie waar hy die stoel gesien het nie).
6. 'n Tolletjiestoel wat van vrugtehout gemaak is en wat uit die laat 17de eeu of vroeë 18de eeu dateer (Atmore 1976:62 & 97; ongelukkig vermeld Atmore ook hier nie waar hy die stoel gesien het nie).

Daar bestaan ook voorbeelde van meubelstukke wat dateer uit die 17de eeu en van oorsee af ingevoer is:

1. 'n Bataafse armstoel van Oosterse ebbhout wat in die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum in Kaapstad staan (Olivier 1985:18-19).
2. 'n Stoel van Oosterse ebbhout wat in die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad, staan (Olivier 1985:20).

2.1.2 Die aanwesigheid van 'n "kistenmaker"

In die Generale monsterrol van 1657 word daar vermeld dat Pierre de Hamber as 'n "kistenmaker" aan die Kaap gewerk het. Sover vasgestel kan word, is dit die enigste verwysing na 'n "kistenmaker" in die monsterrolle. In die meeste van die Nederlandse woordeboe-

ke wat geraadpleeg is, word 'n "kistenmaker" as 'n doodskismaker beskryf. In die Woordenboek der Nederlandsche taal word die volgende beskrywing egter aangebied: "Ambachtsman die kisten en ander schrijmakerswerk vervaardigt; schrijnwerker, kastenmaker; meubelmaker" (WNT 1941). As die gegewens saam met dié van hoofstuk 1 in gedagte gehou word, bestaan daar weinig twyfel oor die feit dat De Hamber wel meubels gemaak het. Die rol van die "kistenmakers" in die vervaardiging van meubels in Nederland gedurende die tyd van die gildes word beklemtoon deur 'n "kistenmakers"-proef wat in 1524 ingestel is. Die proef het uit twee dele bestaan. Vir die eerste proef moes die leerlinge 'n buffet maak en vir die tweede proef 'n Laat Gotiese tafel en 'n bypassende stoel (Scheurleer 1942:34).

2.1.3 Die aanwesigheid van draaiers

Die aanwesigheid van sewe draaiers gedurende dié tyd is 'n aanduiding dat daar wel meubels aan die Kaap gemaak is. Die draaiers was die mense wat die draaiwerk aan die meubels gedoen het en draaiwerk is inderdaad een van die oudste tegnieke of prosesse waarmee hout in die verlede bewerk is, en dit word vandag nog steeds gedoen (Aronson 1977:445).

Gedurende die tyd van die gildes in Europa, is die draaiers saam met ander houtwerkers, bv. die timmermans, in een gilde aangesluit. In die 17de en 18de eeu het 'n belangrike ontwikkeling in die draaiersberoep van Engeland plaasgevind toe daar 'n dispuut ontstaan het oor wat die presiese funksies van die draaiers, voërs, skrynwerkers en beeldsnyers was. Die probleem was dat almal in daardie stadium al die houtwerkmetodes toegepas het en sodoende op mekaar se terreine oortree het. Uiteindelik is die saak vir 'n beslissing na 'n hof verwys, en in 1633 bepaal die hof dat draaiwerk en voegwerk twee verskillende bedrywe is; dat die

voeërs nie meer toegelaat sou word om self draaiwerk te doen nie en hulle meubels vir die doel na draaiers moes neem; en dat draaiers voortaan net toegelaat sou word om meubels met tap-en-gatkonstruksies, swaeltertvoë, gegomde of tapperverbindings te maak (Glopag 1964:62).

Omdat die gildebepalings nie aan die Kaap toegepas is nie, kan ons aanneem dat die draaiers alles i.v.m. die vervaardiging van meubels self kon gedoen het.

2.1.4 Timmermans

Aangesien daar so min draaiers aan die Kaap werksaam was en omdat daar wel meubels aan die Kaap vervaardig is, ontstaan die vermoede dat die timmerlui ook meubels gemaak het. Uit die aard van hulle opleiding sou hulle wel daartoe in staat gewees het.

Later toe die boere al hoe dieper die binneland begin intrek het, vind ons dat hulle hoofsaaklik op hulleself aangewese was om in hul eie behoeftes te voorsien. In die lys van meubelmakers aan die einde van die hoofstuk vind ons dat heelparty van die boere eertyds timmermans was. Hierdie boere sou oor die nodige vaardigheid en gereedskap beskik het om meubels vir hulleself en ook vir ander boere te maak.

Dit lyk asof dieselfde situasie wat in die gildes ontstaan het, nl. dat daar nie altyd 'n onderskeid tussen die verskillende houtwerkers se aktiwiteite getref is nie, ook aan die Kaap voorgekom het.

Gedurende die 17de en 18de eeu word daar net van timmermans, draaiers en voeërs gepraat en is daar geen verwysings na meubelmakers nie. In die 19de eeu word daar vir die eerste maal

'n onderskeid tussen timmermans en meubelmakers gemaak.

2.1.5 Gereedskap

Ons kry 'n interessante kykie in die toerusting van 'n timmerman uit 'n lys van die gereedskap wat Pieter Paulusse Cleij agtergelaat het toe hy die Kaap op 16 Januarie 1659 verlaat het (Bosman 1957:41). Daar is geen bewys dat dié gereedskap spesifiek vir meubelmaak gebruik is nie, maar dit kon wel daarvoor aangewend gewees het.

- 1 "voorloper", d.i. 'n swaar skaaf wat die ergste grofheid van die hout moes wegskaaf.
- 1 "reetschaef", d.i. 'n skaaf met twee handvatsels om reeds geskaafde hout glad te maak.
- 2 "binne-beschothploegen", d.i. waarmee die ploeg of tongetjie geskaaf word wat in die groef van 'n ander plank pas. Ook 'n ploegskaaf genoem.
- 1 "glasponder", d.i. 'n glasgewig van een pond.
- 2 "cruys ojijff", d.i. skawe om ojief te skaaf, 'n lys wat half hol en half bol is.
- 1 "gorfschaeff" of "gerfschaeff", d.i. 'n skaaf wat die ruheid van werkhout moet wegskaaf.
- 2 "avegaers", d.i. bore wat met 'n kruishout gedraai word.
- 2 "raemsagen", d.i. dieselfde as die Engelse "frame saw" of die spansaag wat ons vandag ken.

- 1 "craensagh", d.i. 'n saag om bome deur te saag.
- 1 "schulpsaegh", d.i. 'n saag om balke in lengte en planke tot latte te saag (Van Dale 1976:2194).
- 1 "schop", d.i. 'n skopgraaf.
- 1 "spae", d.i. 'n graaf.
- 1 "trecqsaagh", d.i. 'n "lange saag met twee handvatsels in het vlak van het zaagblad, gebruik voor het dwarsdoorzagen van bome en ruw hout" (Van Dale 1984).
- 2 "boorschaeven" d.i. dieselfde as sponningskawe. Dit is 'n "smalle schaaf met een smalle band aan de ene zijde van het hout voor het uitschaven van sponningen" (Van Dale 1984).

Die volgende verg geen verduideliking nie:

- 5 "oude schaven"
- 5 "beytels"
- 2 "bijlen"
- 1 "slijpsteen"
- 1 "yser potje"

Dan was daar ook twee "cruyseerschaven", maar daar kan nie vasgestel word wat dit was nie.

2.1.6 Mense wat meubels vir eie gebruik gemaak het

Vandag is dit nog algemeen dat mense wat nie meubelmakers van beroep is nie, vir hulleself en ander mense meubels maak. In die lys van meubelmakers van die 19de eeu is daar verskeie verwysings na sulke mense en dit is heel moontlik dat daar gedurende die 17de en 18de eeu ook mense was wat meubels vir hulle eie gebruik gemaak het. Dit is vanselfsprekend onmoontlik om vas te stel wie hulle was.

2.1.7 Teenwoordigheid van slawe

Volgens die bronne blyk dit dat verskeie skrywers oor die meubelmakery in die 17de eeu die rol wat die slawe in dié verband gespeel het, baie hoog skat. Blommaert skryf dat "wanneer men oude beschrijvingen van de Kaapkolonie zoals die van Kolbe, Mentzel, Lichtenstein, Burchell en ander naleest, dan wordt men telkens weer getroffen door de belangrijke rol die daarin aan de slavenbevolking wordt toebedeeld in't maatschappelik en ekonomies leven van de XVIIIe en't begin der XIXe eeuw" (1938:1).

Dan gaan Blommaert voort om 'n beskrywing te gee van die rol wat die slawe op die verskillende terreine van die vroeë Kaapse lewe gespeel het. Dit kom kortliks daarop neer dat die slawe 'n aandeel gehad het in feitlik alle plaaslike bedrywighede, hetsy as hulp vir die boere as bediendes, as handearbeiders, in die kleinhandel, by die feestelikhede (bv. as musikante), of selfs hulle meelewing in die huisgodsdienste (1938:1).

Feitlik al die skrywers oor die slawe maak melding daarvan dat die Oosterse slawe goeie handearbeiders was en dat hulle op die meeste amagsterreine aangetref is. Simon van der Stel skryf in 'n brief, gedateer 12 April 1688, dat die slawe o.a. as messelaars

smeede, baksteenmakers, bakkers en skrynwerkers gewerk het (Böeseken 1977:49-50). Daar bestaan genoeg aanduidings dat die timmermans ook meubels gemaak het en daarom kan daar aanvaar word dat die slawe wat timmermans was ook meubelmakers kon gewees het. Hoewel die meeste van die skrywers, bv. Trotter, Fairbridge, Hinckley, Van Onselen en Pearse, aanvaar dat die Oosterse invloed in die Kaapse meubels die werk van die Oosterse slawe was (Olivier 1985:16), ontbreek bewyse. Dit blyk ook dat Atmore skepties staan teenoor die rol van slawe in ons meubelmakers-tradisie. Hy het dit veral daarteen dat baie van die meubels in dié tyd as "slawemeubels" beskryf word en dat baie van die Kaapse meubels met Oosterse kenmerke na bewering die werk was van Oosterse slawe. Hy sê dat tensy die slawe onderrig was in meubelmakery, daar geen rede is om te glo dat hulle die meubels vervaardig het nie. Hy sê voorts dat baie van die meubels as veeboermeubels beskou moet word, ofskoon daar by die veeboere baie min slawe werksaam was (1965:65).

Olivier wys daarop dat baie van die Kompanjiesamptenare, bv. kommandeur Van Riebeeck en Wagenaar, in die Ooste gewerk het en vertrouwd was met die kunste en lewenswyse van dié streek. Die amptenare kon dus ook verantwoordelik gewees het vir die aanwezigheid van die Oosterse invloed in die Kaapse meubels (Olivier 1985:16). Desnieteenstaande kan 'n mens tog aanvaar dat die Oosterse slawe ook invloed uitgeoefen het.

2.1.8 Die Franse Hugenote

Op 23 Oktober 1685 het Lodewyk XIV die Edik van Nantes in Frankryk herroep. Dit was die einde van geloofsvryheid vir die Protestante en baie van hulle het na ander lande gevlug, o.m. Engeland, Duitsland en Nederland. Volgens Graham Botha het ongeveer 224 van die Franse Hugenote as enkelinge of met hul ge-

sinne na die Kaap gekom. Hulle het in 1688 aan die Kaap ge-arriveer.

Die Kaapse owerheid het veral na mense gesoek wat hulle op die meer afgeleë plekke kon vestig. Die Franse families het hier uitkoms gebring en hulle is saam met enkele Nederlandse gesinne o.m. na die Paarl en Stellenbosch gestuur.

Van die Hugenote was oorspronklik timmermans, nl. Josue Cellier van Orleans, Jacques Pinard en Daniel Nourtier (Botha 1939:58).

2.2 Lys van vakmanne

2.2.1 "Kistenmakers"

DE HAMBER, Pierre

Pierre de Hamber se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1657 word hy as "kistenmaker" aangegee. Dit is sover vasgestel kan word die enigste verwysing na 'n "kistenmaker" wat aan die Kaap gewerk het (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1657). Soos reeds aangedui, was die "kistenmakers" baie nou gemoeid by die maak van meubels in Nederland en aan die hand van die beskikbare gegewens kan daar met redelike sekerheid aangeneem word dat De Hamber wel meubels gemaak het.

2.2.2 Timmermans

ABRAMS, Bastiaan

Abrams was afkomstig van "Heijsden" en in die monsterrolle van

1668 tot 1669 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1668-1669).

ABRAMSZ, Cornelis

Cornelis Abramsz was afkomstig van Zee en in die monsterrol van 1669 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1669).

ALDERSEN, Jacobus

Jacobus Aldersen was oorspronklik van Zee en in die monsterrol van 1699 word hy as timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

ANDRIES, Jacob

Jacob Andries was afkomstig van Driest en in die monsterrol van 1693 word hy as timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1693).

ARENDS, Willem

Willem Arends se stad van herkoms was Amsterdam en in die monsterrol van 1662 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1662).

BACKER, Jacob Jacobsz

Jacob Backer was afkomstig van Zaandam in Nederland en in die

monsterrolle van 1660 tot 1661 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1660-1661).

BARRET, Elias Pieter

Elias Barret was afkomstig van "Trammelade" en in die monsterrol van 1656 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1656).

BERT, Aert Jans

Aert Bert se stad van herkoms was Amsterdam en in die monsterrol van 1667 word hy as timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667).

BOGAARD, Jacob

Jacob Bogaard was afkomstig van Willemstad in Nederland en in die monsterrol van 1699 word hy as 'n timmerman aangegee (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

BRAS, Jan

Jan Bras se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1670 word hy as 'n timmerman aangegee (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1670).

CAREN, Claas Pieters

Caren se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van

1699 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

CELLIER, Josué

Alternatiewe spellings van sy van is Celliers, Cellie, Cilliers, Sellier. Josué Cellier is op 1677 in Orleans , Frankryk, gebore. Later het hy hom as 'n timmerman bekwaam, maar hy het ook 'n baie goeie kennis van die landbou, veral wynbou, gehad. In 1700 het Cellier en sy vrou, Elizabeth Couvret, wat in 1676 te Orleans gebore is, met die Reijgersdaal na die Kaap gekom. Hy vestig hom in Drakenstein en op sy plaas De Orleans het Cellier hom hoofsaaklik op die landbou toegelê. Cellier sterf in Oktober 1721 en laat sy vrou en tien kinders, vyf seuns en vyf dogters, agter (Botha 1939:74; Kannemeyer 1940:29-30; Redelinghuys 1954:58-59). Volgens Colenbrander het Cellier elf kinders gehad, maar die een is voor hom oorlede (Colenbrander 1964:30).

Na Cellier se dood is sy vrou, Elizabeth, met die Hugenoot Paul Roux getroud. Die Voortrekker Sarel Cilliers en die digter Jan F.E. Celliers is o.a. van Cellier se afstammeling (Redelinghuys 1954:58-59).

Cellier was dus 'n timmerman wat later gaan boer het. Hy sou op grond van sy kennis van die timmermansbedryf die vermoë gehad het om meubels vir hom en sy gesin te vervaardig.

CHRISTIAANS, Juriaans

Juriaans Christiaans se stad van herkoms was Amsterdam en in die monsterrol van 1667 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667).

CLAESS, Albert

Albert Claess was afkomstig van Franeker in Nederland (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1656). In 1653 het hy met die Vogel Phoenix na die Kaap gekom en hier het hy hom as 'n huis-timmerman bekwaam waarvoor hy twintig gulden per maand ontvang het (Böeseken 1957:53). In die monsterrol van 1656 word hy as 'n baastimmerman vermeld.

CLEIJ/KLEIJ, Pieter Paulusse

Pieter Cleij van Delft word in die monsterrol van 1658 as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1658). Die inligting wat oor Cleij beskikbaar is, dui daarop dat hy 'n baie interessante mens was, dog iemand met baie teenstrydighede. Hoewel Cleij baie goed vir sy slawe gesorg het, het 'n paar van hulle een nag gedros (Böeseken 1977:18; Thom 1954:329).

Op 7 Desember 1658 was Cleij en ene Dirck Vreem in 'n mesgeveg betrokke. Vreem is baie ernstig gewond en daar is gevrees dat hy sou sterf (Thom 1954:386). Dit was die einde van Cleij se loopbaan as timmerman. Hierna vlug hy die land in, maar op 9 Desember 1658 word hy gearresteer. Vreem sterf op 14 Desember 1658 en Cleij moes teregstaan op aanklag van moord. Hy slaag egter daarin om te ontsnap en in die inskrywing vir 7 Mei 1659 in Van Riebeeck se Dagregister word vermeld dat die soektog na Cleij vergeefs was en dat daar 'n vermoede is dat hy met die Engelse skip die Barbados Marchandt gevlug het (Bosman 1957:40).

Nie alleen het Cleij moontlike vervolging ontduik nie, maar het die Kompanjie ten tye van sy vlug driehonderd gulden geskuld (De Wet 1981:65&160). Daar was ook 'n aantal ander eise teen Cleij

o.a. vir drank ter waarde van veertien gulden en agt stuiwers wat hy nooit betaal het nie (Thom 1958:42).

CORNELIS, Cornelis (alias Kees) (Thom 1958:3)

Cornelis was afkomstig van Haarlem en in 1652 het hy met die skip Maïacca by die Kaap aangekom (Böeseken 1957:72). Gedurende die jare 1652 tot 1656 was Cornelis "bosschieter". "Bos" is eintlik bus en "bus" is 'n afkorting vir donderbus, d.w.s. "donderbuschieter" of, soos ons dit ken, 'n skutter (De Wet 1986:onderhoud)). As "bosschieter" het hy twaalf gulden per maand verdien. Later is hy egter op "sijn versoucq, ende bequamheijt tot timmerman aangenomen" waarvoor hy sestien gulden per maand ontvang het (Böeseken 1957:72). Gedurende die jare 1657 tot 1658 het Cornelis 'n betrekking as timmerman aan die Kaap beklee (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1657-1658).

Voordat Cornelis sy tydperk as timmerman uitgedien het, is hy as waarnemende hoof-timmerman aangestel. Cornelis het die tydelike pos baie bevredigend gevul en dit tesame met die feit dat hy ook 'n goeie skeepstimmerman was, besorg aan hom die permanente aanstelling as hoof-timmerman teen dertig gulden per maand. Die loon het in werking getree van die eerste dag wat Cornelis as tydelike baastimmerman waargeneem het (Thom 1958:19).

Cornelis het ook vir 'n tyd lank op Robbeneiland diens gedoen en ons lees dat hy aan boord van die Schapenjacht van Robbeneiland na die Kaap terugkeer. Op 24 Januarie 1659 vaar hy met dieselfde boot na Robbeneiland, waar hy toesig oor die bouwerke moes hou (Thom 1958:4&6).

CORNELIS, Dirk

Dirk Cornelis was oorspronklik van Bodegrave, 'n dorpie in Suid-

Holland (Thom 1954:344). Ons vroegste kennismaking met Dirk Cornelis is in 1658. Op 28 September van dié jaar het Cornelis en Michiel Bartholomeus van Swolle skuld beken op 'n aanklag van veediefstal (Thom 1954:344). Saam met 'n ene Willem Pietersz word Cornelis en Bartholomeus tot vyf jaar tronkstraf gevonniss. Hulle gedrag gedurende die tydperk van gevangenisskap was so goed dat hulle teen die einde van 1659 ontslaan word en toegelaat is om as timmerman te werk (Böeseken 1957:224).

CORNELIS, Jasper

Jasper Cornelis het met de Hoecker de Pimpel by die Kaap aangekom en daarna as hoof-timmerman gewerk. Op 10 Mei 1666 sterf hy in die hospitaal in Kaapstad (Böeseken 1973:259).

CORNELISZ, Leenderd/Leendert

Leenderd Cornelisz was afkomstig van Zevenhuizen (K.A.:VC 39 Deel 1 Generale Monsterrollen 1660). Uit die inligting wat daar oor Cornelisz beskikbaar is, kom ons agter dat hy op feitlik elke gebied van die houtbedryf aan die Kaap werksaam was.

Cornelisz se grootste bydrae lê waarskynlik in houtvoorsiening. Op 26 Oktober 1657 word 'n stuk grond in die "Bosheuvel" naby die "Bosbergen" op sy versoek aan hom toegeken. Cornelisz moes help sorg dat daar op 'n sinvolle wyse in die behoeftes van die Kompanjie en die vryliede voorsien word. Van die bome wat hy in die gebied gekap het, moes hy planke en balke vir die Kompanjie saag, hoofsaaklik vir boudoeleindes. Voorts moes hy ook onderneem om vyftien jaar lank 'n vryburger te bly en om sy vrou by die eerste geleentheid na die Kaap te laat kom (Thom 1954:164-165).

Die stuk bos is aan Cornelisz toegeken hoofsaaklik omdat dit die Kompanjie in 'n groot mate sou onthef van die taak om hout te verskaf. Cornelisz het die stuk grond "Leenenbosch" genoem (Böeseken 1973:107).

Daar is aanvanklik bepaal dat Cornelisz die houtbos op eie koste moes ontgin. Dit het egter soveel kapitaal vereis dat hy in 1658 reeds 1 290 gulden 4 stuivers en 4 pennings aan die Kompanjie geskuld het (De Wet 1981:80). Hy het ook voortdurend arbeidsprobleme gehad omdat sy slawe weggeloop het. Dit tesame met sy skuld het aanleiding gegee tot sy finansiële ondergang. Hy kon nie meer sy knegte se lone betaal nie en die uiteinde was dat hy die Politieke Raad versoek het om hom weer in diens te neem (De Wet 1981:80).

Cornelisz was egter nie alleen 'n houtkapper wat sy eie bos bewerk het nie, maar in die monsterrolle van 1660 tot 1662 word hy ook as 'n timmerman aangegee (K.A.:VC 39 Deel 1 Generale Monsterrollen 1660-1662).

Cornelisz het benewens sy aandeel aan die houtbedryf ook op administratiewe gebied 'n bydrae gelewer. Op 1 Mei 1660 is hy en drie ander vryburgers, Jacob Cloete, Wouter Cornelis en Joris Jansen, tot lede van die Burgerraad benoem. Die raad het uit koloniste bestaan en het wetgewende mag besit. Wouter Cornelis is as senior raadslid benoem en Leenderd Cornelisz tot tweede raadslid (Thom 1958:211). Dit was egter die einde van Cornelisz se opgang, want hierna lees ons dat hy al hoe meer in onguns verval by die Burgerraad. Hy het nie 'n goeie voorbeeld aan sy medeburgers gestel nie, aangesien hy hom op verskeie maniere aan wangedrag, bv. dronkenskap, aanranding en dies meer, skuldig gemaak het. So is hy bv. op 8 Oktober 1661 weens aanranding verhoor. Die gevolg was dat hy sy plek in die Burgerraad verloor het (De Wet 1981:-218; Thom 1958:422).

Marielise Botha verklaar dat Cornelisz wel 'n meubelmaker was, maar sy voer geen bewyse vir dié stelling aan nie. Ons lees egter bv. in die Memoriën en instructiën dat Cornelisz "met sijn plancken ende andere houtwercken groote accomodatie ende gerieff gedaen" deur o.a. huise te bou, waens te maak en ploee en ander gereedskap te vervaardig, sodat "dies alles niet meer uit't vaderlandt behoeft ge-eijscht" hoef te word nie (Böeseken 1966:-46). Hoewel daar dus nêrens vermeld word dat Cornelisz meubels gemaak het nie, kan ons aanvaar dat hy dit moontlik wel gedoen het.

CORNELIS, Theuns

Theuns Cornelis was afkomstig van "Westerlijke" en op 7 Mei 1666 het hy as "bosschieter" aan boord van die Amersfoort in die Kaap aangekom (Böeseken 1957:345). Die volgende jaar vind ons sy naam in die monsterrol waar hy as timmerman aangegee word (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667). Vir sy werk as timmerman het hy vyftien gulden per maand verdien (Böeseken 1957:345).

DE CONNICK, Cornelis

Cornelis de Connick was oorspronklik van Gent en in die monsterrol van 1667 word hy as timmerman aangegee (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667).

DE CONNICK, Cornelis

Dié Cornelis de Connick was klaarblyklik nie dieselfde skrywer as die vorige nie, aangesien die monsterrolle vermeld dat hy van Lirckzee afkomstig is. Ons vind sy naam in die monsterrol

le van 1668, 1670 tot 1671 waarin hy as 'n timmerman aangedui word (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrolle 1668 & 1670-1671).

DE CRUIJFF, Jan Cornelis

Jan Cornelis de Cruijff was afkomstig van Utrecht en in 1663 het hy aan boord van die skip Marseveen in die Kaap aangekom. Hy het oorspronklik die rang van soldaat beklee waarvoor hy tien gulden per maand ontvang het; later is dit tot veertien gulden verhoog (Böeseken 1957:344). In die monsterrolle van 1664 tot 1666 word De Cruijff as 'n timmerman aangegee en daarvoor het hy sestien gulden per maand verdien (Böeseken 1957:344; K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1664-1666).

DE LEPELAAR, Isaacqs Pasquier

Isaacqs de Lepelaar was oorspronklik van Driest en in die monsterrol van 1658 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1658).

DE MUNTEN, Anthonij

Anthonij de Munten was afkomstig van Zeeland in Nederland en in die monsterrolle van 1659 tot 1661 word hy as 'n huistimmerman aangegee (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1659-1661). De Munten het ook op Robbeneiland diens gedoen en op 9 Januarie 1659 is hy aan boord van die Schapenjacht na Robbeneiland gestuur om met die bouwerk te help (Thom 1958:3).

DE ROOIJ, Jan

hy in die monsterrol van 1699 as 'n timmerman aangedui word (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

DE VRIES, JAN

Jan de Vries was afkomstig van Den Haag en in die monsterrol van 1699 word hy as 'n huistimmerman aangegee (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

DE VROEDE, Isaak

Isaak de Vroede was afkomstig van Sluys en in die monsterrol van 1667 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667).

DIRK, Pieter

Pieter Dirk was afkomstig van Dordrecht en in die monsterrolle van 1693 en 1696 word hy as 'n baastimmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1693 & 1696).

DUIFF, Willem Gerritsz

Willem Duiff se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1699 word hy as timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

ELLEN, Willem Jans

Willem Jans Ellen was afkomstig van Gorcum in Suid-Holland en in

die monsterrol van 1667 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667).

GILDES, Andries Hans

Andries Hans Gildes was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrol van 1667 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667).

GERRITS, Dirck

Dirck Gerrits was oorspronklik van "Koukenge" en in die monsterrol van 1666 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1666).

GERRITS, Gerbrant

Gerbrant Gerrits was afkomstig van "Tris" en in die monsterrol van 1667 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667).

HARING, Salomon Elijas

Salomon Elijas Haring was afkomstig van Loosduinen by Den Haag en in die monsterrolle van 1663 tot 1664 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1663-1664).

HARMANSZ, Jan

Jan Harmansz was afkomstig van Hattem by Gelderland in Nederland

en op 19 Januarie 1664 het hy as soldaat aan boord van die skip Wapen van Hoorn in die Kaap aangekom. Aanvanklik het hy nege gulden per maand verdien, maar later het hy versoek dat hy op grond van sy bekwaamheid toegelaat word om as timmerman te werk. Die versoek is toegestaan en hy het 'n loon van twaalf gulden per maand ontvang (Böeseke 1957:315). In die monsterrolle van 1665 tot 1667 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1665-1667).

HERMAN SZ, Sijbrand

Sijbrand Hermansz was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrol van 1696 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1696).

HENDRICKS, Paulus

Paulus Hendricks was oorspronklik van Utrecht en in die monsterrolle van 1693 en 1696 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1693 & 1696).

HENDRICKSZ, Pieter

Pieter Hendricksz was afkomstig van "Odendael". Voordat hy by die Kaap aangekom het, het hy as 'n bootsman gewerk teen elf gulden per maand. Op 21 Februarie 1661 het hy aan boord van die skip 's-Gravenlant aan die Kaap aangekom. Op eie versoek en weens sy bevoegdheid is hy toegelaat om as timmerman te werk teen sestien gulden per maand. Hendricksz was baie hardwerkend en op grond daarvan is hy in 1664 tot hooftimmerman bevorder met 'n loon van dertig gulden per maand (Böeseke 1957:297; K.A.:VC 39

Deel 2 Generale Monsterrollen 1661-1665; Thom 1958:336).

HENDRIXEN, Harnigh

Harnigh Hendrixen was afkomstig van Leeuwarden in Friesland en in die monsterrolle van 1670 en 1671 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1670-1671).

JACOBS, Pieter

Pieter Jacobs was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrol van 1667 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667).

JACOBS, Sijbrand

Sijbrand Jacobs was oorspronklik van "Bekim" en in die monsterrol van 1666 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1666).

JANSZ, Abraham

Abraham Jansz se stad van herkoms was Amsterdam en in die monsterrolle van 1657 en 1658 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1657-1658).

JANS, Cornelis

Cornelis Jans was afkomstig van "Marckt" en in die monsterrol van

1667 word hy as 'n timmerman aangegee (K.A.:V.C. 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667). Jans het in die jaar 1663 aan boord van die Marseveen aan die Kaap aangekom. Aanvanklik het hy as 'n "bosschieter" gewerk en daarmee het hy tien gulden per maand verdien. In 1646 is hy toegelaat om vir drie jaar as timmerman te werk teen veertien gulden per maand (Böeseken 1957:345-346).

JANS, Cornelis

Cornelis Jans was oorspronklik van Schoonhoven in Suid-Holland en in die monsterrol van 1667 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667).

JANS, Frederick

Frederick Jans was afkomstig van Amsterdam en in 1656 het hy aan boord van die Princesse Roijael aan die Kaap aangekom. Aanvanklik het hy as 'n "bosschieter" gewerk en daarvoor het hy twaalf gulden per maand ontvang. Daarna is hy op grond van sy kennis van die timmermansberoep toegelaat om as timmerman te werk. Op 10 April 1657 word hy op sy versoek tot huistimmerman bevorder waarvoor hy veertien gulden per maand ontvang het (Böeseken 1957:98; Thom 1954:110). Jans het ook op Robbeneiland diens gedoen en ons lees dat hy op 9 Januarie 1659 aan boord van die Schapenjacht na Robbeneiland vertrek om daar met die bouwerk te help (Thom 1958 :3).

JANS, Hendrick

Hendrick Jans was afkomstig van Sneek in Friesland en in die monsterro' van 1669 word hy as 'n timmerman aangegee (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1669).

JANSSEN, Dirck

Dirck Janssen van Amsterdam word in die monsterrol van 1656 as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1656).

JANSSEN, Hendrick

Hendrick Janssen, afkomstig van Utrecht, was die eerste hoof-timmerman aan die Kaap. Hy was nie baie lank in dié hoedanigheid werksaam nie, want op 28 Mei 1652 is hy oorlede (Thom 1952:42).

JANSEN, Tobias

Tobias Jansen was oorspronklik van Amsterdam en in die monsterrol van 1668 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1668).

KNEPPEL, Jan Martensz

Jan Martensz Kneppel was afkomstig van Danzig en in die monsterrol van 1697 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1697). In 1694 het Kneppel met Margaretha Vogt in die huwelik getree. Uit die huwelik is drie kinders gebore, nl:

Dorothea Kneppel (29/8/1694);

Martin Kneppel (27/1/1699); en

Hendrik Kneppel (datum onbekend) (De Villiers 1981a:403).

LAMBERTS, Roeloff

van 1656 as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1656).

MICHIELSZ, Roeloff

Roeloff Michielsz, afkomstig van Gotland, Swede, het op 15 November 1660 aan boord van die Oliphant aan die Kaap aangekom. Michielsz het as 'n "bosschieter" na die Kaap gekom waarvoor hy twaalf gulden per maand ontvang het. Hy het aanvanklik as 'n timmerman gewerk en op 22 Julie 1661 word hy op sy versoek tot huistimmerman bevorder teen vyftien gulden per maand. In die monsterrolle van 1662 en 1663 word hy as 'n timmerman aangedui (Böeseke 1957:269-270; K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1662-1663).

MOEN, Joost Peters

Joost Peters Moen was oorspronklik van Döbuburg naby Flensburg in Duitsland. Moen het in 1658 as 'n timmerman aan die Kaap aangekom (Hoge 1946:277). Soos met baie van die timmermans wat aan die Kaap werksaam was, word Moen se naam ook in 'n stadium weens skulde genoem. Op 17 Mei 1659, toe hy as 'n vrytimmerman gewerk het, word vermeld dat hy vyftien gulden aan Jan Reijnierse geskuld het vir die koop van melk, botter, vrugte en dies meer (Böeseke 1957:191).

NIEUWSVELD, Jasper Jacobsz

Jasper Jacobsz Nieuwsveld was afkomstig van Utrecht en in die monsterrol van 1699 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

NOBEL, Claes Jans

Claes Jans Nobel was afkomstig van Hasselt in Nederland en in die monsterrolle van 1661 tot 1662 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1661-1662).

NOURTIER/NORTIER/NORTJE, Daniel

Daniel Nourtier was 'n Franse Hugenoot wat in 1688 aan boord van die Oosterland as 'n timmerman na die Kaap gekom het. Grondbriewe is aan Nourtier uitgereik vir twee plase, La Motte naby Simonsberg op 14 Augustus 1694 en Frederiks Berg op 22 Desember 1694. Nourtier was getroud met Maria Vitout. Hulle het vier kinders gehad: Elizabeth, Anthony, Jonas en Jean. Maria Vitout is later met Mathys Michiels getroud (Botha 1939:144).

OOSTERZEE, Sijbrand Cornelis

Sijbrand Cornelis Oosterzee was oorspronklik van Enkhuizen en in die monsterrol van 1699 word hy as 'n huistimmerman aangegee (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

OVERSLOOT, Jan Carelsz

Jan Carelsz Oversloot van Rotterdam het met die skip Vogel Phoenix aan die Kaap aangekom. Aanvanklik het hy as timmerman gewerk teen elf gulden per maand. In 1664 is hy op sy versoek en op grond van sy bevoegdheid tot huistimmerman bevorder. Vir dié werk het hy veertien gulden per maand ontvang. In die monsterrolle van 1665 tot 1666 word hy gevolglik as 'n huistimmerman aangedui (Böeseken 1957:315; K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monster-

PAUWELS, Hendrik

Hendrik Pauwels was afkomstig van Dordrecht en in die monsterrolle van 1666 tot 1667 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1666-1667).

PAUWELSEN, Jacob

Jacob Pauwelsen van "Wislen" word in die monsterrol van 1664 as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1664).

PIENAAR/PINARD, Jacques

Jacques Pienaar was 'n Franse Hugenoot wat in 1665 as 'n timmerman na die Kaap gekom het. Gedurende 1690 het hy en sy vrou geldelike hulp ontvang. In 1692 het hy 'n plaas, Wilde Paarderivier, bekom en op 27 Augustus 1694 is die grondbriewe vir die genoemde plaas aan hom uitgereik.

Pienaar is voor sy koms na die Kaap met Esther Fouche getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore, nl Pieter (1690) en Jacques (1692). Esther Fouche sterf in 1692 en Pienaar trou daarna met Martha la Febre by wie hy nog vyf kinders gehad het. Pienaar is in 1714 oorlede (Botha 1939:100).

PLEUNIS/PLEUNES/PLÜNES, Jacob

Jacob Pleunis is in 1662 gebore en voordat hy na die Kaap gekom het, het hy in "Orsoy" in Duitsland gewoon. Aan die Kaap het Pleunis as 'n huistimmerman gewerk. Pleunis het ook in die boer-

dery belanggestel en hy en sy maat, Pieter Malmoer van Danzig, het 'n plaas Zeven Rivieren oorkant die Banhoekberge naby Stellenbosch besit. Die grondbriewe van die plaas is op 2 Oktober 1708 aan Pleunis en Malmoer toegeken. Nadat Malmoer oorlede is, het Pleunis alleeneienaar van die plaas geword.

Jacob Pleunis is op 2 Oktober 1695 met Willemina Adriana Ariens de Wit, afkomstig van Rotterdam en die weduwee van Detlef Bierbrow, getroud. Die egpaar het twee seuns gehad, Johannes en Hendrik. In 1710 het Pleunis se vrou hom om 'n egskeiding gedagvaar aangesien hy haar etlike male swak behandel en selfs aangerand het. In 1711 was hulle egter nog steeds getroud en staan hulle name saam ingeskryf as nuwe lidmate vir die Stellenbosch-gemeente (Colenbrander 1964:30; Heese 1971:77; Hoge 1946: 316).

REPS, Jan Arentsz

Jan Arentsz Reps was afkomstig van Brussel en in die monsterrol van 1665 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1665).

SIEUWERTS, Roeloff

Roeloff Sieuwerts was afkomstig van Groningen en in 1654 het hy aan boord van die Walvis aan die Kaap aangekom. Sieuwerts het as "bosschieter" na die Kaap gekom waarvoor hy twaalf gulden betaal is, maar heel spoedig het hy as timmerman gewerk. Later was hy hoof van 'n bos waar hy toesig moes hou oor die kap van bome. Op 15 Mei 1655 is hy toegelaat om as timmerman te werk teen 'n vergoeding van 22 gulden per maand, maar hy moes nog steeds as hoof in die genoemde bos waarneem (Böeseken 1957:53-54). In die monsterrolle van 1656 en 1658 word hy as hooftimmerman aangegee

(K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1656&1658).

SIJBRANDS, Sijbrand

Sijbrand Sijbrands was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrol van 1699 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

SIJBRANTSZ, Warnar

Warnar Sijbrantsz was oorspronklik van Koningsbergen afkomstig en in die monsterrol van 1685 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1685).

SIJMENSZ, Heijn

Heijn Sijmensch was afkomstig van Hoorn en in die monsterrolle van 1659 tot 1660 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1659-1660).

Sijmensch het ook op Robbeneiland diens gedoen, want ons lees dat hy op 9 Januarie 1659 terwyl hy op Robbeneiland gewerk het, siek geword het en dat hulle iemand in sy plek daarheen moes stuur (Thom 1958:3).

SIJMONSS, Pieter

Pieter Sijmonss was afkomstig van Hoorn en in die monsterrolle van 1666 en 1667 word hy as 'n timmerman aangegee (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1666-1667).

SWERIS, Gerrit

Gerrit Sweris was oorspronklik van "Asch" en in 1666 het hy aan boord van die Dorth aan die Kaap aangekom. Sweris, wat as adelsbors na die Kaap gekom het, het as huistimmerman gewerk. Alhoewel Sweris reeds in 1668 en 1669 as huistimmerman in die monsterrolle vermeld word, word hy eers op 15 Maart 1669 daarvoor vergoed toe sy loon van tien tot vyftien gulden per maand verhoog is. Sweris word ook in die monsterrolle van 1670 tot 1672 as huistimmerman beskryf (Böeseken 1957:387; K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1670-1672).

TEN BOS, Guiljam

Guiljam Ten Bos was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1662 tot 1664 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1662-1664).

TETTEROO, Carel

Carel Tetteroo was oorspronklik van Den Haag en in die monsterrolle van 1667 en 1669 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1667&1669).

TOORN, Cornelis Jacobsz

Cornelis Toorn was oorspronklik van Hoorn en in die monsterrolle van 1665 tot 1667 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1665-1667).

VAN BRAKEL, Adriaan

Adriaan van Brakel was afkomstig van 's-Hertogenbosch, en het as

huistimmerman na die Kaap gekom (Malherbe 1966:1057). Hy moes goeie werk gedoen het, want in 1666 word hy tot waarnemende baastimmerman bevorder. Van Brakel het hom as waarnemende hoof ook goed van sy taak gekwyd en op 28 Mei 1667 het hy 'n permanente aanstelling in dié hoedanigheid gekry (Böeseken 1957:355) Van Brakel se naam word in die monsterrolle van 1668 tot 1672 as hooftimmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1668-1672).

Tydens die jare 1676 en 1678 was Van Brakel 'n suikerbierbrouer (De Wet 1981:101). Uit Van Brakel se testament kom ons agter dat hy ook in die boerdery belanggestel het en dat hy twee plase, een agter die Koeberg en 'n ander in die Tygerberg, besit het. Hy het onder andere 1 000 skape, 40 osse en 20 koeie en verse besit (Woodward 1975:166).

Die feit dat Van Brakel 'n gesiene man was, blyk uit die verskillende instansies waarvan hy lid was, nl:

Ouderling van die Kaapse gemeente : 1691 tot 1692, 1694 tot 1695 en 1699 tot 1700;

Lid van die Huwelikshof : 1689 tot 1690;

Weesmeester : 1691 tot 1692 (De Wet 1981:142 & 190).

Van Brakel is op 28 Mei 1670 met Sara van Rosendaal van Amsterdam in die huwelik bevestig en uit die huwelik is 14 kinders gebore (Heese 1971:63; Malherbe 1966:1057).

Uit Van Brakel se laaste testament, wat hy in 1699 laat opstel het, blyk dit dat hy baie gegoed was en dat hy afgesien van die reeds vermelde besittings, ook verskeie eiendomme, 'n woonperseel in Tafelvallei, twee aangrensende huise in Heerestraat, agt manlike slawe, 'n vroulike slaaf en heelwat meubels en huishoudelike goedere besit het.

VAN DER GRACHT, Joost

Joost van der Gracht was afkomstig van Gent in Gelderland en in die monsterrolle van 1664 tot 1667 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1664-1667).

VAN DER STEEN, Jacobus

Jacobus van der Steen was oorspronklik van Delft en in die monsterrol van 1699 word hy as 'n baastimmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699). Van der Steen was veral gemoeid met hout wat met die Kompanjie se skepe uit Nederland ingevoer is aangesien hy toesig daarvoor moes hou (Böeseken 1961:399).

VAN GEEL, Jan

Jan van Geel was afkomstig van Antwerpen en in die monsterrolle van 1668 tot 1671 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1668-1671).

VAN HULL, Hendrik Willems

Hendrik Willem van Hull was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrol van 1699 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

VAN LEEUWDEN, Leenderd

Leenderd van Leeuwden was oorspronklik van Leiden en in die monsterrol van 1697 word hy as 'n huistimmerman aangegee (K.A.:VC

39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1697).

VAN LIGTER, Jan Cornelis

Jan Cornelis van Ligter was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrol van 1699 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1699).

VAN SCHALKWIJK, Theunis Dircksz

Theunis Dircks van Schalkwijk was afkomstig van Schalkwijk by Utrecht en uit die gegewens wat daar oor hom beskikbaar is, wil dit voorkom asof hy 'n besondere veelsydige mens was. Hy het in 1665 as "bosschieter" aan boord van die Nieupoort aangekom en in die monsterrolle van 1666 en 1667 word hy as 'n timmerman aangedui (Böeseken 1957:325; De Villiers 1981b:834; K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1666-1667). In die jare 1668 tot 1707 was hy as 'n vryhoutkapper werksaam (De Wet 1981:79 & 81). In 1675 het Van Schalkwijk die alleenreg verkry om vis vir die mark te lewer. In 1679 het hy klaarblyklik sy eie taphuis besit, want in dié jaar verkry hy die reg om alle soorte drank daar te verkoop. Nie lank daarna nie het hy hom op die boerdery begin toespits, veral op wingerd-, graan- en veeboerdery, en teen 1692 was hy een van die welvarendste boere aan die Kaap. Gedurende 1692 het hy 260 mud graan gewen (De Wet 1981:32,36,50,57 & 80). Hy het aanvanklik 'n stuk tuingrond van vyf morg en later nog 'n stuk tuingrond van 58 morg besit. Die eerste stuk grond het hy aan sy skoonseun verkoop (Böeseken 1936:28). Hy was in die jare 1695 en 1706 en 1707 ook 'n moutbierbrouer (De Wet 1981:93).

Van Schalkwijk het o.a. in die bestuur van die volgende instansies gedien:

Burgerraad : 1690 tot 1691 en 1696 tot 1697;

Lid van die Huwelikshof : 1696 tot 1697 (De Wet 1981:189).

Op 19 November 1685 word Van Schalkwijk weens sluikhandel verhoor (De Wet 1981:222).

Van Schalkwijk is drie maal getroud, nl op 14 Junie 1669 met Jacomijntje Hermenz; op 25 Januarie 1682 met Zuurke Jansz van Blusson; en op 25 September 1689 met Adriana van Breughel. Uit die eerste huwelik is drie kinders gebore (Colenbrander 1964:20-21; De Villiers 1981b:834 & 836; Heese 1971:65). Hy is in 1717 aan die Kaap oorlede (De Villiers 1981b:834).

VOLCKERTSZ, Bruijn

Bruijn Volckertsz se plek van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1665 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1665). Volckertsz sterf op 10 Junie 1666 nadat hy deur 'n draaier, Adriaen Vos, met 'n kerfbyl teen die kop gekap is. 'n Kerfbyl is 'n ligte handbyl, gebruik om iets mee fyn te kap (kerf), bv. die lote van sekere basbome wat vir looiery gedroog is (WAT 1968 : Deel 1). Die volgende dag, Vrydag, 11 Junie 1666, is hy begrawe (Böeseken 1973:266).

VOLCKERTS, Gerrit

Gerrit Volckerts was afkomstig van Hoorn en in die monsterrol van 1656 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1656).

VREEM, Dirck Adriaans

Dirck Adriaans Vreem was oorspronklik van Meern by Utrecht afkom-

stig en in 1654 het hy aan boord van die Vreede aan die Kaap aangekom as adelbors. Op grond van diē rang het hy tien gulden per maand ontvang. Aan die Kaap is hy weens sy bevoegdhede as huistimmerman aangestel waarvoor hy vyftien gulden per maand ontvang het (Böeseke 1957:98). Dit het finansieel baie goed met hom gegaan en in 1659 het hy 'n krediet van 229 gulden op sy rekening by die Kompanjie gehad (De Wet 1981:65). Op 14 Desember 1658 is Vreem oorlede nadat hy en 'n ander timmerman, Pieter Paulus Cleij, met messe geveg en Vreem noodlottig gewond is (Thom 1954:388). In die monsterrolle van 1657 en 1658 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1657-1658).

WILLEMS, Jan

Jan Willems was afkomstig uit Amsterdam en in die monsterrolle van 1665 en 1666 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1665-1666).

WILLEMS, Jan

Jan Willems was afkomstig van Sluys en in die monsterrol van 1666 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1666).

WILLEMSE, Claes

Claes Willemse was afkomstig van "Runep" en in die monsterrol van 1657 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1657).

WILTS, Adriaan

Adriaan Wilts was afkomstig van "Ysendijck" en in die monsterrolle van 1666 en 1667 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1666-1667).

ZIEUWERTSSEN, Roeloff

Roeloff Zieuwertssen was oorspronklik van Groningen en tot en met 1657 het hy as hoof-timmerman aan die Kaap gewerk. Nadat sy kontrak as hoof-timmerman verval het, het hy aansoek gedoen dat 'n bos tussen dié van Leendert Cornelisz en van die Kompanjie aan hom toegeken word. Hy wou daar hout kap vir die Kompanjie. Hy het ook gevra om waens, ploë en ander tipes plaasgereedskap aan die Kompanjie te lewer. Die owerheid het besef dat dit hulle van 'n groot las sou onthef en het Zieuwertssen se versoek toegestaan op voorwaarde dat hy vir minstens vyftien jaar 'n vryburger sou bly en dat hy sy vrou onmiddellik na die Kaap sou laat kom (Thom 1954:180).

.2.3 Draaiers

BARTHOLOMEUSE, Michiel

Michiel Bartholomeuse se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1657 word hy as 'n draaier aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1657).

COURTSZ, Rem

Rem Courtsz was afkomstig van Emden in Duitsland en in die monsterrolle van 1656 en 1658 word hy as 'n draaier aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1656 & 1658).

HENDRICKSZ, Barent

Barent Hendricksz was oorspronklik van Zwolle en in die monsterrolle van 1668 tot 1671 word hy as 'n draaier aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1668-1671). In die jare 1673 tot 1679 en in 1685 het hy as 'n houtkapper aan die Kaap gewerk (De Wet 1981:80-81).

LODEWIJCK, Jan

Jan Lodewijck was afkomstig van Koningsbergen en in die monsterrolle van 1696 tot 1697 word hy as 'n draaier vermeld (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1696-1697).

PALMER, Harmen

Gedurende die jare 1691 tot 1704 het Harmen Palmer as 'n draaier aan die Kaap gewerk (De Wet 1981:76).

SCHELLINDE, Christoffel

Christoffel Schellinde se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1670 word hy as 'n draaier aangedui (K.A.:VC 39 Deel 2 Generale Monsterrollen 1670).

VOS, Adriaan

Op 10 Junie 1666 skryf goewerneur Wagenaer dat Adriaan Vos wat as

draaier aan die Kaap gewerk het, 'n ander burger, Bruijn Volckertsz, met 'n kerfbyl teen die kop geslaan het en dat Volckertsz die middag van die 10de oorlede is (Böeseke 1973: 266). Volckertsz was 'n timmerman.

3. DIE AGTTIENDE EEU

3.1 Die herkoms van die Kaapse meubels

Geoordeel aan die hoeveelheid Kaapse meubelstukke wat uit die 18de eeu dateer en vandag o.m. in museums bewaar word, wil dit lyk asof die meubelbedryf gedurende dié tyd baie vooruitgegaan het. Dit hang natuurlik saam met die toename in die bevolking en groter plaaslike welvaart.

In sy boek Cape furniture het M.G. Atmore baie interessante berekeninge gemaak omtrent die aantal meubelstukke wat moontlik gedurende 'n gegewe periode aan die Kaap gebruik is, n.a.v. die getal mense en huishoudings wat daar was. Kort na 1700 was daar omtrent 300 gesinne in en om Kaapstad woonagtig en nog 120 in die Boland. Teen die helfte van die eeu is die grense van die nedersetting al verder uitgeskuif, o.m. tot by Swellendam, en kon daar omtrent 700 tot 800 gesinne gewees het. Teen die einde van die Kompanjiestydvak was daar omtrent 2 500 gesinne. Atmore vervolg dan: "Being as generous as possible I have calculated the maximum ammount of furniture in use during the different periods..." (Atmore 1976:53).

<u>Tydvak</u>	<u>Aantal meubelstukke</u>
1652-1700	2 000
1700-1750	12 000
1750-1800	49 000

Hy waarsku egter: "With the many vicissitudes of the Cape during the Dutch occupation, in particular the recurring perious of adverse trading when the standards of living were very low, it is probable that the real amount of furniture was much lower, perhaps only half the theoretical maximum" (Atmore 1976:54).

Daar is twee moontlike bronne vir dié meubels. Hulle is of ingevoer of plaaslik vervaardig. Meubels is blykbaar wel in taamlike hoeveelhede ingevoer. Von Dessin, 'n Kompanjiesamptenaar en groot boekeversamelaar wat van 1727 tot 1761 aan die Kaap woonagtig was, skryf in sy briefboek en memoriaal van 'n Engelse "comtoir" of skryftafel met silwerbeslag wat in 'n Kaapse huis gestaan het (SABW I 1968:889-890; Franken 1940:57).

In sy boek Eighteenth century furniture in South Africa, skryf G.E. Pearse dat daar gedurende die tydperk sedert 1782, toe die Kaap weens sy welvaar as die "Klein Parys" bekend gestaan het, soveel meubels uit Nederland ingevoer is dat die Nederlandse owerheid gekla het dat daar te veel skuld op dié wyse gemaak is (1960:4). Ongelukkig vermeld Pearse nie sy bron van inligting nie.

Cornelius de Jong, 'n reisiger wat teen 1793 aan die Kaap was, skryf die volgende aangaande die meubels wat aan die Kaap gebruik is: "Daar'er geene fabrieken zijn, moeten vele meubelen uit Europa komen; die, welke hier gemaakt worden, zijn slechter, lomper en nog hooger in prijs. De kabinetten, stoelen, kasten en tafels zijn uit Holland, het glaswerk en tafelservies uit Engeland, en ieder moet het duurste hebben" (De Jong 1802:139-140).

Lady Anne Barnard skryf op 10 Augustus 1797 in 'n brief aan die Britse minister, Henry Dundas: "Whoever means to settle here should bring everything, furniture in particular; but it should come out packed in little compass. I brought all my chairs in pieces tied up closely - iron, Windsor, and rush-bottom chairs" (Barnard 1901:80).

Baie van die ingevoerde meubels in besit van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum is eers later aangekoop en is nooit aan die Kaap gebruik nie. Dit is feitlik onmoontlik om te bepaal of spesifieke ingevoerde meubelstukke wel aan die Kaap gebruik is (Olivier 1986:onderhoud).

3.2 Die teenwoordigheid van vakmanne

Die term "laaymakers" was wel bekend, want in 'n verslag aan die owerheid in Nederland, gedateer 24 Junie 1716, skryf goewerneur Maurits Pasques de Chavonnes dat hulle o.a. vier timmermans, twee voeërs en twee "laaymakers" aan die Kaap benodig. Hy skryf verder dat dié mense 'n heel sinvolle bestaan aan die Kaap sou kon maak (Merriman 1918:30). In 'n Engelse vertaling van De Chavonnes se verslag, word die term "laaymakers" as "cabinet-makers" weer-gegee (Merriman 1918:108). Dit is nie seker aan die hand van watter inligting dit gedoen word nie, want die term kon nêrens in Nederlandse standaardwerke opgespoor word nie. Dit is egter nie onmoontlik dat die een of ander soort meubelmaker bedoel word nie.

Wat die timmermans betref, is daar geen twyfel dat van hulle wel meubels gemaak het nie en daar kan verskeie bewyse hiervoor aangevoer word.

In Von Dessin se Briefboek en memoriaal vind ons verwysings na David "den timmerman", maar ongelukkig word sy van nie vermeld nie. Wat van belang is, is dat daar bewyse is dat dié timmerman wel 'n meubelmaker was. Op 10 September 1754 skryf Von Dessin dat hy aan David "den timmerman" 'n arbeidsloon betaal het nadat Ig. vir hom 'n hoenderhok en twee "schrijflaadjis" gemaak het (Franken 1940:49).

Op 23 Oktober van dieselfde jaar het Von Dessin aan David "den timmerman" 'n loon betaal "als voor't maaken van twee rood ebbenhoute ledikanten met't draaiwerk van de pooten en knoppen". Die werk het veertien riksdalders gekos (Franken 1940:50). Hieruit blyk dit dat David "den timmerman" ook draaiwerk aan die meubels gedoen het. Op 21 November 1756 het Von Dessin aan David 'n bedrag van drie riksdalders betaal vir die maak van skilderyrame (Franken 1940:50). Op 25 November 1754 het Von Dessin 'n

bedrag van drie riksdaalders aan David betaal vir die maak van 'n groot boekrak (Franken 1940:50).

Met die eerste Britse bewindsoorname in 1795 het baie Britse vakmanne na die Kaap gekom, en van hulle het meubels gemaak. Lady-Anne Barnard skryf op 10 Julie 1797 in 'n brief aan Henry Dundas: "I have fitted all up in the style of a comfortable, plain, English house. Scotch carpets, English linen, and rush-bottom-chairs, with plenty of lolling sofas, which I have had made by regimental carpenters and stuffed by regimental tailors" (Barnard 1901:59-60).

In die inventaris van besittings van Johann Fredrich Müller wat van 1754 tot 1756 as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk het, word vermeld dat hy "een parthij patroonen van Cabinetten" besit het (K.A.:M00C 7/1/25 Inventarisse:52 6/1/1779). Hy het moontlik dié "patrone" gebruik as voorbeelde vir meubels wat hy gemaak het.

'n Verdere aanduiding dat die timmermans meer as net timmerwerk gedoen het, vind ons uit die verwysing na twee timmermans wat ook orrels gebou het. Nie alleen kan daar geredeneer word dat orrels ook meubelstukke is nie, maar dat 'n timmerman wat 'n orrel kon maak, ook meubels sou kon maak. Johan Jacob Posse, wat van 1732 tot 1742 as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk het, het 'n orrel vir die dogter van goewerneur De la Fontaine gebou. Dié orrel is later aan die Kaapse kerkraad verkoop en daarna is dit sestien jaar lank in die Groote Kerk gebruik (Hoge 1946:318). Johannes Bresler het van 1754 tot 1755 as 'n timmerman aan die Kaap gewerk. Een van sy belangrikste take was die voegwerk wat hy aan die orrel in die Groote Kerk gedoen het (Hoge 1946:47).

As 'n mens na voorbeelde van Kaapse meubels uit dié tyd kyk, blyk dit dat die meubelmakers meermale mense met besondere bekwaamhede was. Le Roux skryf in Die Kaapse kopersmid dat die skrynwerkers

en kabinetmakers soms selfs stukkies koperbeslag of iets dergelyks gemaak het (Le Roux 1982:24).

Uit die inventarisse van drie timmermans wat aan die Kaap gewerk het, kry ons 'n goeie idee van die gereedskap waaroor hulle beskik het. Dit kon vir die maak van meubels gebruik gewees het.

Pieter Michiel Bodecker (K.A.:M00C 7/1/24 Inventarisse:4 15/1/-1777).

5 "spanzagen", d.i. sae wat in rame gespan is (HAT :1965; Swanenburg 1958:12.35).

13 "omslagbooren"; 'n omslagboor het 'n C-vormige omslag, ook 'n "zwengelboor" genoem (Swanenburg 1958:14.35).

5 "ploegschaven", 'n ploegskaaf is dieselfde as 'n "binne beschoot ploegen", d.w.s. 'n skaaf waarmee die "ploeg" of tong geskaaf word wat in die groef van 'n ander plank pas (Van Dale 1984).

14 "lijstschaven"; d.i. skawe met geprofileerde beitels om lyste mee te skaaf (HAT 1965; Van Dale 1984; Van Embden s.j.:51).

2 "sponnig schaven"; 'n sponningskaaf is 'n "smalle schaaaf met een smalle band aan de ene zijde van het hout voor het uitschaven van sponningen" (Van Dale 1984). Dit word ook 'n groefskaaf genoem (Swanenburg 1958:9.9).

10 "boorschaven"; 'n boorskaaf is dieselfde as sponningskawe (Van Dale 1984; Swanenburg 1958:9.11).

2 "holle schaven", d.i. grootvormige skawe met 'n "boogvormige snede aan de beitel" (Van Dale 1984; Swanenburg 1958:9.2).

2 "dissels"; 'n dissel is 'n "bijl waarvan het vlakke of holle blad

dwars op de steel zit en naar de steel gekromd is, voor het behakken van boomstamme" (Van Dale 1984; Swanenburg 1958:5.18).

1 "mooker", d.i. 'n "korte zware vierkante hamer" wat ook 'n "breekhamer" genoem word (Van Dale 1984; Van Embden s.j.:190-191).

7 "holbijtels", d.i. beitels met 'n halfmaanvormige dwarsdeursnee, guts (HAT 1965; Swanenburg 1958:6.15; Van Dale 1984).

1 "steeksaag", d.i. 'n smal sagie wat spits na die punt toe loop en gebruik word om in die rondte te saag (HAT 1965).

3 "saagvijlen", d.i. driehoekige vyle om saagtande mee skerp te maak (Van Dale 1984; Swanenburg 1958:11.2)

2 "nijptangen", d.i. tange met gekromde bekke om spykers mee uit te trek (Van Dale 1984; Van Embden s.j.:117).

8 "kruijshouten", d.i. gereedskap wat gestel kan word om strepe op hout te trek (HAT 1965; Van Embden s.j.:513).

3 "schaafbanken"

4 "kleijne zagen"

1 "slijpsteen"

4 "avegaars"; d.i. bore wat met 'n kruishout gedraai word.

15 "schaven"

4 "raamschaven"

2 "kleijne boorschaven"

1 "enkelde raamschaaf"

2 "lijmpotten"

1 "timmermans kist met wat rommeling"

6 "winkelhaaken"

13 "groote stuk bijtels"

4 "kleijne stuk bijtels"

- 6 "kap bijtels"
- 4 "vijlen"
- 4 "raspen"
- 3 "passers"
- 1 "handbijl"
- 3 "hammers"

In die inventaris van Bodecker word die volgende gereedskap ook vermeld, maar daar kon nie vasgestel word wat dit presies was nie:

- 13 "holbijlen"
- 2 "kloofsagen"
- 3 "focks swansen"
- 2 "noodploegen"
- 5 "roeijbanken"
- 1 "tentschaaf"
- 2 "stijlschaven"
- 2 "schuijnse sleetschaven"
- 7 "sligtschaven"
- 3 "schoopschaven"
- 2 "ronde slegtschaven"
- 4 "quartier bijtels"
- 5 "log bijtels"
- 4 "kapstokken"
- 4 "lijm swingen"; moontlik klampe om gelymde hout saam te pers.
- 1 "schroefswing", waarskynlik ook 'n klamp.

Johan Friederik Muller (K.A.:MOOC 7/1/25 Inventarisse:52
6/1/1779).

8 "houte knegten", d.i. klampe (Van Embden s.j.:67-71).

22 "lijmwingers", d.i. ook klampe.

2 "raam zagen"; 'n "raam zaag" is dieselfde as die Engelse "frame-saw" of die spansaag wat ons ken.

1 "kraan zagen", d.i. 'n saag om bome mee deur te saag.

1 "trekmes met twee smitsers", d.i. 'n mes met twee handvatsels. Dit word ook 'n "haalmes" genoem (Van Dale 1984).

2 "slaglijnen"; 'n "slaglijn" is 'n koord wat met kleurstof besmeer is. Die koord se punte word by die ente van die hout wat gesaag moet word, vasgehou. Die koord word opgelig, gelos en as dit teen die hout slaan, trek dit met die kleurstof 'n streep waarop gesaag kan word (Van Dale 1984).

Die volgende terme is selfverduidelikend of is by die vorige inventaris verduidelik:

- 4 "avegaars"
- 4 "schaafbanken"
- 2 "lijmpotten"
- 29 "houte schroeven in soort"
- 3 "maatstokken"
- 22 "zaagen in soort"
- 96 "beijfels in soort"
- 170 "schaaven in soort"
- 5 "houte hamers"
- 3 "bijlen"
- 4 "distels"
- 25 "fijlen en raspen in soort"
- 1 "zakje met wat lijm"
- 4 "nijptangen"
- 1 "bank schroef"
- 2 "ysere klemhaaken"
- 14 "hamers in soort"
- 1 "waaterpas"

- 1 "troffel"
- 6 "passers in soort"
- 51 "schaaf beijtels in soort"
- 35 "bijtels in soort"
- 46 "veijlen in soort"
- 1 "doosje met wat ysere schroefen"
- 12 "houtte knegten"
- 6 "pakjes met kleijne speijkers"
- 2 "oude messen"
- 1 "groote nijptang"
- 17 "omslagen met haare knegt"
- 8 "roeij banken"
- 45 "winkelhaaken in soort"

Daar was ook "een parthij patroonen van Cabinetten" wat Muller besit het en wat in die inventaris opgeteken is.

Adriaan Klep (K.A.:MOOC 7/1/56 Inventarisse:66 20/8/1808).

- 1 "kist met gereedschap"
- 15 "fijlen en raspen in soort"
- 30 "stuks schaaven in soort"
- 1 "stuks duijmstok"
- 11 "stuks houten bankschroeven in soort"
- 1 "stuks dissel"
- 2 "stuks handbijlen"
- 1 "stuks yzere bankschroef en 1 hamer"
- 4 "stuks handzagen in soort en 1 omslagboor"
- 3 "stuks zagen in soort"
- 3 "stuks winkelhaken in soort"
- 1 "stuks schaafbank en 1 slijpsteen"
- 5 "stuks steekers".

Dit was eers gedurende die agtiende eeu dat daar die eerste verwysings na voeërs aan die Kaap gevind is. N.a.v. 'n geskil tussen

die draaiers en voërs het 'n Engelse hof in 1633 die funksies van die twee groepe omskryf. Volgens die hofbeslissing is die voërs verbied om draaiwerk te doen en was hulle funksie net om onderdele van meubels aanmekaar te voeg (Gloag 1964:62).

In hoofstuk 1, wat handel oor die gildes in Nederland, is aangetoon watter belangrike rol die beeldsnyers en beeldhouers in die versiering van meubelstukke gespeel het. In 'n artikel oor Johannes Struwig skryf prof D. Bax die volgende oor die term "beeldhouer": "In die 18de eeu is daaronder verstaan nie alleen 'n maker van beelde nie, maar tewens 'n ontwerper en vervaardiger van gewels en ander versierings aan die buitekant van 'n huis, van stucco- en houtversierings in die interieur van 'n huis, van reliëfs, van boligte, van meubels met versierende houtsnswerk, ens." (Bax 1976).

Gedurende dié tyd was daar heelwat slawe aan die Kaap werksaam wat baie van die ambagte beoefen het. In 1778 het die reisiger Stavorinus die plaas Elsenburg besoek. Stavorinus het opgemerk dat "tusschen dezelve in, had hij een smits-, timmermans-, en wagenmakers winkel; ook andere werklieden, die altyd bezig waren om alles te maaken, 't geen op zoo groote en omslachtige wooning, en bedrijf nodig was. De minste waren Europeërs; de meeste oostersche Slaaven die hom zeer veel geld hadden gekost" (Stavorinus 1797:52-53). Henry Lichtenstein, 'n reisiger, wat omstreeks 1804 die plaas van Jacob Laubscher tussen St. Helenabaai en Saldanha besoek het, skryf: "All kinds of handicraft works such I mean as are here wanted, are performed by the slaves, for there are few indeed among them who are not instructed in some mechanical occupations, and the dwelling is surrounded with work-shops of all kinds" (Lichtenstein 1928:58).

Dan was daar ook diegene wat meubels vir eie gebruik gemaak het en nie meubelmakers van beroep was nie.

3.3 Lys van vakmanne

In hierdie lys is verwysings na 260 timmermans wat gedurende die 18de eeu aan die Kaap werksaam was. In die lys is daar ook verwysings na 18 draaiers, 15 voeërs en 18 beeldsnyers.

3.3.1 Timmermans

ALBERTS, Christiaan

Christiaan Alberts van Leeuwarden word in die monsterrol van 1771 as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1771). Die monsterrolle vir 1772 tot 1776 ontbreek en dit is onbekend wanneer Alberts die Kompanjie se diens verlaat het.

ANTHONIJ, Johannes

Johannes Anthony was afkomstig van Leeuwarden en in die monsterrolle van 1779 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782-1789).

ARENDS, Gregorius

Gregorius Arends was afkomstig van "Bremerveur" en in die monsterrolle van 1736 tot 1739 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1736-1739).

BALLEN, Jan

Jan Ballen was afkomstig van Danzig en in die monsterrolle van

1751 tot 1754 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1755).

BASFIER, Levimus

Levimus Basfier was afkomstig van Gent en in die monsterrolle van 1715 tot 1719 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 40 & 41 Generale Monsterrollen 1715 & 1716-1719).

BATENBURG, Willem

Willem Batenburg was afkomstig van "Hage" en in die monsterrolle van 1748 tot 1755 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1748-1749 & 1750-1755).

BAUER, Johann Adam

Johann Adam Bauer, afkomstig van Würzburg in Duitsland, het in 1762 as 'n jong matroos aan die Kaap aangekom. Gedurende 1762 tot 1763 het hy as 'n arbeider op 'n plaas gewerk en in die jare 1764 tot 1766 was hy 'n huistimmerman en word hy so in die monsterrolle vermeld. Van 1776 het Bauer in die distrik Swellendam geboer. Bauer was met Johanna Cornelia, 'n halfbloed, getroud (Hoge 1946:17; K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1764-1766).

BECKMANN, Caspar

Caspar Beckmann was afkomstig van "Corveij" in Duitsland en in die monsterrolle van 1730 tot 1735 word hy as 'n huistimmerman vermeld. Gedurende die jare 1736 tot 1738 word Beckmann se naam nie in die monsterrolle aangetref nie en wil dit voorkom asof hy

nie vir die Kompanjie gewerk het nie. Van 1739 tot 1754 word hy egter weer in die monsterrolle vermeld (Hoge 1946:21; K.A.:VC 42, 43 & 44 Generale Monsterrollen 1730-1735; 1740-1742 & 1750-1754).

BECKMANN, Coenraad

Coenraad Beckmann was afkomstig van Hamelin in Duitsland. Gedurende die jare 1717 en 1719 tot 1722 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap gewerk. Gedurende 1723 tot 1728 was hy nie meer in diens van die Kompanjie nie. Van 1729 tot 1732 was hy weer soldaat en van 1733 tot 1735 was hy as 'n huistimmerman werksaam (Hoge 1946:21).

BENDO, Willem

Willem Bendo was afkomstig van Dordrecht en in die monsterrolle van 1721 tot 1725 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 41 Generale Monsterrollen 1721-1725).

BERKMEYER, Hans Hendrik

Hans Hendrik Berkmeier was afkomstig van "Peijne" en in die monsterrolle van 1747 tot 1750 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1747-1749 & 1750).

BLOEMENDAL, Johannes

Johannes Bloemendal was afkomstig van "Hage" en in die monsterrolle van 1760 tot 1768 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1760 & 1764-1768).

BODECKER, Peter Michael

Peter Michael Bodecker/Bedeker/Bideker was afkomstig van Friedrichstadt in Duitsland en in 1760 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom. Die monsterrolle vir 1761 tot 1762 ontbreek, maar in die tydperk 1763 tot 1765 word hy as 'n huistimmerman aangegee. Bodecker was met Johanna Maria Engel Margaretha Jansen getroud. Hy sterf op 16 Januarie 1777 (Hoge 1946:37-38; K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1763-1765).

BONTHUIJS, Jan

Jan Bonthuijs was afkomstig van Amsterdam. In 1776 het hy met die rang van soldaat aan boord van die Alkemade aan die Kaap aangekom. Van 1777 tot 1790 het Bonthuijs as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk en word hy in die monsterrolle vermeld (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1777-1780; Leibbrandt 1905:151).

Bonthuijs is op 19 Desember 1779 met Aletta Christina Broodrik getroud en uit die huwelik is agt kinders, 6 seuns en 2 dogters gebore (De Villiers 1981a:67).

Bonthuijs is op 6 Februarie 1811 in die ouderdom van 56 jaar aan die Kaap oorlede (K.A.:MOOC 6/2 vol II Sterftekenningsgewings:175).

BONTHUIJS, Roeloff

Roeloff Bonthuijs was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1778 tot 1782 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1778-1781 & 1782).

BOOL, Johan

Johan Bool was afkomstig van Riga in Duitsland en in die monster-

rolle van 1777 tot 1787 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrolle 1777-1781 & 1782-1787).

BOOM, Carel

Carel Boom was afkomstig van Koningsbergen en in die monsterrolle van 1750 tot 1753 word hy as 'n huistimmerman aangetoon (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1750-1753).

BOTTIGER/BUTGER, Johan Fredrick Wilhelm

Johan Bottiger was afkomstig van Lüneburg, Duitsland, en hy het in 1728 aan die Kaap aangekom. Gedurende die jare 1728 tot 1733 het Bottiger as 'n huistimmerman gewerk.

Bottiger is op 11 Desember 1735 met Sara Paling getroud en uit die huwelik is drie kinders, twee seuns en 'n dogter, gebore. Hy is op 3 Oktober 1795 oorlede (Hoge 1938:31-32; K.A.:VC 42 Generale Monsterrolle 1728-1735; Malherbe 1966:142).

BRAND, Hermanus

Hermanus Brand was afkomstig van "Vlage" en in die monsterrolle van 1778 tot 1782 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1778-1781 & 1782).

BRAUN, George Godfried

George Godfried Braun se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1786 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1786-1789).

BRAUNS, Hermanus

Hermanus Brauns was afkomstig van "Dipmolt" en in die monsterrolle van 1727 tot 1732 word hy as 'n huistimmerman aangegee (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1727-1732).

BREIJLSHOE, Johan Christoffel

Johan Christoffel Breijlshoe was afkomstig van "Usleiben" en in die monsterrolle van 1775, 1777 tot 1778 en 1780 tot 1785 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrolle 1775, 1777-1778, 1780-1781 & 1782).

BUSSCHER, Joseph

Joseph Busscher was afkomstig van Brugge in België en in die monsterrolle van 1784 tot 1787 word hy as 'n huistimmerman aangedui (Böeseken 1948:25; K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1784-1787).

BÜTGER, Elias

Elias Bütger, was afkomstig van Leipzig, Duitsland, en in die monsterrolle van 1735 tot 1738 word hy as 'n huistimmerman aangegee (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1735-1738).

CADEL, Jacobus

Jacobus Cadel was afkomstig van Haarlem en in die monsterrolle van 1785 tot 1789 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1785-1789).

CARELS, Frans

Frans Carels was afkomstig van "Assenburg" en in die monsterrolle van 1781 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1781 & 1782-1789).

CLAAS, Jan

Jan Claas was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1708 tot 1711 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1708-1711).

CLYBROEK, Lammant

Lammant Clybroek se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1771 word hy as 'n timmerman vermeld. Hy was a.g.v. 'n siektetoestand dië jaar in die hospitaal (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen).

COP, Pieter Dircks

Pieter Dircks Cop was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1667 word hy as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1767).

CORNELIS, Jan

Jan Cornelis was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1713 tot 1717 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 40 & 41 Generale Monsterrollen 1713-1715 & 1716-1717).

COSTER, Jan

Jan Coster was afkomstig van Elburg by Gelderland in Nederland en in die monsterrolle van 1728 tot 1735 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1728-1735).

CROMHOUT, Jacob

Volgens die monsterrolle is Jacob Cromhout aan die Kaap gebore en gedurende die jare 1750 tot 1754 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1750-1754). Aanvanklik het Cromhout nege gulden per maand ontvang, maar in 1752 is dit na veertien gulden verhoog. Gedurende 1754 het hy om burgerregte aan die Kaap aansoek gedoen (Leibbrandt 1905:257).

DARGE, Christian

Christian Darge was afkomstig van Koningsbergen, Duitsland en in 1772 het hy aan die Kaap aangekom. Van 1777 was Darge as 'n huistimmerman werksaam.

Darge is op 20 Januarie 1780 met Anna Engela Maria Redeker in die eg verbind en uit die huwelik is drie kinders, een seun en twee dogters, gebore (Malherbe 1966:204).

Darge is op 14 Mei 1801 in die ouderdom van 48 jaar aan die Kaap oorlede (K.A.:MOOC 6/2 vol I Sterftekennisgewings:50).

DAUBER, David

David Dauber was afkomstig van Minden in Duitsland en in die monsterrolle van 1749 tot 1753 word hy as 'n huistimmerman vermeld

(Hoge 1946:67; K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1749 & 1750-1753).

DAVID ("den timmerman")

In Von Dessin se Briefboek en memoriaal vind ons verwysings na dié timmerman, maar ongelukkig word sy van nie vermeld nie. Wat van belang is, is dat daar bewyse is dat dié timmerman wel 'n meubelmaker was.

Op 10 September 1754 skryf Von Dessin dat hy aan David "den timmerman" 'n arbeidsloon betaal het, nadat lg. vir Von Dessin 'n hoenderhok en twee "schrijflaadjis" gemaak het (Franken 1940:49).

Op 23 Oktober 1754 het Von Dessin aan David "den timmerman" 'n loon betaal "als voor't maaken van twee rood ebbenhoute ledikanten met 't draaiwerk van de pooten en knoppen". Die werk het veertien riksdalders gekos (Franken 1940:50). Hieruit blyk dit dat David "den timmerman" ook draaiwerk aan die meubels gedoen het.

Op 25 November 1754 het Von Dessin 'n bedrag van drie riksdalders aan David betaal vir die maak van 'n groot boekrak (Franken 1940:55).

Op 21 November 1756 het Von Dessin aan David 'n bedrag van drie riksdalders betaal vir die maak van skilderyrame (Franken 1940:50).

DE BRUIJN, Rust

Rust de Bruijn was afkomstig van Dordrecht en in die monsterrolle van 1716 tot 1720 en 1722 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 41 Generale Monsterrollen 1716 & 1720-1722).

DECKMANN, Jacob

Jacob Deckmann was afkomstig van Badendorf in Duitsland en gedurende die jare 1747 tot 1752 het hy as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:68).

DE GENTH, Jan

Jan de Genth was afkomstig van "Haalst" en in die monsterrolle van 1760, 1763 tot 1771 en 1775 tot 1779 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 & 46 Generale Monsterrollen 1763-1771 & 1775-1779).

DE GRAAF, Adriaan

Adriaan de Graaf was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1739 tot 1742 en 1747 tot 1750 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42, 43 & 44 Generale Monsterrollen 1739, 1740-1742, 1747-1749 & 1750).

DE GROOT, Johannes Marten

Johannes Marten de Groot was afkomstig van Enkhuizen en in die monsterrolle van 1751 tot 1754 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1754).

DE KEIJSER, Pieter

Pieter de Keijser was afkomstig van Middelburg en in die monsterrolle van 1713 tot 1716 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 40 & 41 Generale Monsterrollen 1713-1715 & 1716).

DELSEN, Theunis

Theunis Delsen was afkomstig van Leiden en in die monsterrolle van 1780 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1780-1781 & 1782-1789).

DENNERT/TENNERT, Johann Christoph

Johann Dennert was afkomstig van Sakse en gedurende 1757 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom. In 1765 het Dennert as 'n huistimmerman gewerk en in dieselfde jaar, op 10 November, is hy met Rachel de Meij in die Paarl getroud (Hoge 1946:70-71). Al wat daar verder van Dennert bekend is, is dat hy in 1780 'n lid van die Lutherse Kerk was (Hoge 1938:223).

Op 10 Junie 1796 is Dennert oorlede en sy enigste erfgenaam was 'n vryslaaf, Doortjie van die Kaap (Hoge 1946:71; K.A.:MOOC 6/1 vol III Sterftekennisgewings:336).

DE VOS, Jan Thomas

Jan de Vos was afkomstig van Braak in Nederland en gedurende die jare 1747 tot 1751 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1747-1749 & 1750-1751).

DE VRIES, Jan Pieter

Jan de Vries was afkomstig van Groningen en in die monsterrolle van 1735 tot 1742 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1735-1739 & 1740-1742).

DIJKMAN, Jacob

Jacob Dijkman was afkomstig van Badendorf en in die monsterrolle van 1747 tot 1751 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1747-1749 & 1750-1751).

DILL/DELL/TELLE/TILLE, Johan Christoffel

Johan Dill was afkomstig van Eisenach, Duitsland. Gedurende die jare 1752 tot 1757 het hy as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk en van 1758 tot 1779 was hy hoofhuistimmerman (Hoge 1946:70).

Op 17 Oktober 1757 is Dill met Catharina Carstens getroud en uit die huwelik is agt kinders gebore. Dill en Catharina Carstens is in 1771 geskei (Hoge 1946:70).

Hy is op 1 Junie 1779 oorlede (De Villiers 1981a:175).

DIRKSS, Hendrik

Hendrik Dirks was afkomstig van Kampen in Nederland en in die monsterrolle van 1723, 1725 en 1727 tot 1728 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 41 & 42 Generale Monsterrollen 1723, 1725 & 1727-1728).

DREYER, Claus

Al wat van hom bekend is, is dat hy as timmerman aan die Kaap gewerk het (Hoge 1946:79).

DRONTRIJDDEL, Hantje

Hantje Drontrijdel se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1751 tot 1754 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1755).

DU BOIS, Guiliamee

Guiliamee du Bois was afkomstig van Duinkerke in Nederland en in die monsterrolle van 1750 tot 1754 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1750-1755).

DUIJF, Andreas

Andreas Duifj was afkomstig van Brandenburg in Duitsland. Gedurende 1719 het Duifj met die rang van soldaat aan boord van die Loenderveen aan die Kaap gearriveer. Duifj was 'n timmerman van beroep en van 1720 af het hy in dié hoedanigheid aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:81; Leibbrandt 1905:364).

Duijf is op 23 Mei 1734 met Jannetjie Maartens, die weduwee van Jan Oosthuijzen, getroud (Hoge 1946:81).

ECHOFF, Joseph

Joseph Echöff was afkomstig van Schönsbeck in Duitsland en gedurende 1784 het hy as 'n huistimmerman aan die Kaap aangekom. Echcfff het in 1791 die diens van die Kompanjie verlaat (Hoge 1946:33).

EGGENSTEIN, Johann Dietrich

Johann Eggenstein was afkomstig van Wesfale in Duitsland. Eggenstein het in 1776 met die rang van soldaat na die Kaap gekom en gedurende 1777 tot 1785 het hy as 'n timmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:84). In 1780 was hy 'n lidmaat van die Lutherse gemeente aan die Kaap (Hoge 1938:223).

Eggenstein is op 23 Maart 1816 op die plaas van Frans Rousseau by Eersterivier oorlede (Hoge 1946:84).

ELKRIEN, Christoffel

Christoffel Elkrien se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1784 tot 1788 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1784-1788).

ELOFF, Zacharias Arend

Zacharias Eloff, die seun van Johann Andreas Eloff en Eleonore Strinkhof, was afkomstig van Werscherode naby Gandersheim in Duitsland (De Villiers 1981a:195; Hoge 1946:87). Gedurende 1759 het Eloff met die rang van soldaat aan boord van die Keukenhoff aan die Kaap aangekom (Leibbrandt 1905:423). Van 1765 tot 1766 het hy as 'n huistimmerman gewerk en word hy in die monsterrolle vermeld (Hoge 1946:87; K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1765-1766).

Gedurende die jaar 1767 of 1768 het hy om burgerskap aansoek gedoen (Leibbrandt 1905:423). Op 2 Mei 1773 is hy met Maria Sophia du Plessis getroud en uit die huwelik is vier kinders gebore (Colenbrander 1964:86; Heese 1971:107).

In 1777 het hy gevra dat 'n stuk grond by die Paarl aan hom toegeken word (Hoge 1946:87). Op 8 Januarie 1778 is Eloff deur 'n

slaaf vermoor (De Villiers 1981a:194; Hoge 1947:87; K.A.:M00C 6/1 vol II Sterftekennisgewings:141; Malherbe 1966:284).

ESGEN, Frans

Frans Esgen was afkomstig van Kleef in Nederland en in die monsterrolle van 1765 tot 1768 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC Generale Monsterrollen 1765-1768).

EVERTS, Volkerk

Volkerk Everts was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1719 tot 1722 word hy as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 41 Generale Monsterrollen 1719-1722).

FERSTER, Simon

Simon Ferster was afkomstig van Ommen by Overijssel in Nederland en in die monsterrolle van 1735 tot 1739 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1735-1739).

FIET, Hans Hendrik

Hans Hendrik Fiet was afkomstig van Blerk en in die monsterrolle van 1747 en 1750 tot 1752 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1747 & 1750-1752).

FLEIJSMAN, Frederik Ferdinand

Frederik Ferdinand Fleijsman was afkomstig van "Dramme" en in die

monsterrolle van 1750 tot 1754 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1750-1754).

FRANCKE, Christoph

Christoph Francke se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1779 tot 1782 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782). Gedurende die jaar 1780 was Francke 'n lid van die Lutherse gemeente aan die Kaap (Hoge 1938:224).

FREDRIKS, Harman

Harman Fredriks was afkomstig van "Wilhoun" en in 1758 het hy met die rang van soldaat na Indië vertrek. In 1764 het hy aan die Kaap aangekom en besluit om hom hier as timmerman te vestig (Leibbrandt 1906:455). In die monsterrolle van 1765 tot 1771 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1765-1771). Die monsterrolle vir 1772 tot 1774 ontbreek en dit is onbekend wanneer hy die Kompanjie se diens verlaat het.

FRISCHINSFELDT/FRISSEVELD, Georg Dietrich

Georg Frischinsfeldt, die seun van Johann Georg Frischinsfeldt, 'n timmerman, en Anna Rosina Weijgel, was afkomstig van Schneeberg in Sakse. In 1747 het Frischinsfeldt aan die Kaap aangekom en hom as timmerman op Stellenbosch gevestig.

Frischinsfeldt is op 18 Julie 1751 met Martha Maria le Roux getroud en op 10 Desember 1765 oorlede (Hoge 1946:103).

FRISSAART, Gidion

Gidion Frissaart was afkomstig van Maastricht by Limburg in Nederland en in die monsterrolle van 1701 tot 1705 word hy as timmerman vermeld. Volgens die monsterrolle van 1705 was Frissaart dié jaar vanweë een of ander siekte in die hospitaal (K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1701-1705).

GEEL, Pieter

Pieter Geel was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1786 tot 1789 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1786-1789). Die monsterrolle na 1789 ontbreek en dit is onbekend wanneer Geel die Kompanjie se diens verlaat het.

GEERLING, Johann

Johann Geerling was afkomstig van Bingerbrück en volgens die monsterrol van 1784 het hy as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:493; K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1783).

GEIJEN, Ernst Hendrik

Ernst Hendrik Geijen was afkomstig van "Seldervelt" en in die monsterrolle van 1751 tot 1754 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC Generale Monsterrollen 1751-1754).

GETCHIERS, Paulus Hendrik

Paulus Hendrik Getchiers was afkomstig van Utrecht en in die mon-

sterrolle van 1701 tot 1704 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1701-1704).

GRAAF/GRAFF, Johannes Jacobus

Johannes Jacobus Graaf was afkomstig van Riedlingen by die Donau in Duitsland. Graaf, die seun van Johann Martin Graaf en Anna Maria Hamer, is op 21 Julie 1754 gebore (Hoge 1946:117).

Die presiese datum van Graaf se aankoms aan die Kaap is onbekend, maar in die monsterrolle van 1775 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1775-1781). Van 1778 was hy die hoofhuistimmerman (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1778-1781 & 1782-1789). Die monsterrolle na 1789 ontbreek en dit is onbekend wanneer Graaf die Kompanjie se diens verlaat het.

Graaf is op 29 Augustus 1779 met Anna Catharina Wolmarans getroud (Colenbrander 1964:82-83; Hoge 1946:117). Uit die huwelik is ses kinders gebore.

Op 24 Desember 1804 is Graaf in die ouderdom van 51 jaar aan die Kaap oorlede (K.A.:MOOC 6/2 vol II Sterftekenningsgewings:97).

GRABE, Theophilus

Theophilus Grabe was afkomstig van Marburg in Duitsland en in 1783 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom (Hoge 1946:118). Van 1784 tot 1789 het hy as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:118; K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1784-1789). Die monsterrolle na 1789 ontbreek en dit is onbekend wanneer Grabe die Kompanjie se diens verlaat het.

GRIMM, Hans Jacob

Hans Jacob Grimm afkomstig van Hamburg het met die rang van soldaat na die Kaap gekom, en van 1715 tot 1717 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:121; K.A.:VC 40 & 41 Generale Monsterrollen 1715 & 1716-1717).

GROOS, Andries

Andries Groos was afkomstig van "Medinge" en in die monsterrolle van 1785 tot 1788 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1785-1788).

HAEN, Jan Ernst

Jan Ernst Haen was afkomstig van Pomhoff en in die monsterrolle van 1735 tot 1740 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1735-1739 & 1740).

HAHN, Johan Michael

Johan Michael Hahn was afkomstig van Oberweiler in die graafskap van Grumbach in Duitsland. In 1769 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom (Hoge 1946:130; Leibbrandt 1906:571). Van 1770 tot 1771 het Hahn as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:130; K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1770-1771). Hy was ook vir 'n tydperk as arbeider in diens van ene Theunis Gerrit van Aard (Leibbrandt 1906:571).

Hahn is op 15 Augustus 1780 met Maria Boomgaard van die Kaap in die huwelik bevestig en daar is geen kinders uit die huwelik gebore nie (Hoge 1946:130). Op 29 Oktober 1797 is Hahn met Helena

Maria Strydom, die dogter van Pieter Strydom en Helena van die Kaap, getroud en uit die huwelik is vyf kinders gebore (Colenbrander 1964:82-83; De Villiers 1981a:276; Hoge 1946:130).

HAMEL, Coenraad

Coenraad Hamel was afkomstig van Vlage en in die monsterrolle van 1779 tot 1782, 1784 en 1786 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782, 1784, 1786).

HAMELING, Arend

Arend Hameling was 'n boorling van die Kaap en in die monsterrolle van 1748 tot 1752 is hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1748-1749 & 1750-1752).

HANSONIUS, Egidius

Egidius Hansonius was afkomstig van Keulen in Duitsland en in 1776 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Van 1777 tot 1785 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:133; K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1777-1781 & 1782-1785). In 1785 het hy die diens van die Kompanjie verlaat (Hoge 1946:133).

Op 26 Mei 1782 is Hansonius met Anna Christina Jallas van die Kaap getroud en uit die huwelik is ses kinders gebore (Colenbrander 1964:84-85; De Villiers 1981a:283; Hoge 1946:133).

HARNS, Arnoldus

Arnoldus Harns was afkomstig van Antwerpen en in die monsterrolle van 1785 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1785-1789). Die monsterrolle nā 1789 ontbreek en dit is onbekend wanneer Harns die Kompanjie se diens verlaat het.

HEIJTMAN, Daniel

Daniel Heijtmán was afkomstig van Koningsbergen en in die monsterrolle van 1775 tot 1780 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1775-1780).

HELLER, Johan Lodewijk

Johan Lodewijk Heller was afkomstig van Brunswyk, Duitsland, en in 1743 het hy na die Kaap gekom (Hoge 1946:144). Van 1747 tot 1751 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1747-1749 & 1750-1751). Van 1751 tot 1755 was hy as huistimmerman in diens van Gerrit van Laar en in 1752 het hy gehelp om die nuwe orrel in die Groote Kerk te bou (Hoge 1946:144).

Op 7 Desember 1755 is hy met Christina Abrahamsz getroud en gedurende 1792 is hy oorlede (Hoge 1946:144).

HELMER, Johan Hendrik

Johan Hendrik Helmer was afkomstig van Friedrichstadt en in die monsterrolle van 1728 word hy as huistimmerman en 1729 tot 1732

as hoofhuistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1728-1732).

HENDRIKS, Filip

Filip Hendriks was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1763 tot 1771 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1763-1771). Die monsterrolle vir 1772 tot 1774 ontbreek en dit is onbekend wanneer hy die Kompanjie se diens verlaat het.

HENDRIKS, Hendrik

Hendriks was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1715 tot 1718 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 40 & 41 Generale Monsterrollen 1715 & 1716-1718).

HENSCH, Johannes Friedrich

Johannes Friedrich Hensch was afkomstig van St.-Andreasberg in Duitsland en gedurende 1730 het hy as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:151; K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1730).

In 1743 was hy en Johannes Henricus Hensch, waarskynlik 'n familielid van hom, twee van die 84 mense wat 'n versoekskrif onderteken het dat die Here XVII 'n Lutherse predikant vir die Kaap moet benoem (Hoge 1938:43).

HENSEN, Johannes

Johannes Hensen was afkomstig van Duitsland, maar sy presiese

dorp van herkoms is onbekend. Van 1717 tot 1719 het hy as timmerman vir die kerkraad van Stellenbosch gewerk (Hoge 1946:151).

HERBERT, Johan Jacob

Johan Jacob Herbert was afkomstig van Potsdam in Duitsland en in die monsterrolle van 1785 en 1787 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1785 & 1787-1789).

HERBST, Johan Heinrich

Johan Heinrich Herbst was afkomstig van Neukirchen in die distrik Ziegenhain in Duitsland. Hy was die seun van Marthinus Herbst. Gedurende 1767 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom, en in dieselfde jaar het hy as timmerman begin werk. In 1767 het hy die diens van die Kompanjie verlaat (De Villiers 1981a:306; Hoge 1946:152).

Op 29 November 1789 is hy met Maria Buytendag, die weduwee van Johannes Pietersen, in die Paarl getroud. Die egpaar het in die Paarl gewoon en uit die huwelik is 7 kinders gebore (Hoge 1946:152).

Herbst is op 23 April 1830 in die ouderdom van 82 jaar oorlede (De Villiers 1981a:306; Hoge 1946:152).

HERHOLDT, Johan Daniel

Johan Daniel Herholdt is in 1750 aan die Kaap gebore (Malherbe 1966:429). Heroldt was die seun van Albrecht Johann Heinrich Herholdt, wat in 1739 van Butzow in Duitsland na die Kaap gekom het, en Johanna Sophia Greyling van die Kaap. Die egpaar het

nege kinders gehad waarvan Johan Daniel een was (Malherbe 1966:429). Hy het as huistimmerman gewerk en van 1766 tot 1769 word hy so in die monsterrolle aangedui (Leibbrandt 1906:558; K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1766-1769). Gedurende 1777 is hy as kwartiermeester na Batavia, maar in 1778 het hy weer na die Kaap teruggekeer.

Herholdt is op 18 Februarie 1781 met Anna Catherina Dorothea Hitzman, wat op 17 Mei 1761 gebore is, getroud en uit die huwelik is elf kinders gebore (Malherbe 1966:429).

Herholdt is op 15 Januarie 1807 in die ouderdom van 56 jaar aan die Kaap oorlede (K.A.:M00C 6/2 vol II Sterftekennisgewings:126).

HEUNIS, Claas

Claas Heunis was afkomstig van "Nieuweuken" en in die monsterrolle van 1751 tot 1754 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1754).

HEYSE, Johann Christoffel Carl

Johan Heyse was afkomstig van Weimar in Duitsland en hy het in 1760 met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom. Van 1761 tot 1765 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:162; K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1763-1765). Gedurende 1768 of 1769 het hy weer die Kaap verlaat (Hoge 1946:162).

HOEN, Hendrik

Hendrik Hoen was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1717 tot 1719, 1721 tot 1723 en 1727 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 41 & 42 Generale Monsterrollen 1717-1719, 1721-1723 & 1727).

HOFMAN, Andries

Andries Hofman is aan die Kaap gebore en in die monsterrolle van 1751 tot 1754 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1754).

HOFMAN, Jan Casper

Jan Casper Hofman se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1763 tot 1766 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1763-1766).

HOFMEISTER, Simon Hendrik

Simon Hendrik Hofmeister van Detmold het in 1776 met die rang van soldaat na die Kaap gekom (Hoge 1946:169).

Gedurende die jare 1779 tot 1790 het hy as 'n huistimmerman gewerk. In 1791 het hy uit die diens van die Kompanjie getree (Hoge 1946:168; K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1780-1781 & 1782-1789).

Dit skyn asof Hofmeister nooit getroud was nie, maar hy het wel 'n buite-egtelike verhouding met Helena Beyers, die geskeide vrou van Heinrich Schweedden, gehad. Uit die verhouding is sewe kinders gebore (Hoge 1946:168).

Hofmeister het later blind geword en dit het finansiële nie baie goed met hom gegaan nie. In 1803 het hy die Kaapse kerkraad gevra om geldelike hulp aan hom te verleen (Hoge 1946:169).

Hofmeister is op 18 Julie 1806 in die ouderdom van 53 jaar oorlede (K.A.:MOOC 6/2 vol II Sterftekennisgewings:119).

HOOGWOUT, Jacob

Jacob Hoogwout was afkomstig van Borne, Overijssel, in Nederland en in die monsterrolle van 1785 tot 1788 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1785-1788).

HUCK, Michael

Michael Huck van Straatsburg in Duitsland is in 1727 gebore (Hoge 1946:175). In 1758 het hy as soldaat in Indië aangekom. In 1764 het hy aan boord van die Noord Beveland aan die Kaap aangekom (Hoge 1946:175; Leibbrandt 1906:554). Van 1764 tot 1769 het hy as huistimmerman gewerk (Hoge 1946:175; K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1764-1769).

Op 7 April 1771 is hy met Anna Christina de Wege, die weduwee van Adam Sedelaar en die dogter van Gideon de Wege, in die huwelik bevestig en uit die huwelik is vier kinders gebore (Colenbrander 1964:76-77; Hoge 1946:175). Gedurende 1774 het hy om burgerregte aansoek gedoen (Leibbrandt 1906:554).

Huck is op 17 November 1807 in die ouderdom van 80 jaar oorlede (Hoge 1946:175).

HUGGE, Johannes

Johannes Hugge was afkomstig van Augut en in die monsterrolle van 1779 tot 1786 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782-1786).

ISTERITS, Anthony

Anthony Isterits was afkomstig van Straatsburg, Duitsland. In die monsterrolle van 1760 en 1763 tot 1769 word hy as 'n huistim-

merman aangegee (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1730, 1763-1769).

JAAN, Johannes

Johannes Jaan was afkomstig van "Weisenvelds", Duitsland. Gedurende 1742 het hy as 'n soldaat aan die Kaap aangekom (Hoge 1946:180). Van 1743 tot 1748 het hy as 'n huistimmerman gewerk, hoewel die monsterrolle hom net in 1747 en 1748 vermeld (Hoge 1946:180; K.A.:VC 43 Generale Monsterrollen 1747-1748).

Jaan is in 1753 oorlede (Hoge 1946:180).

JANSS, Wilhelmus

Wilhelmus Janss was afkomstig van Wesel en in die monsterrolle van 1777 tot 1784 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1777-1781 & 1782-1784).

JELLE, Jan Christoffel

Jan Christoffel Jelle se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1751 tot 1755 word hy as 'n huistimmerman vermeld. Die monsterrolle van 1756 tot 1757 ontbreek en in die monsterrolle van 1758, 1760 en 1763 word Jelle as hoofhuistimmerman vermeld. Vanweë die onderbreking in die monsterrolle, is dit feitlik onmoontlik om te bepaal wanneer Jelle hoofhuistimmerman geword het (K.A.:VC 44 & 45 Generale Monsterrollen 1751-1755, 1758 & 1760, 1763).

JONASSE, Roelof

Roelof Jonasse was afkomstig van Flekkerö, Noorweë. Gedurende

1703 ontvang "de timmerman" Roelof Jonasse vergoeding vir die maak van "de papegaaij", 'n houtvoël vir skyfskiet. In 1706 was hy 'n meulenaar (Franken 1978:105).

Jonasse is in 1709 met Barbare Le Febre, die weduwee van Nicolaas Cleef, getroud en hulle seun, Daniel, is in 1710 gebore (De Wet 1964:94).

JUST, Carl Titus

Carl Titus Just was afkomstig van Stendal, Duitsland. Gedurende die jare 1727 tot 1728 was hy 'n timmerman aan die Kaap en van 1728 tot 1735 het hy as arbeider op 'n plaas gewerk (Hoge 1946:191).

Op 25 Mei 1742 is Just met Cornelia Venter, die weduwee van Willem van Staden, getroud. Op 5 Augustus 1753 is hy met Elisabeth van den Berg, die weduwee van Abraham Peltzer, getroud en uit die laaste huwelik is drie dogters gebore (De Villiers 1981a:381; Hoge 1946:191).

KAHMANN, Caspar Heinrich

Caspar Heinrich Kahmann was afkomstig van Minden, Duitsland. In 1788 het hy as 'n huistimmerman aan die Kaap aangekom. Van 1794 was hy in diens van ene Gysbert Van Reenen in Rondebosch. Kahmann is op 14 Junie 1805 oorlede (Hoge 1946:191).

KALTEYER, Anton

Anton Kalteyer was afkomstig van Niederze-zheim, Duitsland. In 1759 het hy as 'n soldaat aan die Kaap aangekom. Van 1760 tot 1763 was hy 'n huistimmerman (Hoge 1946:193).

Op 9 April 1764 is hy met Anna van Biljoen, die weduwee van Bartholomeus Zaayman, getroud. Die huwelik is in die Paarl voltrek (Hoge 1946:193).

Op 24 November 1795 is Kalteyer in die Paarl oorlede (Hoge 1946:193).

KEENING, Jan Christoffel

Jan Christoffel Keening was afkomstig van "Berenburg" en in die monsterrolle van 1749 tot 1755, 1758, 1760 en 1763 tot 1768 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 43, 44 & 45 Generale Monsterrollen 1749, 1750-1755, 1758, 1760 & 1763-1768).

KEPLER, Johann Peter

Johann Peter Kepler was afkomstig van Obersuhl, Duitsland. In 1754 het hy as huistimmerman na die Kaap gekom. In 1756 ontvang hy burgerregte en op 27 Augustus 1758 is hy met Pieterrella de Vries van die Kaap getrou. Pieterrella de Vries was die weduwee van Arend Robbert Schott. Gedurende 1759 is sy weens owerspel met Arnoldus Bentrin van Düsseldorf tot tien jaar dwangarbeid in die slawelosie gevonniss (Hoge 1946:198).

KEPPEL, Johan G.

Johan G. Keppel was afkomstig van "Geerlouw" en in die monsterrolle van 1766 tot 1769 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1766-1769).

KIDDERLIJN, Frans

Frans Kidderlijn was afkomstig van "Aldesig" en in die monster-

rolle van 1764 tot 1769 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1764-1769).

KLEP, Adriaan

Adriaan Klep se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1784 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1784-1789).

KLIJN, Johan Jurgen

Johan Jurgen Klijn was oorspronklik van Marienburg, België, en in die monsterrolle van 1736 tot 1740 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1736-1739 & 1740).

KOEN, Daniel

Daniel Koen was afkomstig van Brandenburg en in die monsterrolle van 1735 tot 1739 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1735-1739).

KOK, Jan Hendrik Christoffel

Jan Hendrik Christoffel Kok was afkomstig van "Mengelhouse" en in die monsterrolle van 1737 tot 1742 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1737-1739 & 1740-1742).

KÖNIG, Christian Ludwig

Christian Ludwig König was oorspronklik van Anhalt-Dessau, Duits-

land. König het in 1757 na die Kaap gekom en gedurende die jare 1758 tot 1761 het hy as 'n huistimmerman gewerk, voordat hy hom in 1762 op Stellenbosch gevestig het (Hoge 1946:213).

König is op 10 Julie 1765 met Elisabeth Sprie van Batavia, die weduwee van Christian Mook, getroud en uit die huwelik is vyf kinders gebore (Colenbrander 1946:70-71; De Villiers 1981a:416; Hoge 1946:213).

König is op 23 Augustus 1778 met Johanna Maria van den Berg, die weduwee van Jacobus Pretorius, getroud (Hoge 1946:213).

KOP, Johan Jacob

Johan Jacob Kop was afkomstig van "Guttingen" en in die monsterrolle van 1730 tot 1734 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1730-1734).

KRAMER, Jacob

Jacob Kramer was afkomstig van "Swartshuijs" en in die monsterrolle van 1769 tot 1771 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1769-1771).

KRAUSS, Frans

Frans Krauss was oorspronklik van Heidelberg en in die monsterrolle van 1786 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1786-1789).

KREEMER, Johann Adam

Adam Johann Kreemer van Bechtoldsheim, Duitsland, het in 1784 na

die Kaap gekom en hom hier as huistimmerman gevestig. Kreemer het tot 1791 as huistimmerman gewerk en in 1791 het hy die diens van die Kompanjie verlaat (Hoge 1946:219).

KROMMER, Frans

Frans Krommer se stad van herkoms was Amsterdam. Gedurende die jare 1730 tot 1732 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1730-1733).

KUHN, Johann Wilhelm

Johann Wilhelm Kuhn van Weimar in Duitsland, het as huistimmerman aan die Kaap gewerk. Dit is nie seker wanneer hy na die Kaap gekom het en watter jare hy as huistimmerman gewerk het nie. In 1775 was hy in die hospitaal. In 1776 het hy die Kompanjie se diens verlaat en in 1777 is hy oorlede (Hoge 1946:226; K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1775). Die monsterrolle vir die jare 1772 tot 1774 ontbreek en daar kan nie vasgestel word wat Kuhn in dié jare gedoen het nie.

KUIJPER, Jan

Jan Kuijper was afkomstig van Loenen naby Utrecht in Nederland. In die monsterrol van 1770 word hy as 'n timmerman vermeld. Daar word ook vermeld dat hy gedurende dié jaar weens siekte in die hospitaal was (K.A.:VC 45 Generale Monsterrolle 1770).

LADERMAN, Johan Godlieb

Johan Godlieb Laderman was afkomstig van "Stettijn" en in die monsterrolle van 1775 tot 1778 word hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1775-1778).

LAMBOSCH, Ferdinand

Ferdinand Lambosch se stad van herkoms was Amsterdam en in die monsterrolle van 1741 tot 1742 en 1747 tot 1748 word hy as 'n huistimmerman vermeld. Die monsterrolle vir 1743 tot 1746 ontbreek, maar heel waarskynlik het Lambosch ook gedurende dié tyd as huistimmerman gewerk (K.A.:VC 43 Generale Monsterrollen 1741-1742, 1747-1748).

LAMBREGHTS, Philip

Philip Lambreghts was afkomstig van "Lievershausen" en in die monsterrolle van 1738 tot 1742 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1738-1739 & 1740-1742). Dit is moeilik om te bepaal wanneer Lambreghts sy werk as huistimmerman gestaak het, want die monsterrolle vir 1743 tot 1746 ontbreek en in 1747 word sy naam nie weer vermeld nie.

LANDGRAAFF, Johan C.

Johan C. Landgraaff, afkomstig van Hamburg, word in die monsterrolle van 1786 tot 1789 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrolle 1786-1789).

LANGE, Johann Friedrich

Johann Friedrich Lange was afkomstig van Gorsleben, Duitsland, maar dit is onbekend wanneer hy na die Kaap gekom het. Gedurende die jare 1670 tot 1671 het hy as 'n huistimmerman gewerk. Die monsterrolle vir die jare 1772 tot 1774 ontbreek en dit is feitlik onmoontlik om te bepaal wat Lange gedurende dié jare gedoen het, maar in 1775 was hy 'n meulenaar en dié werk het hy tot 1786 gedoen (Hoge 1946:232; K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1770-1771).

Op 29 Januarie 1775 is Lange met Margaretha Lombard van die Kaap getroud. Uit die huwelik is nege kinders gebore. Een van hulle seuns, Johann Friedrich, is in 1793 in die Lutherse kerk gedoop (De Villiers 1981a:459; Hoge 1946:232).

In 1787 het Lange aansoek gedoen om na Europa te gaan om familieprobleme op te los en in 1789 het hy weer na die Kaap teruggekeer (Hoge 1946:232).

Gedurende 1790 het Lange weer eens verlov gevra om na Europa te gaan, maar hy is klaarblyklik nie weg nie, want dieselfde jaar het hy ook aansoek gedoen om sy eie meul agter sy huis in Dorpsstraat op te rig. In 1791 het hy verlov gevra om 'n meul by Platte Klip op te rig. Lange kon nie 'n ordentlike bestaan voer met die meul nie en in 1792 het hy beplan om na Batavia te gaan. Hy het egter aan die Kaap aangebly en op 28 Februarie 1796 is hy hier oorlede (Hoge 1946:232).

LAURENS, Broeder Sievert

Broeder Sievert Laurens van Bonn word in die monsterrolle van 1784 tot 1789 as 'n huistimmerman aangedui (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1784-1789). Die monsterrolle ná 1789 ontbreek en dit is nie bekend wanneer hy die Kompanjie se diens verlaat het nie.

LEOPOULUS, Martin

Martin Leopoulus was afkomstig van Leiden en in die monsterrolle van 1714 tot 1718 word hy as 'n huistimmerman vermeld. Gedurende 1717 was hy weens een of ander siekte in die hospitaal (K.A.:VC 40 & 41 Generale Monsterrolle 1714-1715 & 1716-1718).

LIGTENBERGEN, Philip

Philip Ligtenbergen se plek van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1784 tot 1788 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1784-1788).

LIJBIG, Andries

Andries Lijbig van "Zelgo" word in die monsterrolle van 1775 tot 1784 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1775-1781 & 1782-1784).

LINSINGH, Hermanus

Hermanus Linsingh se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1771 word sy beroep as huistimmerman aangegee (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1771). Die monsterrolle van 1772 tot 1774 ontbreek en dit is onseker wanneer hy uit die Kompanjie se diens getree het, want in 1775 word hy nie weer vermeld nie.

LODEWIJK, Johan Nicolaas

Johan Nicolaas Lodewijk, afkomstig van Koningzee, word in die monsterrolle van 1777 tot 1778, 1780 tot 1782, 1784 en 1787 as 'n

huistimmerman aangedui (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1777-1778, 1780-1781 & 1782, 1784, 1787).

LOHMANN, Peter

Peter Lohmann was afkomstig van Lauenburg, Duitsland. In 1754 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom en hom as huistimmerman gevestig. Lohmann het tot 1758 as huistimmerman gewerk. In 1759 het hy om burgerskap aansoek gedoen (Hoge 1946:245; K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1754-1755, 1758; Leibbrandt 1906:684).

LOMAN, Johannes

Johannes Loman se stad van herkoms was Amsterdam en in die monsterrolle van 1779 tot 1782 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782).

LUYT, Friedrich

Friedrich Luyt was afkomstig van Koningsbergen, Duitsland. In 1735 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom (Hoge 1946:254). Gedurende die jare 1735 tot 1739 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1735-1739). Van 3 November 1739 het die Burgerraad van Kaapstad hom as huistimmerman van die Kompanjie geleen. Gedurende 1746 het hy burgerskap aanvaar en hom daarna op Stellenbosch gevestig (Hoge 1946:254).

Luyt is op 13 Augustus 1741 met Rachel le Roux van die Kaap getroud (Colenbrander 1964:52; Heese 1971:93; Hoge 1946:254). Op 24 November 1748 is Luyt vir die tweede keer getroud en wel met

Hendrina Steinbrück, die weduwee van Henricus Evers en die dogter van Martinus Steinbrück (Hoge 1946:254). Luyt het vier kinders gehad, een by sy eerste vrou en drie by sy tweede vrou (De Villiers 1981a:514).

Hy is op 11 April 1761 aan die Kaap oorlede en is daarna op die koste van die kerk begrawe (K.A.:MOOC 6/1 vol I Sterftekenningsgewings:16; Hoge 1946:254).

MANSEN/MANSEL, Carl Johann Albrecht

Carl Johann Albrecht Mansen was afkomstig van Brunswyk, Duitsland. In 1751 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Gedurende 1751 tot 1753 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:257; K.A.:VC Generale Monsterrollen 1751-1752). In 1753 het Mansen burgerskap verkry (Hoge 1946:257).

Op 16 November 1752 is Mansen met Anna Scheffer van die Kaap getroud (Hoge 1946:257).

MARTENS, Joachim Heinrich

Joachim Heinrich Martens van Brandenburg, Duitsland, het in 1747 met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Gedurende 1755 het hy as stalkneg gewerk en nadat hy in 1755 burgerregte verkry het, as timmerman in Stellenbosch (Hoge 1946:259).

Op 5 Augustus 1759 is Martens met Jacomina van den Berg getroud en uit die huwelik is vier kinders gebore (Colenbrander 1964:56; Hoge 1946:259).

MEERMAN, Christoffel

monsterrolle van 1712 tot 1713 as huistimmerman en van 1714 tot 1719 as hoofhuistimmerman vermeld (K.A.:VC 40 & 41 Generale Monsterrollen 1712-1715 & 1716-1719).

In die Resolusies van die Politieke Raad word by 'n inskrywing op 7 September 1717 vermeld dat Meerman die hoof-timmerman was by die bou van die kerk en dat hy te min hout uit die Kompanjiesbosse bestel het (De Wet 1964:208).

MEIJER, Pieter

Pieter Meijer was afkomstig van Hamburg en in die monsterrol van 1770 word hy as timmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1770).

MESSING, Evert

Evert Messing se stad van herkoms was Amsterdam en in die monsterrolle van 1701 tot 1704 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1701-1704).

METZNER, Johann Adam

Johann Adam Metzner was afkomstig van Duitsland en in 1787 het hy as 'n soldaat na die Kaap gekom. Van 1788 tot 1791, toe hy uit die diens van die Kompanjie getree het, het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk. Nā 1791 het hy hom as wamaker by Swellendam gevestig (Hoge 1946:258).

Metzner is twee maal getroud: op 1 September 1793 met Martha Steyn en op 3 Julie 1796 met Jacomina van Deventer, die weduwee

van Johan Hendrik Conradie (Hoge 1946:269). Metzner het een dogter by sy eerste vrou gehad, nl. Martha Barbera. Die dogter is op 3 Junie 1820 met Johan Hendrik Nicolaas Hensen op Swellendam getroud (De Villiers 1981a:570; Hoge 1946:269).

Metzner is in 1806 oorlede (Hoge 1946:269).

MEYER, Gerarde

Gerarde Meyer was afkomstig van Stade, in Duitsland. Van 1776 tot 1782 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1777-1781 & 1782; Hoge 1946:270).

In 1779 het hy die nege maande oue slawemeisie Geesje, die dogter van Elisabeth Jacoba Petronella Lambertse, aangeneem. In sy aansoek om aanneming het Meyer aangevoer dat sy reeds gedoop was en dat hy aan haar 'n ordentlike opvoeding wou gee. Hy het 100 gulden vir die baba betaal (Hoge 1946:270; Leibbrandt 1906:776).

Gedurende 1780 was Meyer 'n lidmaat van die Lutherse Kerk aan die Kaap (Hoge 1938:227).

MOBES, Johan Godfried

Johan Godfried Mobes van Halle, België, word in die monsterrolle van 1786 tot 1789 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1786-1789).

MOLLENDORF, Hendrik Nicolaas

Hendrik Nicolaas Mollendorf se dorp van herkoms is onbekend, maar

in die monsterrolle van 1780 tot 1784 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1780-1781 & 1782-1784).

MÖLLER, Johan Ludwig

Möller se van word ook gespeld Moller en Müller. Hy is afkomstig van Elbrinxen en in 1720 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Van 1720 af het hy as huistimmerman gewerk. Möller het in 1721 burgerregte verkry (Hoge 1946:279).

MÖLLER, Rudolf Ditmar

Rudolf Ditmar Möller was afkomstig van Soest, Wesfale, Duitsland. Gedurende 1747 tot 1749 word hy as 'n huistimmerman in die monsterrolle vermeld (K.A.:VC 43 Generale Monsterrollen 1747-1749). Ná 1749 was hy nie meer in diens van die Kompanjie nie, maar het hy steeds as huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:279).

Gedurende 1758 het hy verlov gevra dat sy vrou, Geertruyd de Katenbrugge, en sy seun, Jan, van Amsterdam na die Kaap kom. Möller het twee ander kinders gehad, asook 'n buite-egtelike dogter, Elisabeth, by Johanna Elisabeth Spelling (Hoge 1946:279).

Möller is op 23 Desember 1770 oorlede (Hoge 1946:279).

MOORMAN, Stoffel

Stoffel Moorman se dorp van herkoms is onbekend, maar hy is in Duitsland gebore. Van 1712 tot 1714 het die Kompanjie hom as huistimmerman aan die kerk geleen (Hoge 1946:280).

MÜLLER, Carl

Carl Müller was afkomstig van Römheld in Sakse en nadat hy in 1704 aan die Kaap aangekom het, het hy hom as hoofstimmerman gevestig (Hoge 1946:282).

Müller was met Sara Wilhelmina Hovertoon getroud. Op 4 Julie 1715 is hy in die ouderdom van 46 jaar oorlede (Hoge 1946:282; K.A.:MOOC 6/2 vol II Sterftekennisgewings:223).

MÜLLER, Johann Andreas

Johann Andreas Müller was afkomstig van Lauterbach, Duitsland, en in 1771 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom. Müller, wat ook as huistimmerman aan die Kaap gewerk het, het in 1776 om burgerregte aansoek gedoen (Hoge 1946:286).

Müller, Johann Friedrich

Johan Friedrich Müller was afkomstig van Kreuznach, Duitsland. In 1752 het hy as soldaat na die Kaap gekom, en gedurende die jare 1754 tot 1756 het hy as huistimmerman gewerk (De Villiers 1981a:612; Hoge 1946:286).

Op 10 Junie 1764 is hy met Anna Catharina Labuschagne getroud en op 9 Desember 1778 oorlede (De Villiers 1981a:612; Hoge 1946:286; K.A.:MOOC 6/1 vol II Sterftekennisgewings:150).

NANNINGH, Runert

Runert Nanningh van "Neim" word in die monsterrolle van 1715 tot 1755 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1755).

NIEUWSTAD, Willem

Willem Nieuwstad van die Kaap word in die monsterrolle van 1768 tot 1771 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrolle 1768-1771).

OLHOFF, Christoffel Nicolaas

Christoffel Nicolaas Olhoff was afkomstig van Hamburg en in die monsterrolle van 1739 tot 1742 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1739 & 1740 tot 1742).

OUSTE, Jan

Jan Ouste van Ommen word in die monsterrolle van 1747 tot 1752 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1747-1749 & 1750-1752).

PAALING, Aart

Aart Paaling was afkomstig van Woerden in Suid-Holland en in die monsterrolle van 1751 tot 1754 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1754).

PARLEVLIIET, Gerrit

Gerrit Parlevliet se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1786 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1786-1789).

PICK, Johannes

Johannes Pick was afkomstig van Griesheim, Duitsland. In 1752 het hy as soldaat na die Kaap gekom. In die monsterrolle van 1752-tot 1755, 1758 en 1760 word hy as 'n huistimmerman vermeld (Hoge 1946:314; K.A.:VC 44 & 45 Generale Monsterrollen 1752-1755, 1758 & 1760). Pick het in 1760 burgerregte verkry (Hoge 1946:314).

PLASMAN, Evert Pieter

Evert Pieter Plasman was afkomstig van "Winningen" en in die monsterrolle van 1779 tot 1782 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782).

POELMAN, Jan Christiaan

Jan Christiaan Poelman van "Oudstettijn" word in die monsterrolle van 1784 tot 1789 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1784-1789).

Pök, Frans Josep

Frans Josep Pök of Beck was afkomstig van Praag, Tsjecho-Slowakye. Pök het van 1747 tot 1749 as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:317).

POSSE, Johan Jacob

Johan Jacob Posse of Boosen was afkomstig van Eisleben, Duitsland. Van 1732 tot 1736 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk en van 1737 tot 1742 was hy hoofhuistimmerman (Hoge 1946:318; K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1732-1739 & 1740-1742). Die monsterrolle vir die jare 1743 tot 1746 ontbreek

en dit is onbekend wanneer Posse die Kompanjie se diens verlaat het.

Posse het 'n orrel vir die dogter van goewerneur De la Fontaine gebou. Die orrel is later aan die Kaapse kerkraad verkoop en daarna is dit sestien jaar lank in die Grootte Kerk gebruik (Hoge 1946:318).

Op 3 April 1740 is Posse met Margaretha Becker, die dogter van Peter Becker, getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore.

Posse is in 1744 oorlede (Hoge 1946:318).

PRAUDE, Johan Lijbregt

Johan Lijbregt Praude was afkomstig van Eisleben en in die monsterrolle van 1769 tot 1771 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1769-1771). Die monsterrolle vir 1772 tot 1774 ontbreek en dit is onbekend wanneer Praude die Kompanjie se diens verlaat het.

PREYLER, Johan Frans

Johan Frans Preyler was afkomstig van Lüneburg en in die monsterrolle van 1775 tot 1779 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1775-1779).

RADEMAKER, Pieter

Pieter Rademaker was afkomstig van Hamburg in Duitsland. In 1731 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom en gedurende 1731 tot 1734 het hy as huistimmerman gewerk (Hoge 1946:322, 323; K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1731-1734).

Nadat Rademaker in 1735 burgerregte verkry het, het hy verlot gevra dat sy vrou, Elsabe Blinauw, van Hamburg na die Kaap kom. Daar is geen kinders uit die huwelik gebore nie (Hoge 1946:322-323).

Rademaker is in 1748 oorlede (Hoge 1946:323).

RADEMAN, Petrus Jacobus

Petrus Jacobus Rademan se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1771 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1771).

RAHLE, Johan Fredrik

Johan Fredrik Rahle van Amsterdam, word in die monsterrolle van 1779 tot 1782 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782).

REGTBEKER, Hendrik Julius

Hendrik Regtbeker was afkomstig van Brunswyk en in die monsterrolle van 1738 tot 1742 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1738-1739 & 1740-1742). Die monsterrolle vir 1743 tot 1746 ontbreek en dit is nie bekend of Regtbeker gedurende dié tyd ook as timmerman gewerk het nie.

REHMES, Christiaan

Christiaan Rehmes was afkomstig van "Houtsaltentalen", Duitsland, en in 1667 het hy as soldaat na die Kaap gekom. In die monsterrolle van 1768 tot 1771 word hy as huistimmerman vermeld (Hoge 1946:328. K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1768-1771). In

1771 het Rehmes burgerregte aan die Kaap verkry. Die monsterrolle vir 1772 tot 1774 ontbreek en dit is onbekend of hy gedurende dié jare vir die Kompanjie gewerk het (Hoge 1946:328).

Rehmes is op 22 April 1775 met Maria Susanna du Preez getroud (Hoge 1946:328).

RELSING, Johan Christian

Johan Christian Relsing van Blankenberg, België word in die monsterrolle van 1771 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1771).

REMMERS, Melchior

Melchoir Remmers van Wittmund in Duitsland het van 1721 tot 1722 die rang van soldaat aan die Kaap bekleed. Van 1723 tot 1729 het hy as kneg op 'n plaas gewerk en in 1730 was hy 'n huistimmerman (Hoge 1946:332; K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1730).

RENARD, Johannes Matheus

Johannes Matheus Renard van "Hage" word in die monsterrolle van 1779 tot 1784 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782-1784).

REPMOND, Johann Heinrich

Johann Heinrich Repmond was afkomstig van "Osterwig", Duitsland. In 1743 het hy as matroos na die Kaap gekom. Van 1745 tot 1749 het hy as kneg op 'n plaas gewerk. Na 1749 het hy as 'n timmerman gewerk en in 1752 is hy uit die Kompanjie se diens ontslaan (Hoge 1946:333).

RESKO, Conraad Hendriks

Conraad Hendriks Resko was afkomstig van Brunswyk. In die monsterrolle van 1718 tot 1722 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 41 Generale Monsterrollen 1718-1722).

RIJMERSCH, Johan Hendrik

Johan Hendrik Rijmersch van "Lusbeek" word in die monsterrolle van 1770 tot 1771 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1770-1771).

RIJMERTSZ, Johann Philipp

Johan Philipp Rijnmertsz was afkomstig van "Visbeck" naby Hamelin in Duitsland. Hy was die seun van Catharina en Johann Christoffel Rijnmertsz. Gedurende 1747 tot 1748 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk, maar sedert 1749 was hy nie meer in diens van die Kompanjie nie (Hoge 1946:329; K.A.:VC 43 Generale Monsterrollen 1747-1748).

Op 3 Maart 1754 is Rijnmertsz met Christina Susanna van die Kaap getroud en uit die huwelik is een dogter gebore (Hoge 1946:329).

Rijnmertsz het ook 'n buite-egtelike seun, Jan Fredrik, by die vryslaaf Agniete van die Kaap gehad. Toe Rijnmertsz op 9 September 1770 oorlede is, was Jan Fredrik sy enigste erfgenaam (Hoge 1946:329).

RIJNHOLT, Christoffel

Christoffel Rijnholt was herkomstig van Hesse-Kassel en in die monsterrolle van 1778 tot 1782 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1778-1781 & 1782).

RISPETER, Johan Godlieb

Johan Godlieb Rispeter was afkomstig van "Alsted" en in die monsterrolle van 1778 tot 1788 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1778-1781 & 1782-1788).

ROEBERT, Jacob

Jacob Roebert van Straatsburg word in die monsterrolle van 1779 tot 1784 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782-1784).

ROEP, Michiel

Michiel Roep was afkomstig van "Nieuwenbergen" en in die monsterrol van 1771 word hy as 'n timmerman vermeld. Gedurende 1771 het hy weens 'n ongesteldheid in die hospitaal beland (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1771).

ROOD, Godfried

Godfried Rood was afkomstig van Koningsbergen en in die monsterrolle van 1747 tot 1750 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1747-1748 & 1750).

RÖSER, Johann Gotthilf

Johann Gotthilf Röser was afkomstig van Zapfendorf of Zappendorp, Duitsland. In 1781 het hy in die hospitaal aan die Kaap gewerk, in 1782 was hy 'n huistimmerman en in 1783 het hy as 'n meulenaar gewerk (Hoge 1946:346; K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1782).

RUYGROKE, Aarmant

Aarmant Ruygroke was afkomstig van Vlaardingen in Suid-Holland en in die monsterrolle van 1714 tot 1719 word hy as 'n huistimmerman vermeld. Van 1720 tot 1728 word hy as hoof-huistimmerman vermeld (K.A.:VC 40, 41 & 42 Generale Monsterrollen 1714-1715; 1716-1725 & 1727-1728).

Ruygroke is op 18 Mei 1721 met Anna van Hoeting, die dogter van Roelof van Hoeting en Jannetjie van As, afkomstig van Amsterdam, getroud en uit die huwelik is vyf kinders gebore (Colenbrander 1964:42; De Wet 1971:106; Heese 1971:96).

Op 9 Januarie 1725 is 'n stuk grond "geleegen in deese Tafelvalleij" aan Ruygroke en die sieketrooster, Jan Mahieu, toegeken (De Wet 1971:114).

Op 13 Februarie 1725 word in die Resolusies van die Politieke Raad na Ruygroke verwys en daar word vermeld dat die skoorsteen van sy huis vuil was en dat dit aanleiding kon gee tot 'n brand (De Wet 1971:125).

Op 3 Maart 1729 is 'n versoek van Ruygroke om te mag repatrieer deur die Politieke Raad van die hand gewys (De Wet 1975:18).

SANDENBERG, Simon Jacobus

Simon Jacobus Sandenberg is aan die Kaap gebore en in die monsterrolle van 1769 tot 1771 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1769-1771). Die monsterrolle van 1772 ontbreek en dit is onbekend of Sandenberg nog in die Kompanjie se diens was.

SANSENET, Jan Philip

Jan Philip Sansenet was afkomstig van Gorcum en in die monsterrolle van 1729 tot 1735 word hy as 'n huistimmerman vermeld. In 1736 was hy die hoof-huistimmerman (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1729-1736).

SCHAAF, Dirk

Dirk Schaaf se stad van herkoms was Amsterdam en in die monsterrolle van 1747 tot 1750 word hy as 'n huistimmerman vermeld. Gedurende 1749 was Schaaf weens ongesteldheid in die hospitaal (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1747-1749 & 1750).

SCHEFFEN, Hendrik

Hendrik Scheffen van Amsterdam word in die monsterrolle van 1747 tot 1752 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1747-1749 & 1750-1752).

SCHERMER, Wilhelm

Wilhelm Schermer van "Andershause" word in die monsterrolle van 1758, 1760 en 1764 tot 1771 as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 & 45 Generale Monsterrollen 1758 & 1760, 1763-1771). Die monsterrolle van 1772 tot 1774 ontbreek en dit is onbekend wanneer Schermer die Kompanjie se diens verlaat het.

SCHMIDT, Johann Heinrich Christoffel

Johann Heinrich Christoffel Schmidt was afkomstig van Burg by Maaadenburg, Duitsland (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1755 &

1758). Schmidt het in 1754 as 'n matroos na die Kaap gekom. Van 1755 tot 1760 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk. Die monsterrolle van 1761 tot 1762 ontbreek en dit is onbekend wanneer hy die Kompanjie se diens verlaat het (Hoge 1946:368).

In 1760 het Schmidt burgerregte verkry en gedurende dieselfde jaar, op 14 September, is hy met Maria Juliana Jansen, die dogter van Jan Janse van Ceylon en Rosetta van Bengale, getroud. Daar is vyf kinders uit die huwelik gebore (Hoge 1946:368).

Schmidt is in 1789 oorlede (Hoge 1946:368).

SCHMIDT, Jurian

Jurian Schmidt was afkomstig van Switserland en van 1741 tot 1743 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:485).

SCHOLTS, Johan Godfried

Johan Godfried Scholts was afkomstig van "Schollenburg" en in die monsterrolle van 1771 is hy as 'n timmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1771).

Op 12 Julie 1789 is Scholts met Christina Frederica Peensch van die Kaap getroud. Sy was die dogter van Johan Friedrich Peensch. Uit die huwelik is agt kinders gebore (De Villiers 1981b:857).

SCHOSTAG, Christiaan

Christiaan Schostag van Koningsbergen, Duitsland, het in 1731 met die rang van soldaat na die Kaap gekom (Hoge 1946:376). Van 1732 tot 1735 het Schostag as huistimmerman aan die Kaap gewerk; van 1736 tot 1737 was hy nie in die Kompanjie se diens nie en in 1738

word hy weer as huistimmerman in die monsterrolle vermeld (Hoge 1946:376; K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1732-1735 & 1738).

SCHOUW, Carel Gustaf

Carel Gustaf Schouw was afkomstig van "Revel" en in die monsterrolle van 1781 tot 1788 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1781 & 1782-1788).

SCHRÖDER/SCHREUDER, Carl Gottlieb

Carl Gottlieb Schröder van "Kornits" in Duitsland het in 1751 met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Van 1751 tot 1753 was hy 'n huistimmerman (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1753). In 1754 was hy in diens van die Kaapse kerkraad en in 1758 was hy 'n wamaker (Hoge 1946:378).

Schröder het in 1759 burgerregte verkry. In 1768 het hy gerepa-treier (Hoge 1946:378).

SCHRÖDER/SCHREUDER, Johann Jacob

Johann Jacob Schröder, die seun van Johann Jurgen Schröder en Anna Elisabeth Koolhausen, was afkomstig van Hesse-Kassel. In 1750 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom en in 1750 tot 1752 het hy as huistimmerman gewerk (Hoge 1946:380; K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1750-1752). In 1753 was hy 'n meule-naar. In 1754 het hy burgerregte verkry en in 1761 het hy 'n lisensie gehad om bier en wyn te verkoop (Hoge 1946:380).

Op 19 November 1752 is hy met Johanna Meijn, die dogter van Johan

Meijn en Johanna van Hoeting, getroud. Op 8 Augustus 1756 is hy met Maria van Laar getroud. Uit die eerste huwelik is twee kinders en uit die tweede huwelik drie kinders gebore (Heese 1971:123; Hoge 1946:380).

Schröder is op 4 Junie 1806 in die ouderdom van 83 jaar oorlede (Hoge 1946:380).

SEEMANN, Detlef

Detlef Seemann was afkomstig van Brünsbüttel in Duitsland. In 1746 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Van 1747 tot 1748 was hy 'n huistimmerman en van 1749 tot 1753 was hy nie in die Kompanjie se diens nie. In 1753 het hy burgerregte verkry (Hoge 1946:389; K.A.:VC 43 Generale Monsterrollen 1747-1748).

Op 31 Desember 1752 is Seemann met Johanna Barbara de Jong getroud en op 16 Oktober 1763 is hy met Hendrina Engela getroud. Uit die twee huwelike is elf kinders gebore (Hoge 1946:389).

Seemann is op 9 Oktober 1788 oorlede (Hoge 1946:389).

SIDON, Anthony Hendrik

Anthony Hendrik Sidon was afkomstig van "Goster" by Hamburg, Duitsland, en in die monsterrolle van 1768 tot 1771 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1768-1771). Die monsterrolle vir 1772 tot 1774 ontbreek en dit is onbekend wanneer Sidon die Kompanjie se diens verlaat het.

SIEBERHAAN, Jan Andries

Jan Andries Sieberhaan was afkomstig van "Kornits" en in die mon-

sterrolle van 1751 tot 1754 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1754).

SNIBBE, Johan

Johan Snibbe van Bremen, Duitsland, word in die monsterrolle van 1752 tot 1755 as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1752-1755). Die monsterrolle vir 1756 tot 1757 ontbreek en dit is onbekend wanneer Snibbe die Kompanjie se diens verlaat het.

SNIJDER, Johan

Johan Snijder was afkomstig van "Engelingen" en in die monsterrolle van 1775 tot 1779 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1775-1779).

Snijder is op 3 Januarie 1794 aan die Kaap oorlede (K.A.:MOOC 6/1 vol. III Sterftekennisgewings:320).

SNIJFFELAAR, Hans Martens

Hans Martens Snijffelaar van "Jessen" word in die monsterrolle van 1739 tot 1742 as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1739 en 1740-1742). Die monsterrolle vir 1743 tot 1746 ontbreek en dit is onbekend wanneer Snijffelaar die Kompanjie se diens verlaat het.

STAPPER, Cornelis Pietersz

Cornelis Pietersz Stapper van Hoorn word in die monsterrolle van

1710 tot 1714 as huistimmerman vermeld. In 1713 is sy salaris van 14 gulden per maand tot 16 gulden verhoog (Böeseken 1962:316; K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1710-1714).

STEENROTS, Thomas

Thomas Steenrots van Delft word in die monsterrolle van 1720 tot 1723 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 41 Generale Monsterrolle 1720-1723).

STEERMAN, Christoffel

Christoffel Steerman se stad van herkoms was Amsterdam en in die monsterrolle van 1780 tot 1784 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1780-1781 & 1782-1784).

STEIJN, Johan Michiel

Johan Michiel Steijn van Koningsbergen, Duitsland, het in 1752 met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Van 1752 tot 1758 het Steijn as 'n huistimmerman aan die Kaap gewerk (Hoge 1946:412; K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1752-1755).

Nadat Steijn in 1758 burgerregte verkry het en besluit het om 'n vryburger te word, het hy die Kompanjie se diens verlaat (Hoge 1946:412).

Op 30 Augustus 1762 is Steijn met Hendrina Steinbruck, die weduwee van Friedrich Luyt, getroud en uit die huwelik is drie kinders gebore (Colenbrander 1964:62; Hoge 1946:412).

Gedurende die jare 1775 tot 1778 was Steijn weer eens as huistimmerman in diens van die Kompanjie. Ná 1778 verskyn sy naam

nie weer in die monsterrolle nie, maar in 1780 was hy nog steeds 'n lidmaat van die Lutherse kerk aan die Kaap (Hoge 1938:230; K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1775-1778).

STEINBACH, Johannes

Johannes Steinbach was afkomstig van Würzburg in Duitsland. In 1762 was hy 'n huistimmerman op Stellenbosch. Van 1762 tot 1764 het hy vir die kerkraad in Stellenbosch gewerk en van 1764 tot 1779 was hy weer eens in diens van die Kompanjie (Hoge 1946:409).

STOUTH, Hendrik

Hendrik Stouth van Altona in Duitsland word in die monsterrolle van 1779 tot 1783 as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782-1783).

STRAUSS, Carel Godlieb

Carel Godlieb Strauss se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1786 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen). Die monsterrolle ná 1789 ontbreek en dit is onbekend wanneer Strauss die Kompanjie se diens verlaat het.

STRINK, Jan

Jan Strink was afkomstig van Eisleben en in die monsterrolle van 1779 tot 1783 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782-1783).

STROHMEYER, Johann Nikolaus

Johann Nikolaus Strohmeier was afkomstig van Bernheim, Duitsland. In 1787 het hy met die rang van matroos na die Kaap gekom. Hy het as huistimmerman aan die Kaap gewerk. Strohmeier is op 6 Junie 1818 oorlede (Hoge 1946:417).

TEICH, Christoffel

Christoffel Teich van Danzig het van 1710 tot 1711 met die rang van soldaat aan die Kaap gewerk. Van 1711 tot 1713 was hy nie in die Kompanjie se diens nie en het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk. Van 1713 tot 1715 het hy as huistimmerman in diens van die Kompanjie gewerk (Hoge 1946:421; K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1714-1715).

T'HART, Thijs Hendrik

Thijs Hendrik T'Hart van "Soetewoude" word in die monsterrolle van 1751 tot 1755 as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1755). Die monsterrolle vir 1756 tot 1757 ontbreek en dit is onbekend wanneer T'Hart die Kompanjie se diens verlaat het.

T'Hart is op 15 November 1764 met Elizabeth Regina van Nederland getroud en uit die huwelik is vyf kinders gebore (Heese 1971:126).

THOMAS, Johan Marten

Johan Marten Thomas van "Holster", in Nederland, word in die monsterrolle van 1729 tot 1732 as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1729-1732).

TIEDEMANN, Heinrich

Heinrich Tiedemann was afkomstig van Berlyn in Duitsland en in 1786 het hy aan boord van The Francis aan die Kaap aangekom. Tiedemann het as timmerman vir die heemraad in Graaff-Reinet gewerk (Hoge 1946:426).

TOETEMAN, Dous

Dous Toeteman was afkomstig van Kleef en in die monsterrolle van 1778 tot 1783 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1778-1781 & 1782-1789).

VAN AS, Hendrik

Hendrik van As was afkomstig van Dordrecht en in die monsterrolle van 1784 tot 1789 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1784-1789). Die monsterrolle nā 1789 ontbreek en dit is onbekend wanneer Van As die Kompanjie se diens verlaat het.

Op 22 Julie 1792 is Van As met Gesina Eleonora Modemann getroud en uit die huwelik is drie kinders gebore. Op 22 Oktober 1797 is Van As met Johanna Hendrica Lieberts getroud en uit dié huwelik is vier kinders gebore (Colenbrander 1964:92-93; De Villiers 1981a:12-13; Malherbe 1966:1054).

VAN CLINKENBERG, Dirk Jansz

Dirk Jansz van Clinkenberg was afkomstig van Delft en in die monsterrolle van 1709 tot 1714 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1709-1714).

VAN COUMENBURG, Frans

Frans van Coumenburg was afkomstig van Leiden en in die monsterrol van 1770 word hy as timmerman aangedui. Daar word vermeld dat hy in 1770 weens een of ander siektetoestand in die hospitaal was (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1770).

VAN DEN HOUTEN, Jasper

Jasper van den Houten van Gent word in die monsterrolle van 1785 tot 1789 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1785-1789). Die monsterrolle ná 1789 ontbreek en dit is onbekend wanneer Van den Houten uit die Kompanjie se diens getree het.

VAN DER HAMME, Adriaan

Adriaan van der Hamme was afkomstig van Tilburg, Nederland, en in die monsterrolle van 1727 tot 1730 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1727-1730).

VAN DER HORST, Jacob

Jacob van der Horst was afkomstig van Graveland, Nederland, en in die monsterrolle van 1736 tot 1742 word hy as 'n huistimmerman vermeld. Die monsterrolle vir die jare 1743 tot 1746 ontbreek en in 1747 word hy as hoof-huistimmerman aangedui. Lg. pos het hy tot in 1753 bekleed (K.A.:VC 42, 43 & 44 Generale Monsterrollen 1736-1739; 1740-1742, 1747-1749 & 1750-1753). Op 19 Augustus 1754 is daar aan Van der Horst geld betaal "voor timmerman en smitsloon" (Franken 1940:49).

Van der Horst is op 17 Augustus 1749 met Johanna Felisia Strauss getroud (Malherbe 1966:1065).

VAN DER HORST, Pieter

Pieter van der Horst van Graveland word in die monsterrolle van 1739 tot 1742 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1739 & 1740-1742). Geoordeel aan die dorp van herkoms is hy moontlik familie van Jacob van der Horst. Die monsterrolle van 1743 tot 1746 ontbreek en dit is onbekend wanneer Van der Horst uit die Kompanjie se diens getree het.

VAN DER LINGEN, Gerrit

Gerrit van der Lingen was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1710 tot 1713 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1710-1713). Op 7 Maart 1713 is Van der Lingen se salaris van 15 gulden tot 18 gulden verhoog (Böeseken 1962:316).

VAN DER LITH, Christian

Christian van der Lith, seun van Christian Van der Lith en Gertrud Maria Schütte, was afkomstig van Sleeswyk, Duitsland. Van der Lith het in 1751 aan die Kaap aangekom en hom as timmerman gevestig. Hy het in 1761 burgerregte aan die Kaap verkry. Hy sterf in 1795 (Hoge 1946:245).

VAN DER PLOEG, Cornelis Leendert

Cornelis Leendert van der Ploeg was afkomstig van Rotterdam en in die monsterrolle van 1727 tot 1730 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1727-1730). In die jaar 1730 was Van der Ploeg weens een of ander siekte in die hospitaal.

VAN DER STEEN, Jacobus

Jacobus van der Steen van Delft word in die monsterrolle van 1702 tot 1709 as 'n timmerman aangedui (K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1702-1709). In 1699 was ene Jacobus van der Steen van Delft as hoof-huistimmerman aan die Kaap werksaam en dit is moontlik dieselfde man.

VAN DER WOUT, Jacobus

Jacobus van der Wout van Delft word in die monsterrolle van 1721 tot 1725 as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 41 Generale Monsterrollen 1721-1725).

VAN DOESBURG, Jan Gerrit

Jan Gerrit van Doesburg is in 1752 gebore en was afkomstig van Herveld in Gelderland. In die monsterrolle van 1779 tot 1785 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782-1785).

Op 9 Augustus 1789 is Van Doesburg met Femma Johanna Hendrina Beyers getroud. Op 29 Mei 1796 is hy vir 'n tweede keer getroud, en wel met Maria Petronella Volraad, die dogter van Johan Volraad (De Villiers 1981a:177). Van Doesburg het vyf kinders gehad.

Van Doesburg is op 12 November 1799 in die ouderdom van 47 jaar in die Land van Waveren oorlede (K.A.:MOOC 6/2 vol. I Sterftekennisgewings:30).

VAN EGEN, Dirk Jans

Dirk Jans van Egen was afkomstig van "Heijsden" en in die monsterrolle van 1720 tot 1730 word hy as huistimmerman vermeld.

In 1730 was hy in die hospitaal (De Wet 1971:274, voetnoot; K.A.:VC 41 & 42 Generale Monsterrollen 1720-1725 & 1727-1730).

VAN EURDINGE, Jan

Jan van Eurdinge van Amersfoort in Nederland word in die monsterrolle van 1754 tot 1755, 1758, 1760 en 1763 tot 1767 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 & 45 Generale Monsterrollen 1754-1755, 1758 & 1760, 1763-1767).

VAN GENKEL, Jacob

Jacob van Genkel van "Bosch" word in die monsterrolle van 1714 tot 1720 as huistimmerman vermeld. In 1719 was hy in die hospitaal (K.A.:VC 40 & 41 Generale Monsterrollen 1714-1715 & 1716-1720).

VAN GOGH, Gelijn

Gelijn van Gogh was afkomstig van Den Haag en in die monsterrolle van 1719 tot 1725 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 41 Generale Monsterrollen 1719-1725).

VAN LAAR, Jan Uyltjes

Jan Uyltjes van Laar, afkomstig van Bremen, het aanvanklik as skeepstimmerman aan die Kaap gewerk. Later het hy burgerregte verkry en hom as timmerman in Drakenstein gevestig. Hy was die eienaar van die plaas Stellengift (Hoge 1946:230).

Op 31 Oktober 1728 is hy in die Paarl met Gertruyd van Emmen... getroud. Uit die huwelik is drie kinders gebore (Colenbrander 1946:46; De Villiers 1981a:449-450; Heese 1971:92).

VAN LOON, Willem

Willem van Loon se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1785 tot 1788 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1785-1788).

VAN OOSTEN, Lourens

Lourens van Oosten was afkomstig van Utrecht en in die monsterrolle van 1780 tot 1786 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1780-1781 & 1782-1786).

VAN ROOYEN, Anthony

Anthony van Rooyen was afkomstig van Culemborg en in die jare 1710 tot 1713 word hy as hoof-huistimmerman vermeld (K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1710-1713).

Van Rooyen is twee keer getroud, op 10 Mei 1711 met Aletta van Nieuwkerken en op 17 Desember 1713 met Sophia Appel, die weduwe van Barend van der Westhuysen. Uit die twee huwelike is tien kinders gebore (De Villiers 1981b:796).

Op 3 Maart 1716 het Van Rooyen, Pieter van der Westhuijsen en Samuel Walters die Politieke Raad om finansiële hulp gevra aangesien hulle heelwat "onkosten aan smits, wagenmakers, onderhouding van slaven en verlies van deselve moeten bekostigen" (De Wet 1964:32).

VAN RUSTENBROEK, Jan

Jan van Rustenbroek was afkomstig van "Vlage" en in die monster-

rolle van 1780 tot 1784 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1780-1781 & 1782-1784).

VAN TANOU, Isaak

Isaak van Tanou se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1785 tot 1788 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1785-1788).

VELTBRUGGE, Pieter

Pieter Veltbrugge se stad van herkoms was Amsterdam en in die monsterrol van 1771 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1771). Die monsterrolle van 1772 tot 1774 ontbreek en dit is onbekend wanneer Veltbrugge die Kompanjie se diens verlaat het.

VERBALK, Jacobus

Jacobus Verbalk was afkomstig van Antwerpen en in die monsterrolle van 1729 tot 1734 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1729-1734).

VOGT, Johannes

Johannes Vogt was afkomstig van Bavaria en in 1743 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom. In die jare 1747 tot 1748

het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk; in 1749 het hy burgerregte verkry en in 1750 is hy oorlede (Hoge 1946:438).

VOORN, Lambertus

Lambertus Voorn van Rotterdam word in die monsterrolle van 1747 tot 1760 as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 43, 44 & 45 Generale Monsterrollen 1747-1749; 1750-1755, 1758 & 1760). Die monsterrolle vir die jare 1761 tot 1762 ontbreek en dit is onbekend wanneer Voorn die Kompanjie se diens verlaat het.

VRIESLING, Anthony

Anthony Vriesling was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrol van 1770 word vermeld dat hy as timmerman aan die Kaap gewerk het en dat hy gedurende die jaar weens siekte in die hospitaal was (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1770).

VRIJ, Bernhard

Bernhard Vrij van Montabaur, Duitsland, het in 1750 met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Van 1751 tot 1752 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk en daarna was hy tot 1755 kneg op 'n plaas. Vrij het in 1756 burgerregte verkry (Hoge 1946:442; K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751-1752).

Vrij is op 24 Mei 1756 met Anna van Aarde getroud en op 6 Oktober 1768 met Anna Margaretha Botha. Uit die huwelike is vyf kinders gebore (De Villiers 1981b:1083-1984; Heese 1971:127; Hoge 1946:442).

WAGENAAR, Daniel

Daniel Wagenaar was afkomstig van Brandenburg Duitsland, en in die monsterrolle van 1732 tot 1742 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1732-1739 & 1740-1742). Die monsterrolle van 1743 tot 1746 ontbreek en dit is onbekend wanneer Wagenaar die Kompanjie se diens verlaat het.

WAGENER, Johan Bernard

Johan Bernard Wagener van "Eswijler" word in die monsterrolle van 1778 tot 1789 as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1778, 1780 & 1784-1789). Die monsterrolle ná 1789 ontbreek en dit is onbekend wanneer Wagener die Kompanjie se diens verlaat het.

WAGNER, Johan Erdmann

Johan Erdmann Wagner van Berlyn het in 1752 met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Van 1760 tot 1765 het hy as kneg op 'n plaas gewerk; in 1766 het hy burgerregte verkry en daarna het hy as timmerman gewerk (Hoge 1946:444).

WALLENDORF, Heinrich Nikolaus

Heinrich Nikolaus Wallendorf van Duitsland, was van 1779 tot 1784 'n werker by die hospitaal en van 1785 tot 1789, toe hy uit die Kompanjie se diens getree het, 'n timmerman aan die Kaap. In 1795 het hy na Stellenbosch getrek (Hoge 1946:447).

Op 2 November 1783 is hy met Rosina Jacoba Abrahamse van die Kaap, die dogter van Jan Abrahamse en Rosina van die Kaap, getroud. Rosina is op 3 Oktober 1760 gebore en was 23 toe sy met

Wallendorf getroud is. Daar is sewe kinders uit die huwelik gebore (Hoge 1946:447).

Wallendorf is op 17 Julie 1821 in die ouderdom van 67 op Stellenbosch oorlede (Hoge 1946:447).

WALTERS, Johan Hendrik

Johan Hendrik Walters se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1771 word hy as timmerman vermeld, asook dat hy dié jaar in die hospitaal was (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1771). Daar is geen verdere verwysing na Walters nie, want die monsterrolle vir die jare 1772 tot 1774 ontbreek.

WESTERMAN, Hendrik

Hendrik Westerman was afkomstig van Schiedam in Suid-Holland. In die monsterrolle van 1777 tot 1785 word hy as huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1777-1781 & 1782-1785).

WIEHAHN, Georg Jacob

Georg Jacob Wiehahn is op 15 April 1767 gebore en was afkomstig van Duitsland. Sy vader, Christiaan Valentin Wiehahn, was 'n timmerman en sy moeder was Catharina Elisabeth Würzburg (Hoge 1946:461).

Wiehahn het met die rang van soldaat na die Kaap gekom en van 1789 af het hy as huistimmerman gewerk (K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1789). Nadat hy die Kompanjie se diens verlaat het, het hy hom as huistimmerman in Kuilsrivier gevestig (Hoge 1946:461).

Op 2 Desember 1798 is Wiehahn met Adriana Jacoba van die Kaap getroud en uit die huwelik is tien kinders gebore. Wiehahn is op 8 Junie 1819 in die ouderdom van 52 jaar op Stellenbosch oorlede (De Villiers 1981b:1129; Hoge 1946:461).

WIEHAHN, Johann Christian

Johan Christian Wiehahn is in 1774 gebore en was afkomstig van Duitsland. Hy was die broer van Georg Jacob Wiehahn en hy het as huistimmerman in sy broer se diens gewerk (Hoge 1946:461).

Wiehahn was met Gesina Christina Ahlers, die weduwee van J.H. Wulff van Oldenburg, getroud. Hy is op 12 April 1808 in die ouderdom van 50 jaar op Stellenbosch oorlede (Hoge 1946:461).

WIESENAAR, Johan Arnoldus

Johan Arnoldus Wiesenaar van "Wesel" word in die monsterrolle van 1775 tot 1789 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1775-1781 & 1782-1789). Die monsterrolle nā 1789 ontbreek en dit is onbekend wanneer Wiesenaar uit die Kompanjie se diens getree het.

WILLEMSS, Jacob

Jacob Willemss van "Pasten" word in die monsterrolle van 1738 tot 1742 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 & 43 Generale Monsterrollen 1738-1739 & 1740-1742). Die monsterrolle vir 1743 tot 1746 ontbreek en dit is onbekend wanneer Willemss die Kompanjie se diens verlaat het.

WILTSANK, Christiaan

Christiaan Wiltsank was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrolle van 1728 tot 1731 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1728-1731).

WIND/WINDT, Jonas

Jonas Wind was afkomstig van Zerbst, Duitsland, en in 1754 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom. Wind het as timmerman vir die Kompanjie gewerk en in 1758 burgerregte verkry (Hoge 1946:465).

Wind is op 6 Mei 1759 met Helena Jacobs getroud en uit die huwelik is drie kinders gebore (De Villiers 1981b).

Hy is op 26 Julie 1774 oorlede (Hoge 1946:465; K.A.:M00C 6/1 vol. I Sterftekennisgewings:116).

WITMANS, Johan Christiaan

Johan Christiaan Witmans se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1751 tot 1755, 1758, 1760 en 1763 tot 1769 word hy as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 44 & 45 Generale Monsterrollen 1751-1755, 1758 & 1760, 1763-1769).

WOHLFAHRT, Hermanus Tobias

Hermanus Tobias Wohlfahrt van Otterberg naby Bremen, Duitsland, het in 1786 met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom. Van 1787 het hy as huistimmerman aan die Kaap gewerk. Nadat hy die

Kompanjie se diens in 1789 verlaat het, het hy as vrytimmerman gewerk (Hoge 1946:469; K.A.:VC 47 Generale Monsterrollen 1787-1789).

Hermanus Tobias Wohlfahrt is op 6 April 1812 in die ouderdom van 49 jaar op Stellenbosch oorlede (K.A.:M00C 6/2 vol. 2 Sterftekenisgewings:190).

WOLFF, Johann Heinrich

Johann Heinrich Wolff van Ansbach in Duitsland het van 1786 as huistimmerman aan die Kaap gewerk. Nadat Wolff in 1808 oorlede is, is hy ooreenkomstig sy eie versoek in die slawelosie begrawe (Hoge 1946:470).

WÖRNER, Johann Jacob

Johann Jacob Wörner was afkomstig van "Königsbronn". Van 1733 tot 1734 het hy as huistimmerman gewerk en daarna het hy die Kompanjie se diens verlaat (Hoge 1946:472; K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1734).

3.3.2 Draaiers

GORTS, Johan Michiel

Johan Michiel Gorts was afkomstig van Dresden, Duitsland. In 1737 het hy as draaier aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen, 1737).

HOLTZHAUSEN, Johann Andreas

Johan Andreas Holtzhausen was afkomstig van Ellrich. Van 1729 tot 1731 het hy as draaier aan die Kaap gewerk, maar van September 1732 af is hy as plaaskneg aan Jan Harsmensz Potgieter geleen. In 1734 het hy burgerregte verkry en hom as kaptein van die dragonders in Swellendam gevestig (Hoge 1946:171-172).

Holtzhausen is met Maria Elisabeth Botha getroud en uit die huwelik is drie seuns gebore, waarvan net twee se name bekend is, nl. Theunis Johan Philip en Johan Andries (De Villiers 1981a:329; Hoge 1946:171-172).

Holtzhausen is op 1 Oktober 1765 op Swellendam oorlede (Hoge 1946:171-172).

KEBELER, Johannes

Johannes Kebeler van "Milbag" of "Milberg" word in die monsterrolle van 1779 tot 1789 as 'n draaier vermeld (K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782-1789). Daar word geen monsterrolle ná 1789 aangetref nie en dit is onbekend wanneer Kebeler die Kompanjie se diens verlaat het.

KENEKE, Johann Dietrich

Johann Dietrich Keneke was afkomstig van Halberstadt, Duitsland. In 1757 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom (Hoge 1946:213). Van 1758 tot 1761 het hy a draaier gewerk (K.A.:VC 44 & 45 Generale Monsterrollen 1758 & 1760; Hoge 1946:213-214).

Keneke is op 26 Oktober 1760 met Johanna Maria, 'n vrygestelde slavin van Bengale, getroud (Hoge 1946:213-214).

Keneke is op 24 November 1774 oorlede (K.A.:M00C 6/1 vol. I Sterftekennisgewings:118).

KESLER, Marthien

Marthien Kesler van Freiburg word in die monsterrolle van 1775 as 'n draaier vermeld (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1775).

KETTER, Martinus

Martinus Ketter was afkomstig van Freiburg, Duitsland. In 1762 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom. Ketter het in 1775 as draaier aan die Kaap gewerk, maar op 14 Desember 1775 het die Kompanjie toegestem dat Ketter as plaashulp vir sy vrou kon werk (Hoge 1946:199).

Ketter is op 29 Januarie 1775 met Margaretha Adamse van die Kaap, die weduwee van Johann Franz Ophausen, getroud en uit die huwelik is vyf kinders gebore (Hoge 1946:199).

Ketter is op 20 Januarie 1796 oorlede (K.A.M00C 6/1 vol. 3 Sterftekennisgewings:334).

KOEHLER, Abraham

Abraham Koehler was afkomstig van Hesse-Kassel en in die monsterrolle van 1766 tot 1771 word hy as draaier vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1766-1771). Die monsterrolle vir die jare 1772 tot 1774 ontbreek en dit is onbekend wanneer Koehler die Kompanjie se diens verlaat het.

KÖHLER, Ferdinand Augustus

Ferdinant Augustus Köhler van Vlissingen naby Maagdenburg, Duitsland, is in ongeveer 1739 gebore en het in 1765 as 'n jong matroos aan die Kaap aangekom. Nadat hy in 1770 sy burgerregte verkry het, het hy hom as draaier hier gevestig (Hoge 1946:212).

Köhler is op 24 Junie 1770 met Elisabeth Dirkje Zeeman getroud en uit die huwelik is ses kinders gebore, o.a. twee seuns, Johannes Leonardus en Jacobus Franciscus. Die ander kinders se name word nie vermeld nie (Hoge 1946:212).

Köhler is op 5 Julie 1823 in die ouderdom van 84 jaar oorlede (Hoge 1946:212).

MEERENELF, Pieter

Pieter Meerenef was afkomstig van Amsterdam en in die monsterrol van 1775 word hy as draaier vermeld (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1775).

NOLTHER, Jan Daniel

Jan Daniel Nolthe se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1747 word hy as draaier vermeld (K.A.:VC 43 Generale Monsterrollen 1747).

OVERWALD, Jan Hendrik

Jan Hendrik Overwald se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1751 word hy as draaier vermeld (K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1751).

PETEREAU, Jean

Jean Petereau, afkomstig van Amsterdam het in 1741 en 1742 as draaier aan die Kaap gewerk (K.A. 43 Generale Monsterrollen 1741-1742).

RAMMERS, Joheph

Joseph Rammers se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1776 tot 1778 word hy as draaier vermeld (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1776-1778).

RICKERS, Anthonij

Anthonij Rickers van Rynsberg het in die jare 1741 tot 1742 as draaier aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 43 Generale Monsterrollen 1741-1742).

SANDELER/ZÄNDLER, Jacob

Jacob Sandeler was afkomstig van Wenen, Oostenryk, en in 1742 het hy as matroos na die Kaap gekom. Nadat hy burgerregte verkry het, het hy van 1743 tot 1751 as draaier in diens van die Kompanjie gewerk (Hoge 1946:353).

Sandeler is op 15 Maart 1744 met Johanna Arends, die weduwee van Pieter Hameling, getroud (Hoge 1946:353).

Hy is op 5 Maart 1781 oorlede. Die sterftekennisgewing vermeld geen vrou of kinders nie (K.A.:MOOC 6/1 vol. 2 Sterftekennisgewings:172).

SIMONS, Johan Godfried

Johan Godfried Simons van Wittenberg, Duitsland, word in die monsterrolle van 1763 tot 1765 as draaier vermeld (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1763-1765).

STUIJVER, Michiel Solomon

Michiel Solomon Stuijver van Brugge word in die monsterrol van 1762 as draaier vermeld (K.A.:VC 48 Generale Monsterrollen 1762).

THYS/THIES, Johan Jacob

Johan Jacob Thys van "Gudensberg", Duitsland, die seun van Bernhard Thys en Christina Lange, het in 1790 na die Kaap gekom en hom as draaier gevestig (Hoge 1946:425).

Thys is op 15 Januarie 1797 met Anna Wilhelmina Briel, die dogter van Franz Briel, getroud en uit die huwelik is sewe kinders gebore (De Villiers 1981b:979; Hoge 1946:425).

.3.3 Voeërs

BODE, Samuel Friedrich

Samuel Friedrich Bode was afkomstig van Lüneburg, Duitsland. In 1767 het hy as soldaat na die Kaap gekom. In 1774 het hy as huistimmerman gewerk; in 1775 verkry hy burgerregte en daarna het hy as voëer gewerk (Hoge 1946:37).

Bode is op 21 Januarie 1776 met Anna Elisabeth Delpport, die we-

duwee van Johan Friedrich Staakmann getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore. Bode is op 20 Junie 1791 oorlede (Hoge 1946:37).

Die van Bode is later na Botha verander en een van Samuel Friedrich Bode se afstammeling is Colin Graham Botha die voormalige hoofargivaris van die Argief van die Unie van Suid-Afrika. Volgens Graham Botha was S.F. Bode 'n afstammeling van die Hugenote-familie Boudier wat hulle in Duitsland gevestig het en die van Bode aangeneem het (Hoge 1946:37).

BRESLER, Johannes

Johannes Bresler van Hesse-Kassel het in 1752 as soldaat na die Kaap gekom. Van 1754 tot 1755 het hy as hoofuistimmerman gewerk; van 1755 tot 1756 as konstabel; en van 1762 tot 1773 was hy in diens van die brandweer. Een van sy belangrikste take aan die Kaap was die werk wat hy as voeër aan die orrel in die Grootte Kerk gedoen het (De Villiers 1981a:100-101; Hoge 1946:47; K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1754-1755).

Op 13 September 1761 is Bresler met Sara Dreyer, die dogter van Johannes August Dreyer, getroud en uit die huwelik is vier kinders gebore (De Villiers 1981a:100-101; Hoge 1946:47).

Johannes Bresler is op 14 Oktober 1773 oorlede (K.A.:MOOC 6/1 vol. I Sterftekennisgewings:110).

DORPFLING, Johann Michael

Johan Michael Dorpfling, of Derveling, afkomstig uit Halberstadt, Duitsland, het in 1769 met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Dorpfling, wat in 1778 burgerregte verkry het, het as

voeër gewerk (Hoge 1946:78).

Hy is op 17 Augustus 1783 met Susanna Sophia Witsel getroud en uit die huwelik is drie kinders gebore (Hoge 1946:78).

GATJE, Franz

Franz Gatje van "Husum" het in 1789 met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom. Gatje, wat in 1792 die Kompanjie se diens verlaat het, het hom daarna as voeër gevestig (Hoge 1946:107).

GREEVE, Conrad Adolph

In die sterfteregister van Swellendam word sy van as Gräbe aangegew. Greeve is herkomstig van Marburg in Duitsland. Teen ongeveer 1800 het hy hom as voeër op die plek wat tans as Caledon bekend staan, gevestig (Hoge 1946:119).

Greeve is op 16 Oktober 1796 met Dina Johanna Odendaal in die huwelik bevestig en uit die huwelik is drie kinders gebore (De Villiers 1981a:262; Hoge 1940:119).

Greeve is op 19 Desember 1834 in die ouderdom van 63 op Swellendam oorlede (Hoge 1946:119).

ISRAEL, Johann Friedrich

Johan Friedrich Israel van Dielingen, Duitsland, het in 1756 met die rang van soldaat na die Kaap gekom. In 1761 het Israel as kneg op 'n plaas gewerk. In dieselfde jaar verkry hy burgerregte en daarna werk hy as voeër (Hoge 1946:179).

Israel is op 3 Januarie 1762 met Agnita van die Kaap getroud en uit die huwelik is vyf kinders gebore. Nadat Israel op 25 Mei 1769 oorlede is, het sy vrou 'n toelaag van vier riksdalder per maand ontvang. Agnita is op 22 Februarie 1773 oorlede (De Villiers 1981a:351; Hoge 1946:179).

LUTTIG, Helmuth

Ene Helmuth Luttig van "Grabouw" word in die monsterrolle van 1730 tot 1734 as 'n huistimmerman vermeld (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1730-1734). In 1736 het ene Helmuth Luttig van Grabouw met die rang van adelbors na die Kaap gekom en hom as voëer hier gevestig. Hoge spreek die vermoede uit dat dit een en dieselfde man is. Hy meen dat Luttig na 1734 na Duitsland terug is en toe weer in 1736 na die Kaap gekom het (Hoge 1946:253). Luttig het in 1738 om burgerregte aansoek gedoen. In 1752 doen hy aansoek om 'n plaas in Drakenstein en in 1753 was hy 'n meuleenaar op Stellenbosch (Hoge 1946:253; Leibbrandt 1906:681).

Hy is op 1 Maart 1744 met Hermina de Vries, die weduwee van Cornelis Hendrik Vollenhoven, getroud en uit die huwelik is agt kinders gebore. Hy is op 11 Maart 1790 in die Paarl oorlede (Hoge 1946:253; K.A.MOOC 6/1 vol. 3 Sterftekennisgewings:286).

REIMANN, Johann Gottlieb

Johann Gottlieb Reimann van Koningsbergen, Duitsland, het in 1759 met die rang van matroos na die Kaap gekom. Nadat hy in 1763 burgerregte verkry het, het hy hom as voëer hier gevestig (Hoge 1946:329).

RICHTER, Carl Heinrich

ie rang van soldaat via Indië aan die Kaap aangekom. In 1776 het hy burgerregte verkry en in 1783 het hy toestemming gevra om hom as 'n voëer in die Paarl te vestig (Hoge 1946:335).

RICKE/RIECKE, Johann Jacobus

Johann Jacobus Ricke was afkomstig van Groszsalze, Duitsland. In 1774 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Nadat hy in 1778 burgerregte verkry het, het hy hom as voëer hier gevestig (Hoge 1946:337).

Ricke is op 4 Junie 1780 met Martha Cecilia Theron, die weduwee vn Dirk Pretorius, getroud (Hoge 1946:337).

SEGER, Johann Peter

Johann Peter Seger was afkomstig van Berlyn in Duitsland. In 1756 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom. Seger het hom as 'n voëer hier gevestig en in 1763 het hy burgerregte verkry (Hoge 1946:389).

Hy is op 22 Januarie 1764 met Eva van die Kaap getroud en uit die huwelik is sewe kinders gebore (Hoge 1946:389).

Hy is op 5 Januarie 1787 oorlede (Hoge 1946:389).

SIEMS, Johann Georg

Johann Georg Siems van Mecklenburg, Duitsland, is in 1751 gebore. In 1775 het hy met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom. Van 1775 tot 1784 het hy as wadrywer gewerk. Nadat Siems in 1785 burgerregte verkry het, het hy as voëer gewerk (Hoge 1946:397).

Siems is op 24 November 1793 met die slaaf Elisabeth van die Kaap, wat hy in 1790 vrygestel het, getroud. Die egpaar het 'n seun, Fredrik Adolph Siems, gehad wat op 7 Desember 1783 gedoop is. Fredrik Adolph Siems is op 11 Maart 1709 oorlede en sy graf is later by Zorgvliet, 'n plaas naby Brooklyn, gevind (Hoge 1946:397).

In 1794 het J.G. Siems om 'n stuk grond naby Dieprivier aansoek gedoen. Hy is op 18 Junie 1826 in die ouderdom van 75 jaar oorlede (Hoge 1946:397; K.A.:MOOC 6/3 vol. 4 Sterftekennisgewings: 104).

TÖLNER, Carel Simon

Carel Simon Tölner was afkomstig van Schwerin in Duitsland. In 1765 het hy met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Van 1768 tot 1771 het hy as huistimmerman gewerk; van 1771 tot 1776 as kneg op 'n plaas en van 1777 tot sy dood in 1778 as voëer (Hoge 1946:428 en K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1768-1771).

Tölner het in 1775 burgerregte verkry (Hoge 1946:428).

ULRICH, Johan Adam

Johan Adam Ulrich van Oberhochstadt, Duitsland, het in 1776 met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Nadat Ulrich in 1782 burgerregte verkry het, het hy as voëer gewerk (Hoge 1946:431).

Ulrich is op 21 Desember 1783 met Rosa Catharina Pitzer getroud. Hoge skryf dat daar net een seun uit die huwelik gebore is, nl. Johannes Petrus Philip, wat in 1785 in die Lutherse kerk gedoop is (Hoge 1946:431). Malherbe vermeld 'n tweede seun, Fredrik Philip, en geoordeel aan die beskikbare gegewens, lyk dit asof Fredrik Philip 'n buite-egtelike kind van Ulrich en ene Carolina Charlotta was (Hoge 1946:431; Malherbe 1966:1049).

Johannes Petrus Philip se beroep is onbekend, maar sy twee seuns, Johan Fredrik en Johannes Petrus, was volgens die Kaapse Almanakke van 1849 tot 1867 timmermans en kabinetmakers te Boomstraat 8, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1849-1867).

Johan Adam Ulrich is op 4 Julie 1785 aan die Kaap oorlede (K.A.MOOC 6/1 vol. 2 Sterfttekennisgewings:228).

WISMANN, Johann Georg

Johann Georg Wismann van Frankfurt, Duitsland, die seun van Johann Peter Wismann en Maria Margaretha Hartmann, het in 1773 met die rang van soldaat na die Kaap gekom. Wismann, wat in 1780 burgerregte verkry het, het as voeër gewerk (Hoge 1946:466).

Wismann is op 4 Februarie 1781 met Elisabeth Minnie, die dogter van Johannes Minnie, getroud en uit die huwelik is een seun gebore (Hoge 1946:466).

Hy is op 16 Mei 1785 oorlede (Hoge 1946:466).

3.3.4 Beeldhouers

ANREITH, Anton


Anton Anreith, die seun van Georg Johann Anreith en Anna Maria Busch, is op 11 Junie 1754 te Riegel naby Freiburg in Duitsland gebore. Anreith het sy onderrig ontvang by die beeldhouer Christian Wenzinger in Freiburg (SABW III 1977:26). In 1777 het hy in Amsterdam by die V.O.C. aangesluit en op 12 November 1777 met die rang van soldaat aan die Kaap aangekom (Hoge 1946:8).

In 1778 was Anreith 'n arbeider by die nuwe hospitaal aan die Kaap. Van 1779 tot 1785 was hy 'n huistimmerman en in 1786 is hy deur die Kompanjie tot meesterbeeldhouer bevorder (De Bosdari 1954:22; Hoge 1946:8; K.A.:VC 46 & 47 Generale Monsterrollen 1779-1781 & 1782-1789). In die jare 1813 tot 1821 word hy weer as 'n beeldhouer in die C.O.G.H.A. vermeld (C.O.G.H.A. 1813-1816 & 1821).

Anreith het baie dikwels met Louis Michel Thibault en die beeldhouer Herman Schutte, saamgewerk. Thibault was afkomstig van Picquigny naby Amiens in Frankryk. Gedurende Februarie 1783 het Thibault met kol. Charles Daniel de Meuron se regiment aan die Kaap aangekom. Thibault was aanvanklik as ingenieur aan die Kaap gewerk het, het in 1803 inspekteur van alle regeringsgeboue geword (De Puyfontaine 1972:2-3, 20, 124; SABW I 1968:821-822).

Afgesien van bekende stukke beeldhouwerk, o.a. die aan die Kat-balkon in die Kasteel, Kaapstad, en die preekstoel van die Groote Kerk, Kaapstad, word vermoed dat hy ook meubelstukke gemaak het. Daar bestaan egter geen meubelstuk wat bo alle twyfel aan Anreith gekoppel kan word nie. In die Sarie Marais van 13 September 1967 verskyn egter 'n foto van 'n ronde tafel, ryklik met snywerk versier, en word gemeld dat die tafel baie noue ooreenkomste vertoon met Anreith se styl (Sarie Marais 3/9/1967: 33).

Anreith is op 4 Maart 1822 te Bloemstraat, Kaapstad, oorlede (Hoge 1946:8).



Die tafel wat kenmerke vertoon van Anreith se styl (Sarie Marais 13 September 1967:32).

DE LIENE, Jan

Jan de Liene, afkomstig van Gent, het in die jare 1714 tot 1716 as beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 40 & 41 Generale Monsterrollen 1714-1715 & 1716).

HARTMAN, Laurens

Laurens Hartman, afkomstig van Worms in Duitsland, het in die jare 1756 tot 1763 as beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 44 & 45 Generale Monsterrollen 1758, 1760-1761 & 1763).

HEKSEMAAN, Johannes

Johannes Heksemaan, afkomstig van "Elage", het in die jare 1742

tot 1743 en 1748 tot 1751 as beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 43 & 44 Generale Monsterrollen 1742, 1748-1749 & 1750-1751).

KELDERMAN, Dirk

Dirk Kelderman was afkomstig van Leeuwarden en in die jare 1776 tot 1779 het hy as beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1776-1779).

KORTEMANS, Hendrik

Hendrik Kortemans was afkomstig van "Vlage" en in 1776 het hy as 'n beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1776).

LEEUWENBERG, Jacobus

Jacobus Leeuwenberg, afkomstig van Amsterdam, het in die jare 1775 tot 1780 en 1782 tot 1783 as beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 46 & 47 ; 1775-1780 & 1782-1783).

LEPINE, Joseph

Joseph Lepine, afkomstig van Champagne, Frankryk, het in die jare 1727 tot 1728 en 1730 tot 1734 as beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1727-1728 & 1730-1740).

LIJTS, Hendrik

Hendrik Lijts, afkomstig van Manenburg, het in 1770 en 1771 as 'n beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 45 Generale Monsterrollen 1770-1771).

SCHUTTE, Hermann

Hermann Schutte, afkomstig van Bremen in Duitsland, is op 25 Desember 1761 gebore (SABW I 1968:731). In April 1790 het hy as 'n beeldhouer aan die Kaap aangekom. Nadat hy die Kompanjie se diens op 27 Maart 1792 verlaat het, het hy hom as beeldhouer en argitek in Kaapstad gevestig. In 1813 is Schutte as staatslandmeter aangestel en in 1820 ook as inspekteur van stadsgeboue (Hoge 1946:384; SABW I 1968:732).

Schutte is op 3 Julie 1796 met Christina Voges in die eg verbind en uit die huwelik is drie kinders gebore. Schutte was later ook met Susanna Petronella Silip getroud en uit die huwelik is een dogter gebore (Hoge 1946:384; K.A.:M00C 6/9/34 Sterfteken-nisgewing, nr. 7571; SABW I 1968:731-732).

Schutte, wat o.a. die Grootte Kerk in Kaapstad ontwerp en gebou het, is op 25 Oktober 1844 oorlede (Hoge 1946:384; K.A.:M00C 6/9/34 Sterfteken-nisgewings, nr. 7571).

SIJMONSS, Wouter

Wouter Sijmonss, afkomstig van Amsterdam, het in 1723 as beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 41 Generale Monsterrollen 1723).

SOLDAKE, Joseph

Joseph Soldake was afkomstig van "Vlage". In 1776 het hy as beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1776).

STEVENS, Ferdinand

Ferdinand Stevens was afkomstig van Rotterdam en in die jare 1764 tot 1769 het hy as beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 54 Generale Monsterrollen 1764, 1766-1769).

STRUWIG/STRUIWIG, Johannes

Johannes Struwig is in die jaar 1720 in Groningen, Nederland, gebore (Bax 1976; Malherbe 1966:1001). Struwig se leermeester was waarskynlik sy broer, Caspar, 'n beeldhouer, wat byna 22 jaar ouer as hy was (Bax 1976). Nadat hy in 1752 aan die Kaap aangekom het, is hy op 15 Augustus van dieselfde jaar deur die Kompanjie as beeldhouer aangestel (Bax 1976; K.A.:VC 44 Generale Monsterrollen 1752-1755).

In 1758 het Struwig die Kompanjie se diens verlaat. Daarna het hy o.a. die beeldhouwerk aan die orrel van die kerk aan die Heerengracht gemaak en twee boligte gesny vir die fasade van die Burgerwaghuis (Bax 1976).

Bax spreek die vermoede uit dat Struwig waarskynlik ook verantwoordelik was vir 'n aantal Kaapse meubels met snywerk wat gedurende die jare 1752 tot 1777 aan die Kaap gemaak is. Een van die meubelstukke, 'n armoire, wat volgens Bax waarskynlik deur Struwig gemaak is, het aan dr. Anton Hendriks, gewese direkteur van die Kunsmuseum in Johannesburg behoort. Die kas is deur dr. Hendriks aan die Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad, geskenk. Wat dié kas so besonder interessant maak, is die feit dat die binnekant van die deure beskilder is met 'n voorstelling van Jefta se ontmoeting met sy dogter. Hieroor laat Bax hom soos volg uit:

"Die skildery is die werk van 'n middelmatige skilder. Dit beteken nie dat Struwig hulle nie kon gemaak het nie. 'n Uitstekende hout-snyer hoef nie tewens 'n goeie skilder te wees nie" (Bax 1976).

Dit is egter geen uitgemaakte saak dat Struwig wel die maker en skilder van die kas was nie. Olivier merk tereg op dat daar buiten sy beeldsnywerk veels te min oor Struwig bekend is om prof. Bax se vermoede as 'n moontlikheid te aanvaar (Olivier 1982:16).

Struwig is op 9 September 1753 met Christina Hendriena de Vyf in die eg verbind en uit die huwelik is agt kinders gebore (Malherbe 1966:1001). Hy is op 13 Oktober 1770 oorlede (K.A.:M00C 6/1 vol. III Sterftekennisgewings:348).



Die voorstelling van Jefta se ontmoeting met sy dogter wat moontlik deur Struwig geskilder is (Foto:S.A. Kulturhistoriese Museum).



Die kas in die Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad, wat moontlik deur Struwig gemaak is (Foto:S.A. Kultuurhistoriese Museum).

VAN DER HA, Cornelis Willem

Cornelis van der Ha se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrolle van 1709 tot 1711, word hy as beeldhouer vermeld (K.A.:VC 40 Generale Kunsterollen 1709-1711).

VAN DER HA, Gillise Cornelis

Gillise Cornelis van der Ha se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1709 word hy as beeldhouer vermeld (K.A.:VC 40 Generale Monsterrollen 1709).

VAN DER SMITTERS, Caren Theodor

Carel Theodor van der Smitters se dorp van herkoms is onbekend, maar in die monsterrol van 1775 word hy as beeldhouer vermeld (K.A.:VC 46 Generale Monsterrollen 1775).

VAN VEEN, Anthony

Anthony van Veen van Den Haag het in 1729 as 'n beeldhouer aan die Kaap gewerk (K.A.:VC 42 Generale Monsterrollen 1729).

4. DIE NEGENTIENDE EEU

4.1 Die herkoms van die Kaapse meubels en die verspreiding daarvan op die platteland

Soos uit die lys van meubelmakers aan die einde van die hoofstuk sal blyk, was die meeste van hulle in die omgewing van Kaapstad en die ander groot sentra gesetel. Dit was omdat die grootste vraag na meubels in dié areas was en die meubelmakers dit gevolglik kon bekostig om net dié beroep te beoefen (Baraitser & Obholzer 1978:9).

Hoewel daar op die platteland meubels gemaak is, blyk dit aan die hand van inligting wat verkry is deur onderhoude met informante, dat dit nie op groot skaal plaasgevind het nie. Informante met wie onderhoude gevoer is, beweer bv. dat daar voor 1910 nie eintlik meubelmakers op Riversdal, in die Kouga en Heidelberg was nie (M. Beer, M.J. Odendaal & D.W.J. Wilson 1982:onderhoude). Die rede was dat daar nie genoeg vermoënde mense op die platteland was wat 'n meubelmakersberoep kon regverdig nie. Volgens die informante was daar in elk geval nie genoeg geld beskikbaar om dit 'n lonende bedryf te maak nie. Daarteenoor was daar op sommige van die groter plattelandse dorpe, bv. George, Knysna en Swellendam, wel 'n konstante vraag na meubels. Die gevolg was dat daar in dié dorpe wel meubelmakers aangetref is. Die lys van meubelmakers bevestig dié stelling.

Aangesien daar dus nie genoeg meubelmakers permanent op die platteland werksaam was nie, moes die meubels ander bronne van herkoms gehad het. Dit was 'n algemene verskynsel dat meubelmakers die plattelandse dorpe van tyd tot tyd besoek het en meubels gemaak het. Wanneer daar op 'n spesifieke dorp nie meer 'n vraag na meubels was nie, het die meubelmakers na die volgende dorp vertrek (M. Smalberger 1982:onderhoud).

'n Informant beweer ook dat daar heelwat slawe op Swellendam werksaam was. Dië slawe was meestal ambagsmanne en van hulle het waarskynlik meubels gemaak (A.W. Rothmann 1982:onderhoud).

Dit was die gebruik dat boerseuns weens die skaarste aan ambagsmanne op die platteland, 'n ambag moes aanleer. Die gevolg was dat baie van die boere 'n goeie kennis van huisbou, timmerwerk, smitswerk, kuiperswerk en skoenmakery gehad het (Baraitser & Obholzer 1978:12; Rothmann 1947:15).

Baie van die groot wyn- en koringplase was dikwels selfstandige gemeenskappe met hulle eie ambagsmanne, o.a. 'n timmerman. Burchell skryf n.a.v. 'n besoek wat hy aan Barend Burger se plaas gebring het die volgende: "The surrounding buildings and an excellent garden, rendered this place a little village of itself, and almost an independent settlement. Here were separate and complete workshops for smiths, wagon-makers, and carpenters; and to these, although not noted in my original journal, I may, I believe, add, a corn-mill turned by a water-wheel" (Burchell 1953:123). 'n Informant beweer dat haar oupa Taute byna 'n klein dorpie op sy plaas by Meulrivier, of Molenrivier, naby George gehad het. Omdat Taute so ver van die dorp gewoon het, was daar verskeie ambagsmanne op sy plaas werksaam, o.a. 'n meubelmaker, Carl Meers. Dit blyk dat Meers die meubels gemaak het en dat Taute dit dan met togwaens op die platteland gaan verkoop het (B. Taute 1982:onderhoud).

Togwaens het dus 'n belangrike bydrae gelewer om meubels op die platteland te versprei. Informante vertel dat voorbereiding vir so 'n tog op 'n spesifieke manier plaasgevind het. Die togryers het eers genoeg jong osse gekoop. Terwyl die osse grootgemaak en geleer is, is die wa en die meubels gemaak. As alles gereed was, is die vrag gelaai en het hulle na afgeleë plattelandse dorpe vertrek. Alles op die wa, asook die wa en die osse, is dan verkoop en die togryers het teruggekeer met perde wat vir dië

doel saamgeneem is. Die togwaens was baie gewild aangesien hulle die meeste soorte gebruiksartikels versprei het. Die eienaars van die togwaens het 'n goeie bestaan gevoer, aangesien dit 'n winsgewende bedryf was. Uit die onderhoude wat gevoer is, blyk dit dat die meeste mense nog die togwaens kan onthou, wat 'n aanduiding is dat dié verkoopstegniek tot in die eerste dekades van die 20ste eeu voorgekom het (S.W. Bouwer, H. Duminy, F.C.D. Gerber, J.H. Giles, F. Huysamen, J.W. Smalberger & M. Smalberger 1982:onderhoude; Rothmann 1947:14).

Teen die einde van die 19de eeu was daar 'n bekende groep togryers wat in die George- en Knysna-omgewing gewerk het. Die mense het as die "Nieklanders" bekend gestaan, n.a.v. hulle gebied van herkoms, die Outeniekwa. Die Nieklanders het self meubels by George en Knysna gemaak en dit met die togwaens gaan verkoop (C.A.J. Cronje, L. de Jager, F.C.D. Gerber, A.M. Smalberger, M.W. Theunissen & A.M. van der Vyfer 1982:onderhoude).

Op die groter dorpe was daar soms handelaars wat meubels verkoop het. Die handelaars het veral in die tweede helfte van die 19de eeu voorgekom en hulle name verskyn in die advertensies van koerante van dié tyd. Van die handelaars was: S. du T. Melville van Knysna (G.K.H. 5 Aug. 1885); Lourens en Vennote op Riversdal (S.W.E.:30 Jan. 1900); en G.R. Varkevisser wat sy onderneming ook op Riversdal bedryf het (S.W.E. 2 Feb. 1895). In die lys van meubelmakers verskyn die name van nog mense wat meubelhandelaars was.

Meubels is ook verkry deurdat die boere dit self gemaak het. Heel dikwels is paraffienkiste opmekaar gestapel, 'n gordyn daarvoor gehang en is dit as kas gebruik (D. Strydom 1982:onderhoud). Meubels is ook op vendusies gekoop of van ouers geërf (J.W. Smalberger 1982:onderhoud).

4.2 Vakmanne

Met die verskyning van die Cape of Good Hope Almanac aan die begin van die eeu vind daar 'n belangrike ontwikkeling plaas betreffende die vermelding van mense wat meubelmakers was. Tot 1809 is daar geen enkele verwysing na meubelmakers nie. Die situasie wat gedurende die vorige anderhalf eeu bestaan het, nl. dat meubelmakers met die woord timmermans aangedui is, was waarskynlik ook in dié tyd van toepassing. In die C.o.G.H.A. van 1809 word die eerste twee vermeldings van kabinetmakers gevind, nl. F. Deikman, Barrackstr. 9, Kaapstad en R. Velde, Waalstr. 33, Kaapstad.

Ná 1809 word 'n duidelike onderskeid tussen timmermans en meubelmakers getref. Daar is wel gevind dat iemand jare lank as timmerman vermeld is en dan in 'n stadium ook as kabinetmaker. Dit was waarskynlik omdat die betrokke as kabinetmaker begin werk het, of in sekere gevalle albei beroepe gelyktydig beoefen het. In ander gevalle word iemand wat jare lank as kabinetmaker vermeld is in 'n stadium ook as timmerman vermeld. Dié mense het waarskynlik van beroep verander, of het in sekere gevalle waar hulle as timmermans en ook as kabinetmakers vermeld word, albei beroepe beoefen. In die lys van meubelmakers sal daar verskeie male gewys word op mense wat so van beroep verander het.

'n Verdere ontwikkeling was dat daar gedurende die eeu ook mense aan die Kaap gewerk het wat as stoelmakers en stoelstoffeerders bekend gestaan het. Die blote feit dat daar in die C.o.G.H.A. 'n onderskeid tussen stoelmakers e. kabinetmakers getref word, impliseer dat die stoelmakers waarskynlik net stoele gemaak het. Gedurende die eeu word ook voërs, draaiers, beeldhouers en stoffeerders aangetref.

Daar behoort ook gelet te word op die rol van die Britse Setlaars

in dié verband. Gedurende die jare 1820 tot 1821 het ongeveer 5 000 van hulle na die land gekom en is hulle in die Suurveld tussen die Vis- en Sondagsrivier geplaas (Van Jaarsveld 1976:87). Uit die lys van meubelmakers sal dit blyk dat baie van die Setlaars draaiers, voërs, kabinetmakers, ens., was.

In die lys van meubelmakers sal daar o.a. gelet word op vakmanne wat meubels vir eie gebruik gemaak het, maar nie meubelmakers van beroep was nie. Soos reeds aangedui, was daar selde meubelmakers op die platteland en moes die mense o.m. hulle eie meubels maak (C.H. Brown, J.C. Cronje, Emma Odendaal, mej. M. Smalberger & J.V. van der Merwe 1982:onderhoude). Daar is ook etlike verwysings na slawe wat as meubelmakers aan die Kaap gewerk het.

4.2.1 Kabinetmakers

Kabinetmakers is die mees algemene term waarmee meubelmakers aangedui word. Aan die Kaap word sommige vakmanne egter terselfdertyd as kabinetmakers, timmermans, stoffeerdere en voërs vermeld. William Jones word bv. in die C.o.G.H.A. van 1846 tegelykertyd 'n kabinetmaker, voëer en stoffeerder genoem. Hendrik Krüger, wat in 1865 in Ziekestraat 9, Kaapstad gewerk het, word dié jaar as kabinetmaker en timmerman vermeld (C.o.G.H.A. 1865).

Gedurende die eeu het daar 339 kabinetmakers aan die Kaap gewerk, waarvan die name d.m.v. advertensies in koerante, die C.o.G.H.A., onderhoude en ander bronne vasgestel kon word. Van hulle het 231 uitsluitlik as kabinetmakers gewerk. Altesame 20 van die kabinetmakers het terselfdertyd ook as stoffeerdere gewerk, 22 as voërs, 3 as draaiers, 4 as stoelmakers en stoelstoffeerdere en 1 as beeldhouer; 21 van die kabinetmakers het gedurende hulle lewe ook as timmermans gewerk, terwyl 37 terselfdertyd timmermans en kabinetmakers was.

Die inventarisse van meubelmakers het nie veel aan die lig gebring oor hulle gereedskap nie. In die meubelmaker Johannes Gijbertus Blanckenberg se inventaris van besittings word net vermeld dat hy "een kistje met timmermans gereedschappen" gehad het, maar die tipes gereedskap word nie genoem nie (K.A.:MOOC 7.1.52 Inventarisse:54).

4.2.2 Stoelmakers en stoffeerdere

Gedurende dié tydperk het 16 mense as stoelmakers- en stoffeerdere aan die Kaap gewerk. Van hulle was net 4 ook kabinetmakers.

4.2.3 Draaiere

Afgesien van die kabinetmakers wat ook as voërs gewerk het, het daar gedurende die tydperk 42 draaiere aan die Kaap gewerk, waarvan 3 terselfdertyd ook timmermans was.

4.2.4 Voërs

Behalwe die kabinetmakers wat ook as voërs gewerk het, was daar gedurende die eeu 69 voërs aan die Kaap. Een van hulle het later ook as kabinetmaker gewerk, een as stoffeerder en 46 as timmermans.

4.2.5 Beeldhouere en beeldsnijere

Altesame 10 beeldhouere het gedurende die eeu uitsluitlik dié beroep beoefen. Een beeldhouer het egter ook as kabinetmaker gewerk.

4.2.6 Stoffeerdery

Afgesien van die 20 kabinetmakers en een voer wat ook as stoffeerdery aan die Kaap gewerk het, was daar 54 ander stoffeerdery werksaam. Een van die stoffeerdery was terselfdertyd ook 'n timmerman.

4.2.7 Meubelhandelaars

In die lys van vakmanne is daar 22 name van mense wat meubelhandelaars was. Daar was ook 4 kabinetmakers en een stoffeerder wat by die meubelhandel betrokke was.

4.2.8 Timmermans

Gedurende die 19de eeu het 2 165 timmermans aan die Kaap gewerk. Hulle name word wel vermeld omdat die moontlikheid bestaan dat hulle wel in die een of ander stadium ook kabinetmakers was. Ryk van Geems het bv. gedurende die jare 1821 tot 1825 as 'n timmerman aan die Kaap gewerk en van 1827 tot 1832 word hy as 'n kabinetmaker vermeld (C.o.G.H.A. 1821-1832).

4.3 Lys van meubelmakers

4.3.1 Kabinetmakers

ABDOL, Kariem

Kariem Abdol het van 1877 tot 1879 as kabinetmaker te Waalstraat 74, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1877-1879).

ABRAHAMSEN, Johannes L.

Johannes L. Abrahamsen het van 1880 tot 1890 te Roosstraat 50 en van 1891 tot 1894 te Roosstraat 45 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk (C.o.G.H.A. 1880, 1885-1886, 1889 & 1891-1894).

ACHMAT, Meejaree

Meejaree Achmat het in 1867 te Leeuwenstraat 44 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk en in 1868 te Hanoverstraat 68, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1867-1868).

ADAMS, Isaac C.

Isaac C. Adams het van 1881 tot 1889 as timmerman te St. Johnstraat, Kaapstad, gewerk. Gedurende 1889 word hy ook as kabinetmaker vermeld (C.o.G.H.A. 1881-1886 & 1889).

ADAMS, John

John Adams het in 1886 as kabinetmaker in Hanoverstraat aan die Kaap gewerk (C.o.G.H.A. 1886).

ANHUYSER, P.L.

P.L. Anhuysen adverteer in die K.S.C. van 7 Januarie 1815 dat hy 'n kabinetmakersonderneming te Burgstraat 7, Kaapstad, begin het. Hy adverteer terselfdertyd ook vir een of twee vakleerlinge (K.S.C. 7 Januarie 1815).

APPEL, Jan

Jan Appel was 'n kabinetmaker op George. Hy was getroud met Magdalena Maria Kalits en uit die huwelik is sewe kinders gebore. Appel is weens bloedskande wat hy met Lena Strydom, 'n dogter van Magdalena Kalits uit haar vorige huwelik, gepleeg het, tot tronkstraf gevonniss. Op 22 September 1829 skryf Magdalena Kalits 'n brief aan die koloniale owerheid waarin sy vra dat haar man se oorblywende tydperk van tronkstraf opgehef word, aangesien sy en haar kinders van sy inkomste afhanklik was. Magdalena vermeld dan dat Appel 'n kabinetmaker en boer van beroep was (K.A.:CO:3941 Memorial Received, nr. 32).

ARDERNE, Ralph Henry

Ralph Henry Arderne is in Londen, Brittanje, gebore. Hy was die seun van Henry en Elizabeth Arderne (K.A.:MOOC 6/9/220 Sterfteskennisgewings, 865). Gedurende die jare 1834 tot 1848 het hy as kabinetmaker en stoffeerder te Grafstraat 21, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1834-1848).

Dit is nie bekend met wie Arderne getroud was nie, maar hy het vyf kinders gehad (K.A.:MOOC 6/9/220 Sterfteskennisgewings, nr. 865). Hy is op 29 April 1885 in die ouderdom van 82 jaar in Claremont oorlede (K.A.:MOOC 6/9/220 Sterfteskennisgewings, nr. 865).

ARDERNE, Richard Crewe

Richard Crewe Arderne, ook afkomstig van Londen, was 'n broer van Ralph Henry Arderne. Hy het as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Hy was wel getroud, maar sy vrou se naam word nie vermeld nie. Arderne het vier kinders gehad (K.A.:MOOC 6/9/30 Sterfteskennisgewings, nr. 6321).

Richard is op 28 Februarie 1843 in die ouderdom van 32 jaar oorlede. Met sy sterfte was hy woonagtig aan huis van sy broer, Ralph Henry Arderne, in Barrackstraat, Kaapstad (K.A.:MOOC 6/9/30 Sterftekennisgewings, nr. 6321).

ASHLEY, J

J. Ashley was 'n kabinetmaker wat in 1832 op die hoek van St. Georges- en Houtstraat, Kaapstad, gewerk het (C.o.G.H.A. 1832).

ASHLEY, John

John Ashley het in 1862 as kabinetmaker in Klipstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1862).

ASKEW, John

John Askew het in 1847 as kabinetmaker te Leliestraat 7, Kaapstad, gewerk en van 1848 tot 1853 te Grafstraat 22, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1847-1853).

Daar het gereeld advertensies van John Askew in die C.o.G.H.A. verskyn.

John Askew,
CABINET MAKER,
22, GRAVE-STREET,
NEAR CHURCH-SQUARE, CAPE TOWN.



Furniture repaired, and all Orders executed with dispatch and on reasonable terms.

A very select variety of ready made Furniture always on hand.

(C.o.G.H.A. 1848).

In die C.o.G.H.A. van 1849 verskyn 'n advertensie van John Askew waarin hy die mense meedeel dat hy sy kabinetmakery wou uitbrei deur ook matrassse te vervaardig. Volgens die advertensie was sy adres "Waterloo House 22, Grave-street near Church-square", Kaapstad (C.o.G.H.A. 1849).

BANKS, George

George Banks het van 1865 tot 1866 as kabinetmaker te Sir Lowrystraat 2, Kaapstad, gewerk en in 1868 in Konstitusiestraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1865-1866 & 1868).

BANNER, William

William Banner was 'n Britse Setlaar wat aan boord van die Aurora as lid van ene Sephton se groep aan die Kaap aangekom het. Hy was 22 jaar oud en het hom as kabinetmaker in Kaapstad gevestig (Morse-Jones 1969:24).

BARKER, Arthur John

Arthur John Barker was 'n Britse Setlaar wat met ene Wait se groep aan die Kaap aangekom het. Hy was 33 jaar oud en sy vrou, Sarah Barker, was 30 jaar oud. Toe die Barkers in die Kaap aangekom het, het hulle vyf kinders gehad (Hockly 1949:259).

Barker het hom aanvanklik saam met Wait se groep in die Oos-Kaap gevestig, maar later het hy na Kaapstad verhuis. Van 1850 tot 1851 het hy as kabinetmaker te Grafstraat 29, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1850-1851).

BARNARD, Adam

Volgens 'n informant van Knysna het ene Adam Barnard voor die einde van die 19de eeu meubels in Knysna gemaak. Adam Barnard is na bewering in 1936 oorlede. Hy was ongeveer 70 jaar oud (C.W. Lampbrechts 1982:onderhoud).

BARNARD, Hendrik

Mnr Johan Andries Kritzinger, 'n boer by Brandekraal in die Kouga, deel mee dat Hendrik Barnard van Kareedouw in die Langkloof meubels gemaak het. Barnard het o.a. 'n tafel vir die informant se vader gemaak (J.A. Kritzinger 1982:onderhoud). Meer besonderhede oor hom kon nie verkry word nie.

BARTHOLOMEW, Abraham

Abraham Bartholomeuw is na sy vader vernoem en was afkomstig van Londen, Brittanje. Sy moeder se naam word nie vermeld nie (K.A.:M00C 6/9/133 Sterftekenningsgewings, nr 6647). Hy was van 1828 tot 1835 'n timmerman en van 1836 tot 1843 'n kabinetmaker. Bartholomeuw se adres in Kaapstad het voortdurend verander en in die C.o.G.H.A. word dit soos volg aangedui: 1828 Houtkraal; 1832 tot 1834 Siekestraat; 1835 tot 1836 Mostertstraat; 1837 Sir Lowrystraat; 1838 tot 1839 Langmarkstraat 56; en van 1840 tot 1843 weer Sir Lowrystraat (C.o.G.H.A. 1828, 1832-1840 & 1842-1843).

Bartholomeuw was wel getroud, maar sy vrou kan nie geïdentifiseer word nie. Al wat oor die vrou bekend is, is dat sy voor Bartholomeuw oorlede is. Bartholomeuw moes na sy aftrede na George verhuis het, want op 7 September 1870 is hy in die ouderdom van 73 jaar in sy huis op George oorlede (K.A.:M00C 6/9/133 Sterftekenningsgewings, nr. 6647).

BARTLETT, John

John Bartlett het van 1877 tot 1887 as timmerman aan die Kaap gewerk. In 1889 en 1890 word hy ook as 'n kabinetmaker vermeld. Sy adres was van 1877 tot 1879 Canterburystraat 23; in 1885 Konstitusiestraat 31; in 1887 Canterburystraat; en in 1889 en 1890 Konstitusiestraat 12, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1877-1879, 1885, 1887 & 1889-1890).

BATTLES, Alf

Alf Battles het van 1890 tot 1894 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk, in 1890 in Concordiastraat en van 1891 te Dorpstraat 22, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1890-1894).

BATTLES, W.

W. Battles het van 1887 tot 1894 as kabinetmaker te Concordiastraat 3, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1887 & 1889-1894).

BAYLY, Joseph Snelson

Joseph Snelson Bayly het van 1834 tot 1835 in Langstraat, Kaapstad, as voëer en kabinetmaker gewerk (C.o.G.H.A. 1834-1835).

BECKWITH, Christopher

Christopher Beckwith, die seun van Edward en Margaret Beckwith, was afkomstig van Leeds in Brittanje (K.A.:M00C 6/9/168 Sterftekenningsgewings, nr. 6322). Gedurende die jare 1875 en 1876 het Beckwith as kabinetmaker en voëer in Boomstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1875-1876).

Beckwith was nie getroud nie. Hy het later na Port Elizabeth getrek, en op 18 Januarie 1879 is hy in die ouderdom van 39 jaar in sy ouers se huis in Port Elizabeth oorlede. Sy vader het die sterftetekenningsgewing geteken (K.A.:M00C 6/9/168 Sterftetekenningsgewings, nr. 6322).

BEEHRE, P.P.


P.P. Beehre het gedurende 1889 te Siekestraat 3, Kaapstad, as kabinetmaker gewerk (C.o.G.H.A. 1889).

BEER, Willie

Mnr Rabie Ferreira van Somerset's Gift, 'n plaas by Joubertina, deel mee dat Willie Beer by Louterwater in die Langkloof meubels gemaak het (R. Ferreira 1982:onderhoud).

Mnr Marthinus Frederick Ackermann, winkelier op Krakeelrivier, het ook vir Willie Beer geken en besit vandag nog 'n kas wat deur hom gemaak is. Beer was 'n timmerman wat o.a. ook huise se dakke opgesit het. Hy het oor die nodige houtwerkgereedskap beskik, o.a. 'n ou draaibank wat met die voet getrap is en waarmee hy tafel- en stoelpote gedraai het (M.F. Ackermann 1982:onderhoud).





Twee tafels in mnr R. Ferreira se besit
wat deur Willie Beer gemaak is
(Foto:H.A. Geldenhuys).

BEGLEY, Joseph

Joseph Begley se vader, Joseph Begley, was 'n Britse Setlaar wat saam met Ingram se groep in die Oos-Kaap gevestig is. Hy was getroud met Mary Begley en hulle het drie kinders gehad:

Joseph Begley (13);
John Begley (8); en
Ellen Begley (4) (Morse-Jones 1969:24).

Joseph Begley, jr., het van 1839 tot 1857 as timmerman, bouer, voeër, stoffeerder en kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1839 Burgstraat 9, Kaapstad; 1841 Markplein 7, Kaapstad; 1844 St. Georgesstraat 47, Kaapstad; en in 1855 was sy huis aan Stalplein en sy werkplek te Darlingstraat 5, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1839, 1841-1853 & 1855-1857).

JOSEPH BEGLEY,

BUILDER,

CARPENTER, CABINET MANUFACTURER,

AND

UPHOLSTERER,

47, ST. GEORGE'S-STREET,

Corner of Short-market-street,

Next door to the Residence of the Baron von Ludwig.



Cape Manufactured Furniture always on Sale.

(C.o.G.H.A. 1847).

BEVERN, A.

A. Bevern was waarskynlik die seun van Henry L. Bevern en hy het as meubelmaker in Seepunt gewerk. Sy naam word net een maal in die C.o.G.H.A. genoem, nl. in 1889 (C.o.G.H.A. 1889).

BEVERN, Henry L.

Henry Bevern word in 1851 as 'n stoffeerder van Kasteelstraat,

Kaapstad, vermeld. Gedurende 1852 tot 1877 het hy sy stoffeerdersonderneming in Langstraat, Kaapstad, bedryf. Sy woning was in Groenpunt. In 1878 word Bevern ook as 'n kabinetmaker vermeld; daarna word hy tot 1894 as kabinetmaker en stoffeerder vermeld (C.o.G.H.A. 1851-1894).

Volgens advertensies in die C.A. het Bevern o.a. die volgende artikels verkoop: Kaapsvervaardigde meubels, yster- en houtbeddens, stoele van mahonie- en stinkhout, kaste, ens. (C.A.:7 Oktober 1857 & 26 Februarie 1859).

BEVERN, W.

W. Bevern was waarskynlik ook 'n seun van Henry L. Bevern. W. Bevern het gedurende die jare 1889 tot 1891 as meubelmaker in Hoopstraat, Groenpunt, gewerk (C.o.G.H.A. 1889-1891).

BIERMAN, Theodore

Theodore Bierman het van 1879 tot 1883 as timmerman aan die Kaap gewerk. Van 1881 het hy 'n meubelpakskuur by Kortmarkstraat 32 gehad. Sy adres was Houtstraat 48, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1879-883).

BLATT, Jan Daniel

Johannes Blatt van Duitsland en Martha Maria Herholdt van die Kaap is op 30 April 1786 in die huwelik bevestig. Daar is nege kinders uit die huwelik gebore, waarvan Jan Daniel Blatt een was. Jan Daniel Blatt het gedurende die jare 1818 tot 1829 as kabinetmaker te Waalstraat 13, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1818-1829; De Villiers 1981a:60 & Heese 1971:133).

BOMBER, R.

R. Bomber het gedurende 1889 as kabinetmaker in Parkstraat, Wynberg, gewerk (C.o.G.H.A. 1889).

BOONZAAIER, J.

J. Boonzaaier het in 1881 as kabinetmaker aan die Groentemarkplein, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1881).

BORAIN, G.

G. Borain was 'n kabinetmaker en voer wat in 1844 in Grafstraat, Kaapstad, gewerk het (C.o.G.H.A. 1844).

BOSHOFF, Adam

'n Informant met wie 'n onderhoud gevoer is, vertel dat haar oupa, Adam Boshoff, 'n wa- en meubelmaker op Mosselbaai was. Adam Boshoff is in 1841 gebore en was 58 jaar oud toe hy oorlede is (Mev P.H. Boshoff 1982:onderhoud).


BOUGE, Pierre

Pierre Bouge het van 1855 tot 1857 as kabinetmaker te Pleinstraat 50, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1855-1857).

BOTHA, Christiaan Jacobus

'n Informant met wie 'n onderhoud gevoer is, vertel dat sy vader, Christiaan Jacobus Botha, vir homself en sy gesin meubels by

Blanco naby George gemaak het. Na die informant se wete het sy pa nie vir ander mense meubels gemaak nie. Christiaan Botha, wat ook bokwaens gemaak het, is in 1956 in die ouderdom van 84 jaar oorlede (L.J. Botha 1982:onderhoud).



Christiaan Jacobus Botha en sy vrou,
Anna Catharina Botha (Foto:L.J. Botha).

BOTHA, Dan

Volgens 'n informant was Dan Botha 'n meubelmaker en jukdraaier by George. Botha het omstreeks 1860 tot 1940 gelewe en hy was ongeveer 80 jaar oud toe hy oorlede is.

Botha het vir die informant se vader 'n voustoeltjie gemaak wat nie meer vandag bestaan nie en vir die informant se moeder 'n rusbank met 'n riempiesitting wat ook nie meer gevind kan word nie. Hy het 'n werkswinkel by Blanco naby George gehad (L.J. Botha 1982:onderhoud).

BOYES, William

William Boyes het van 1860 tot 1868 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Van 1860 tot 1868 was sy adres Caledonstraat, Kaapstad. In 1863 word sy naam nie vermeld nie; van 1865 tot 1866 is sy adres Primrosestraat 2, Kaapstad; in 1867 is sy adres Darlingstraat 23, Kaapstad; en in 1868 is sy adres Somersetstraat 2, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1860-1862:1864 ontbreek; 1865-1868).

BRAND, Johann Gottlieb

Johann Gottlieb Brand het in 1840 en 1841 as kabinetmaker te St. Johnstraat 6, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1840-1841). Brand was met Johanna Lucia Carol getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore (Heese 1971:234).

BREDELL, Paul

Mnr D.W.J. Wilson, die kurator van die museum op Riversdal, weet van 'n wastafel wat deur ene Bredell gemaak is. Volgens die informant is Bredell se naam op een van die laaie geskryf (J.W.J. Wilson 1982:onderhoud).

Heese vermeld die naam van ene Paul Bredell, 'n Duitser, wat gedurende die jare 1838 tot 1867 op Riversdal gewerk het. Paul Bredell is op 23 Oktober 1854 met Catharina Frederika Dekenah getroud en uit die huwelik is een kind gebore (Heese 1971:234). Dit is moontlik dat dit die meubelmaker was.

BROWN, Abner, Thomas, Melville & John

Volgens Abner Brown se sterfteskennisgewing was Melville Brown die vader van Abner, Thomas en John (K.A.:M00C 6/9/590 Sterfteskennisgewings, nr. 746:08). Al vier was timmermans en wamakers wat teen die einde van die 19de eeu op Oudtshoorn gewerk en waarskynlik ook meubels gemaak het (N. Ferreira 1982:onderhoud).

Die Browns se ouers was Melville en Caroline Brown. Een van die broers, Abner Brown, is op Oudtshoorn gebore. Abner is nooit getroud nie en het geen kinders gehad nie. Hy is op 21 Januarie 1908 in die ouderdom van 48 jaar in Vine Cottage, Hoofstraat, Oudtshoorn, oorlede. Abner se sterfteskennisgewing is op 28 Januarie 1908 deur sy broer, Thomas, geteken (K.A.:M00C 6/9/590 Sterfteskennisgewings, nr 746/08).

BROWN, James

James Brown het gedurende 1859 en 1860 as kabinetmaker en stoffeerder aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1859 Nuwestraat 16 en in 1860 Harringtonstraat 77, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1859-1860).


BURGESS, John Maiden

John Maiden Burgess, die seun van William en Mary Anne Burgess, was afkomstig van Kent, Brittanje (K.A.:M00C 6/9/73 Sterfteskennisgewings, nr 3557/55). Burgess het van 1840 tot 1856 as voeër, kabinetmaker en stoffeerder aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1840 Boomstraat 17; van 1841 tot 1844 Keisergracht 6; van 1845 tot 1854 Grafstraat 4; en van 1855 tot 1856 Pleinstraat 66, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1840-1849 & 1851-1856).

Burgess was welgetroud, maar dit is nie bekend wie sy vrou was

nie. Die egpaar het geen kinders gehad nie. Burgess is op 7 Januarie 1856 in die ouderdom van 39 jaar in sy huis te Pleinstraat 66, Kaapstad, oorlede (K.A.:MOOC 6/9/73 Sterftekennisgewings, nr 3557/55).

J. M. BURGESS,
Cabinetmaker & Upholsterer,
No. 3, GRAVE-STREET,
Cape Town.



COUCHES, COTS, MATTRESSES.

AND EVERY DESCRIPTION OF

CABIN FURNITURE,

ALWAYS ON HAND.

Ships' Cabins fitted up.

(C.o.G.H.A. 1847).

BURNESS, Robert

Robert Burness was 'n kabinetmaker wat in die jare 1884 en 1885 aan die Kerkplein, Kaapstad, gewerk het (C.o.G.H.A. 1884-1885).

CANNON, John

John Cannon was 'n kabinetmaker wat van 1820 tot 1829 aan die Kaap gewerk het. Tot 1825 was sy adres Boereplein 6, Kaapstad, en daarna Markplein 1, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1820-1829). Cannon moes

'n redelike groot onderneming gehad het, want in 1820 adverteer hy vir die dienste van ses timmermans (K.S.C.:4 Maart 1820).

CANNON, W.E.H.

William E.H. Cannon was gedurende 1834 tot 1836 'n stoffeerder, kabinetmaker, timmerman, voëer en begrafnisondernemer in Burgstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1834-1836). Dit is onseker of hy familie was van John Cannon.

W. E. H. CANNON.

Cabinet-Maker,

Upholsterer, Joiner, and Undertaker,

No. 15, BURG-STREET, CAPE TOWN, .

Has constantly on hand a great variety of SUPERIOR FURNITURE for Sale, at moderate Prices. ~~and~~

Orders for any description of FURNITURE executed with despatch, and made on the most approved principles.

FUNERALS either in Town or Country respectably and economically conducted.

Cabins and Berths neatly fitted up, and passengers' Cots, Bedding, Easy Chairs, and all other requisites—on the shortest notice.

C.o.G.H.A. 1834).

CAPITER, Martin

Martin Capiter het in 1889 as kabinetmaker in Buitengrachtstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1889).

CARINUS, Gerrit

Gerrit Carinus het gedurende die jare 1857 en 1860 as kabinetmaker te Langstraat 50, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1857 & 1860).

CARINUS, Hendrik

Hendrik Carinus het van 1854 tot 1856 as kabinetmaker te Langstraat 50, Kaapstad, gewerk. Sy adres is dieselfde as die van Gerrit Carinus en hulle was waarskynlik broers of pa en seun (C.o.G.H.A. 1854-1856).

CARR, John Watts

John Watts Carr het van 1863 tot 1870 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk en van 1871 tot 1877 word hy ook as 'n timmerman en voëer vermeld. Gedurende 1863 was sy adres Tennantstraat, Kaapstad; van 1865 tot 1867 Caledonstraat, Kaapstad; in 1868 Barackstraat 30, Kaapstad; en van 1870 Siekestraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1863, 186^F 1867-1868 & 1870-1877).

CHAPMAN, James

James Chapman het in 1828 van Derbyshire, Engeland, aan die Kaap aangekom (Malherbe 1966:157). Chapman het as kabinetmaker en voëer gewerk. Sy naam word in die C.o.G.H.A. van 1833 tot 1837 vermeld. In 1833 was sy adres Pleinstraat 20, Kaapstad; in 1834 Oranjestraat 5, Kaapstad; in 1835 St. Johnsstraat 19, Kaapstad; in 1836 Redestraat, Kaapstad; en in 1837 Kloofstraat 7, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1833-1837).

James Chapman is in 1831 met Elizabeth Greeff getroud en uit die

huwelik is vyf kinders gebore, nl. James, Henry, Elizabeth, Catharina en Ada. Chapman is later weer getroud en wel met Elizabeth Hayes. Uit die laaste huwelik is ook vyf kinders gebore, nl. John, Joseph, Bernard, Mary en Blanche (Malherbe 1966:157-158).

CHAPMAN, James Blake

James Blake Chapman was afkomstig van Leeds in Yorkshire, Brittanje. Sy ouers was George Chapman en Anne Blake. Dit is onbekend wanneer hy na die Kaap gekom het, maar volgens die beskikbare gegewens lyk dit asof hy James Chapman se broer was. Gedurende 1835 het albei in St. Johnstraat, Kaapstad, gewoon en gedurende 1837 en 1838 het albei in Kloofstraat, Kaapstad, gewoon. James Blake het gedurende die jare 1834 tot 1843 as kabinetmaker gewerk. Gedurende 1834 het hy 'n pakskuur in Boomstraat, Kaapstad, gehad waar hy sy ambag beoefen het (C.o.G.H.A. 1834-1835; 1838-1843; K.A.:M00C 6/9/51 Sterftekennisgewings, nr. 292 50/51).

Dit is onbekend wie James Blake se vrou was, hoewel die sterftekennis vermeld dat hy wel getroud was en dat hy een dogter, Caroline, gehad het (K.A.:M00C 6/9/51 Sterftekennisgewings, nr. 292 50/51).

James Blake het later op Swellendam gewoon, want op 14 Julie 1850 is hy in die ouderdom van 55 jaar in sy huis op Swellendam oorlede. In die sterftekennisgewing word ook vermeld dat hy meubelstukke en meubelgereedskap nā sy dood agtergelaat het (K.A.:M00C 6/9/51 Sterftekennisgewings, nr. 292 50/51).

CHESTERMAN, J.H.

J.H. Chesterman het in 1888 as kabinetmaker in Kaapstad gewerk (C.o.G.H.A. 1888).

CHRISTIE, John (sr.)

John Christie se ouers was John en Anna Christie, maar dit is onbekend waar hy vandaan gekom het (K.A.:MOOC 6/9/74 Sterftekennisgewings, nr. 3783 56/57). John Christie het gedurende die jare 1831 tot 1856 as draaier en kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was van 1831 tot 1836 Bloemsteeg 4, Kaapstad; van 1835 tot 1842 Keeromstraat, Kaapstad; en van 1847 tot 1856 Waalstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1831-1836, 1838-1839, 1842, 1847 & 1852-1856).

John Christie is op 12 Mei 1856 in sy huis in Waalstraat, Kaapstad, oorlede. Hoewel hy getroud was, kan daar nie vasgestel word wie sy vrou was nie, maar sy twee kinders was John Christie (jr.) wat 'n timmerman en draaier was en Francis Christie (K.A.:MOOC 6/9/74 Sterftekennisgewings, nr. 3783 56/57).

COLLISON, Henry W.

Henry W. Collison het gedurende die jare 1865 tot 1879 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Collison het dikwels getrek en sy adres was in 1865 Houtstraat 34, Kaapstad; in 1867 Langstraat 5, Kaapstad; van 1870 tot 1872 Williamstraat 6, Kaapstad; van 1873 tot 1876 Groenpunt; in 1877 Keeromstraat 12, Kaapstad; en van 1878 tot 1879 Leliestraat 7 (C.o.G.H.A. 1865, 1867 & 1870-1879).

COMBRINK, Willem

Willem Combrink het van 1865 tot 1867 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. In 1865 het hy in Buitekantstraat 22, Kaapstad, gewoon en gedurende 1866 en 1867 in Williamstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1865-1867).

COMNIN, John Henry

John Henry Comnin was van 1875 tot 1879 'n kabinetmaker. Sy adres was Caledonstraat 69, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1879).

COMPTON, W.J.

Mev Margaret Parks, kuratrise van die Millwood House-museum in Knysna, besit 'n tafel waarop daar geskryf staan dat W.J. Compton, 'n kabinetmaker, dit vervaardig het. Die tafel dateer uit omstreeks 1880. Compton is in Januarie 1906 oorlede (Margaret Parks 1982:onderhoud).

CONWAY, James Robert

James Robert Conway, die seun van R. James Conway en Helena Conway, is op Caledon, Kaap, gebore. Dit is nie bekend met wie hy getroud was nie, maar uit die huwelik is vyf kinders gebore:

James Conway ('n meubelmaker);
Robert J. Conway ('n meubelmaker);
Elizabeth Conway;
Charlot Conway; en
Joseph Conway (K.A.:MOOC 6/9/304 Sterftekenningsgewings, nr. 1097/-92).

James Robert, wat 'n kabinetmaker van beroep was, het waarskynlik sy twee seuns, Robert en James Conway, onderrig in sy ambag.

James Robert Conway is op 9 Mei 1892 in die ouderdom van 49 jaar oorlede. Die plek waar hy oorlede is, word as Langmarkstraat, Kaapstad, aangegee. Hy het drie huise nagelaat (K.A.:MOOC 6/9/304 Sterftekenningsgewings, nr. 1097/92).

CONWAY, James

Daar bestaan geen sterfteskennisgewing vir James Conway nie, maar geoordeel aan James Robert Conway se sterfteskennisgewing was James Conway sy seun. Die vermoede word versterk deurdat James Conway se adres dieselfde as James Robert s'n was, nl. Langmarkstraat, Kaapstad (K.A.:MOOC 6/9/304 Sterfteskennisgewings, nr. 1097/92). James Conway, wat in die jare 1878 tot 1886 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk het, het sy ambag waarskynlik by sy vader geleer (C.o.G.H.A. 1878-1879 & 1886).

CONWAY, Robert James

Robert James Conway, seun van James Robert Conway en waarskynlik die broer van James Conway, is in 1865 in Kaapstad gebore (K.A.:MOOC 6/9/417 Sterfteskennisgewings, nr. 4464 00/01). Robert James word in 1885 en 1890 as kabinetmaker vermeld. Sy adres is dieselfde as dié van sy pa, nl. Langmarkstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1885 & 1890). Robert James het sy ambag as kabinetmaker waarskynlik by sy pa geleer.

Robert James Conway was met Sophia Conway getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore (K.A.:MOOC 6/9/417 Sterfteskennisgewings, nr. 4464 00/01). Hy is op 29 Julie 1900 in die ouderdom van 35 jaar oorlede. Die adres waar Conway oorlede is, is Langmarkstraat, Kaapstad (K.A.:MOOC 6/9/417 Sterfteskennisgewings, nr. 4464 00/01).

CORTEZ, G.A.

G.A. Cortez word in 1890 as kabinetmaker te Loopstraat 57, Kaapstad, vermeld (C.o.G.H.A. 1890).

CRAMER, H.

H. Cramer het gedurende 1891 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Cramer se adres was Konstitusieweg 8, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1891).

CRANFIELD, William

William Cranfield was afkomstig uit Engeland. Nadat hy na die Kaap gekom het, het hy hom as timmerman op Swellendam gevestig en o.a. staanhorlosies gemaak (K.A.:M00C 6/9/429 Sterftekennisgewings, nr. 2082/01; Drostdy-Museum:inventaris van oudhede).

Hy was met Catherina Mary Vollenhoven getroud en uit die huwelik is vier kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/429 Sterftekennisgewings, nr. 2082/01).

Cranfield is op 2 Junie 1901 in die ouderdom van 82 jaar in sy huis op Swellendam oorlede (K.A.:M00C 6/9/429 Sterftekennisgewings, nr. 2082/01).

CRONJÉ, Martiens

Martiens Cronjé het op George gewoon en volgens 'n informant het hy meubels gemaak. Cronjé is waarskynlik in 1840 gebore. Die informant is egter nie bewus van enige meubels wat Cronjé gemaak het wat vandag nog bestaan nie (L.J. Botha 1982:onderhoud).

CRONJÉ, Thys

'n Informant met wie 'n onderhoud gevoer is, deel mee dat Thys Cronjé, wat op Swartheuwel by Riversdal gewoon het, meubels gemaak het. Volgens die informant het Cronjé waarskynlik van 1824 tot

1914 gelewe. Hy was ongeveer 90 jaar oud toe hy oorlede is (C.A.J. Cronjé 1982:onderhoud). 'n Ander informant beweer dat Cronjé ook 'n kleremaker was (A.M. van der Vyver 1982:onderhoud).

CURRY, Thomas

Thomas Curry het gedurende 1820 en toe weer van 1826 tot 1829 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1820 Loopstraat 66, Kaapstad; in 1826 Leliestraat 4, Kaapstad; en in 1828 en 1829 Keeromstraat 14, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1820, 1826 & 1828-1829). Curry het die Kaap waarskynlik van 1821 tot 1825 verlaat, want sy naam word nie gedurende die tyd in die C.o.G.H.A. vermeld nie. In 'n advertensie in die Kaapsche Stads Courant van 5 Februarie 1820 skryf hy dat hy die Kaap wil verlaat en dat al sy goedere per openbare veiling verkoop sal word. Hieronder was meubels, yster- en koperware en gereedskap (K.S.C. 5 Februarie 1820).

Curry is op 14 Mei 1818 in die Lutherse Kerk in Kaapstad met Christina Frederika getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore (Heese 1971:180). Hy is op 14 September 1829 in die ouderdom van 37 jaar in Kaapstad oorlede (K.A.:MOOC 6/3 vol. 1 Sterftekennisgewings:79).

DALTON, Dan John & Dan

P.S. Meyer skryf in sy boek Die ontstaan en groei van George van ene Dalton wat na 1820 meubels op George gemaak het. Meyer vermeld egter nie Dalton se name nie (1962:43). Verdere navrae by 'n ouer inwoner van George het aan die lig gebring dat dit moontlik Dan John Dalton kon wees (D.A. Gerber 1982:onderhoud). Rondom die tyd waarvan Meyer praat, het daar 'n Dan John Dalton op George gewoon. Dan John is op 10 Desember 1836 in George met Lea Jacoba Boshoff getroud en uit die huwelik is tien kinders gebore (Heese 1971:181). Volgens die informant was een van Dan John se seuns ook

'n meubelmaker. Die informant kon nie die seun se naam onthou nie, maar wel dat hy omstreeks 1920 oorlede is en dat hy ongeveer 80 jaar oud was. Die onbekende Dalton se seun, Dan Dalton, was ook 'n meubelmaker, wat by die Gerbers op George gewerk het (D.A. Gerber 1982:onderhoud). Ons het dus hier te make met die oupa, Dan John Dalton; sy seun wie se name nie bekend is nie en die kleinseun, Dan Dalton, wat al drie meubelmakers was.

DARTE, Clement

Clement Darte was in 1885 'n kabinetmaker te Richmondstraat 14, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1885).

DARTH, G.

Guy DARTH was afkomstig van Engeland. In 1890 en 1891 het hy as kabinetmaker en stoffeerder aan die Kaap gewerk. Gedurende 1890 was sy adres Glynstraat 3, Kaapstad; en in 1891, Rogerstraat 22, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1890-1891).

DARTH het op 5 Oktober 1899 in die ouderdom van 32 jaar te Langmarkstraat 28, Kaapstad, gesterf. Ten tye van sy oorlye was hy 'n handelaar (K.A.:MOOC 6/9/393 Sterftekenningsgewings, nr. 2627/99).

DARVAL, Peter (sr.), Peter (jr.) & Henry

Aangesien daar nie 'n sterftekenningsgewing vir een van die drie gevind kon word nie, is dit moeilik om bo alle twyfel te bepaal wat hulle verband met mekaar was. Die jare waartydens hulle aan die Kaap gewerk het, gee egter 'n goeie aanduiding dat dit waarskynlik 'n vader, Peter Darval (1839-1876), en twee seuns,

Peter Darval (jr.) (1860-1876) en Henry Darval (1870-1884), was. Hulle verband met mekaar word verder beklemtoon deurdat hulle adresse gedurende die jare wat hulle saam aan die Kaap gewerk het, konsekwent dieselfde was:

<u>Peter Darval(sr.)</u>	<u>Peter Darval (jr.)</u>	<u>Henry Darval</u>
1839:		
Harringtonstraat		
1842-1843:		
Sir Lowrystraat		
1844-1845:		
Markplein 7 & 10		
1846-1848:		
Pleinstraat 62		
1849:		
Langmarkstraat 66		
1850-1851:		
Houtstraat 8		
1852-1853:		
Houtstraat 67		
1854-1860:	1860:	
Kasteelstraat 12	Kasteelstraat 12	
1861:	1861-1862:	
Strandstraat 72	Lindestraat	
1862-1863:		
Langmarkstraat 93		
1865:		
Langmarkstraat 108		
1866-1867:		
Dorpstraat 14		
1870:	1870-1871:	1870-1871:
Strandstraat 25	Strandstraat 25	Strandstraat 25
1871-1872:	1872:	1872:
Burgstraat 10	Burgstraat 10	Burgstraat 10
1873-1876:	1873-1876:	1873-1876:
Burgstraat 9	Burgstraat 9	Burgstraat 9

1877-1879:

Dorpstraat 52

1880, 1883-1884:

Dorpstraat 91

(C.o.G.H.A. 1839-1884)

Peter Darval (sr.) het in die jare 1839 tot 1876 as timmerman, stoel- en kabinetmaker, voëer en stoffeerder aan die Kaap gewerk (C.o.G.H.A. 1839, 1842-1857, 1859-1863, 1865-1867 & 1870-1876).

P. DARVALL,
CABINET MAKER, JOINER, AND UPHOLSTERER,
No. 62,
Corner of Plein and Long-market-streets.



In returning his sincere thanks to his Friends and the Public, for the kind patronage and support in which he has so largely participated, begs leave to acquaint the Trade, that they can be constantly supplied with every article of Household Furniture, manufactured by himself, of the best Materials, and superior Workmanship; and, he trusts, by continued assiduity and attention, and moderate charges, to secure their future favors.

(C.o.G.H.A. 1847).

Peter Darval (jr.) was in die jare 1860 tot 1876 kabinetmaker aan die Kaap (C.o.G.H.A. 1860-1862 & 1870-1876).

Henry Darval het in die jare 1870 tot 1884 as 'n kabinetmaker aan die Kaap gewerk (C.o.G.H.A. 1870-1880 & 1883-1884).

DEAS, James Robert & William (jr.)

James Robert Deas, 'n wamaker, en William Deas, 'n grofsmit, het albei van 1875 af op Oudtshoorn gewerk (C.P. Nel-museum s.j.:23).

William Deas, die oupa van James Robert en William (jr.), het in 1853 van Skotland na die Kaap gekom. Sy seun, James Deas, en dië se vrou Isabella het later na Oudtshoorn getrek, waar James 'n handelonderneming begin het.

James Deas se oudste seun, William (jr.), is op 24 Augustus 1849 gebore en sy ander seun, James Robert, op 18 Maart 1852. Die twee seuns het albei op Oudtshoorn skoolgegaan. Gedurende 1868 het James Robert hom by sy broer aangesluit en hom as kar- en wamaker bekwaam. William het op sy beurt hom as grofsmit bekwaam.

Gedurende die jare 1875 tot 1900 was die twee broers in vennootskap en het hulle waens gemaak, asook timmerwerk, stof-feerwerk en voegwerk gedoen. Die twee broers het in dië tyd ook as bouers gewerk (C.P. Nel-museum s.j.:23-30; O.C. 2 Jan. 1883). Gedurende 1882 het die broers die koetsskilder A. McIaggan in diens geneem, maar teen die einde van 1899 het hulle werksaamhede sodanig afgeneem dat die vennootskap ontbind is. Op 23 November 1900 is 'n vendusie gehou waarop die Deas-broers se perseel en gebou verkoop is.

Nā die vendusie het William Deas op die plaas Grootkraal by Matjiesrivier gaan boer. James Robert het op sy beurt 'n koring- en stoomsaagmeule opgerig en het hom veral op die maak van meubels toegelê.

William Deas is op 28-jarige ouderdom met Agness Adamson van Braemer, van Skotland, getroud en uit die huwelik is ses kinders gebore. James Robert is in 1883 met Anna C. Fredericks getroud en uit die huwelik is agt kinders gebore (Malherbe 1966:209).

William Deas is op 12 Oktober 1931 aan huis van 'n skoonseun oorlede en James Robert is op 5 Augustus 1927 op Oudtshoorn oorlede (C.P. Nel-museum s.j. 23-30).

DE BRUYN, Jaap

Jaap de Bruyn was 'n meubelmaker, maar het hoofsaaklik doodkiste gemaak. Sy adres was Langstraat, Riversdal (C.A.J. Cronje & F.C.D. Gerber 1982:onderhoude).

DEICHMAN, Frans

Frans Deichman het van 1809 tot 1832 as timmerman, kabinetmaker en voer aan die Kaap gewerk. Deichman se adres was in 1899 Barrackstraat 9, Kaapstad, en daarna was dit Siekestraat 9, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1809-1832).

Deichman en W. Neeumeester, wat ook 'n kabinetmaker was, het klaarblyklik saamgewerk, want op 24 Mei 1825 het "De Heer Cloete" van Groot Constantia 'n kwitansie ontvang waarop geskryf staan dat hy o.a. 'n ledikant en 'n wastafel van Deichmann en Neeuumeester gekoop het (K.A.:A.457 Afdeling 811 fakture, 1825 Cloete-dokumente).

*De Heer Cloete koopt
van Frans Deichman*

<i>1 Ledikant</i>	<i>— — — — —</i>	<i>00 " 0 - 0</i>
<i>1 Priet</i>	<i>— — — — —</i>	<i>20 " 0 " 0</i>
<i>1 Wastafel</i>	<i>— — — — —</i>	<i>10 " 0 " 0</i>
		<i>— — — — —</i>
		<i>R. 290</i>

*1100/200
1825
W. Neeumeester
Frans Deichman*

Willem Neumeester se naam word eers van 1834 af in die C.o.G.H.A. genoem. Hy het waarskynlik tot en met Deichman se dood op 25 Maart 1832 vir hom gewerk (K.A. M00C 6/3 vol. 1 Sterftekennisgewings : 109). Deichman, wat verskeie timmermans in diens gehad het, adverteer op 26 Maart 1825 vir vier "goede schrynwerkers" (K.S.C. 26 Maart 1825).

Deichman is op 80-jarige ouderdom aan die Kaap oorlede (K.A. M00C 6/3 vol. 1 Sterftekennisgewings : 109).

DEKENAH, Jacob Kassiem Claasen & Stephanus Ignatius

Volgens 'n informant was Stephanus Ignatius en Jacob Kassiem Claasen Dekenah broers (Jacoba Dekenah 1982:onderhoud). Die broers het aanvanklik vir Paul Bredell, 'n wamaker op Riversdal, gewerk. Stephanus Ignatius was 'n kuiper en Jacob Kassiem Claasen 'n wamaker (Baraitser & Obholzer 1978:283; Malherbe 1966:116).

Teen die einde van die 19de eeu het die broers 'n vennootskap gesluit. Hulle het in 'n groot sinkgebou in Kerkstraat, Riversdal, gewerk en daar het hulle verskillende tipes meubels, maar veral kaste en jonkmanskaste, gemaak. Gedurende dié tyd het Stephanus Ignatius in Maitlandstraat gewoon en Jacob Kassiem Claasen in Langstraat, Riversdal (Baraitser & Obholzer 1978:283; Jacoba Dekenah & Sarah Dekenah, dogter van Stephanus Ignatius Dekenah 1982:onderhoud).

Stephanus Ignatius Dekenah is op 26 Februarie 1935 oorlede en Jacob Kassiem Claasen Dekenah in 1947 (Jacoba Dekenah 1982:-onderhoud).

Japie Dekenah, 'n broer van Stephanus en Jacob Dekenah, was die latere kurator van die Riversdal-museum (Sarah Dekenah 1982:onderhoud).

In die boek van Baraitser en Obholzer, Cape country furniture, is daar verskeie voorbeelde van Dekenah-meubels (Baraitser & Obholzer 1978:219 nr. 762; 282 nr. 980 & 981).

DE VOS, Gabriel Johannes

Gabriel Johannes de Vos het van 1861 tot 1867 as timmerman aan die Kaap gewerk en van 1868 tot 1870 as timmerman en kabinetmaker. Sy adres was in 1861 Breestraat 72, Kaapstad; in 1862 Kerkstraat 17, Kaapstad; in 1863 Langmarkstraat 90, Kaapstad; en van 1865 tot 1870 Langmarkstraat 106, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1861-1863, 1865, 1867-1868 & 1870).

DIEDERICH, Henry Justinus

Henry Justinus Diederich het van 1851 tot 1855 as timmerman aan die Kaap gewerk en van 1857 tot 1865 as timmerman en kabinetmaker. Sy adresse was gedurende sy verblyf in Kaapstad as volg: 1851 tot 1853 Strandstraat 90; 1854 Strandstraat 79; 1855 tot 1859 Strandstraat 83; 1861 tot 1863 Strandstraat 27 en in 1865 Strandstraat 25 (C.o.G.H.A. 1851-1855, 1857, 1859, 1861-1863 & 1865).

DUARTE, Clemmen

Clemmen Duarte het in 1886 en 1890 tot 1891 as kabinetmaker en timmerman aan die Kaap gewerk. In 1886 was sy adres Aspelingsstraat, Kaapstad, en in 1890 en 1891 was dit Caledonstraat 88, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1886 & 1890-1891).

DUNKLEY, John

John Dunkley was afkomstig van Engeland. Sy ouers was William en

Ellen Dunkley (K.A.:M00C 6/9/111 Sterftekennisgewings, nr. 1864 64/65). John Dunkley het van 1853 tot 1865 as kabinetmaker en timmerman aan die Kaap gewerk. Sy adres in 1853 was Hanoverstraat, Kaapstad; in 1854 St. Georgesstraat, Kaapstad; in 1855 tot 1864 Langmarkstraat 24, Kaapstad; en in 1865 Langmarkstraat 5, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1853-1857, 1859-1863 & 1865). John Dunkley se vrou, wat voor hom oorlede is, se name word nêrens vermeld nie.

Dunkley, wat op 3 Junie 1865 in sy huis te Langmarkstraat 5, Kaapstad, oorlede is, het drie kinders agtergelaat. Dunkley was 56 jaar en 10 maande oud toe hy oorlede is (K.A. : M00C 6/9/111 Sterftekennisgewings, nr. 1864 64/65).

DUNKLEY, Thomas

Thomas was waarskynlik die broer van John Dunkley en hoewel hulle adresse nie dieselfde was nie, het hulle in dieselfde tyd as kabinetmakers aan die Kaap gewerk.

Thomas Dunkley was van 1851 tot 1870 'n kabinet- en stoelmaker. Sy adres was van 1851 tot 1852 Barrackstraat, Kaapstad; 1853 tot 1857 St. Johnstraat 29, Kaapstad; van 1859 tot 1863 St. Johnstraat 55 en van 1865 tot 1870 St. Johnstraat 57, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1851-1854, 1856-1857, 1859-1863, 1865-1868 & 1870).

DUNKLEY, W.

Thomas Dunkley word telkemale saam met W. Dunkley vermeld. W. Dunkley wat ook 'n meubelmaker was, was waarskynlik 'n broer van Thomas en John Dunkley.

DU PLESSIS, Jan

'n Informant beweer dat Jan du Plessis teen die einde van die 19de eeu meubels, doodkiste, waens en perdekarre op Kareedouw gemaak het. Du Plessis, wat teen omstreeks 1924 oorlede is, was toe omtrent 63 jaar oud (Jan du Plessis 1982:onderhoud).

DURHAM, Edward

Edward Durham het gedurende die jare 1813 tot 1834 as 'n kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was Grafstraat 3, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1813-1828 & 1834).

In 'n advertensie in die S.A.C.A. van 7 Desember 1825 bied Durham "ledikanten (en) alle soorte van meubelen" te koop aan (S.A.C.A. 7 Des. 1825:274).

DURING, C.

C. During het van 1884 tot 1894 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1884 Leeuwenstraat 20, Kaapstad, en daarna Loopstraat 51, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1884, 1887 & 1890-1894).

EDGAR, Bill & Willie

Volgens 'n informant was Bill en Willie pa en seun, en het Bill Edgar sy seun, Willie Edgar, as kabinetmaker opgelei. Die Edgars het in Pourystraat, Mosselbaai, gewerk op dieselfde plek waar die "Assembly of God"-kerk nou staan. Willie het nooit getrou nie en hy en sy pa het tot met lg. se dood in 1910 saamgewerk. Willie Edgar is in 1915 oorlede (Mev Anne Goulden, H.R. Miller & Edgar Tumess 1982:onderhoude).

EDGAR, J.

J. Edgar was van 1889 tot 1893 kabinetmaker, timmerman en stof-feerder op Mosselbaai (M.B.A. 8 Jan. 1889 & 7 Feb. 1893).

EDWARD, Robert

Robert Edward het van 1838 tot 1863 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. In 1865 word Edward as timmerman vermeld. Sy adres was in 1838 Leliestraat 9, Kaapstad; in 1839 "Jones building" 1; in 1847-Riebeeckstraat 12, Kaapstad; van 1851 tot 1852, Keeromstraat, Kaapstad; in 1860 Lyndirastraat, Kaapstad; in 1863 Sydneystraat, Kaapstad; en in 1865, Ayresstraat, Kaapstad (C.o.G. H.A. 1838-1839, 1847, 1851-1852, 1860, 1863-1865).

ERFURT, Johan

Johan Erfurt was in 1842 'n kabinetmaker en voer aan die Kaap. Sy adres was Kloofstraat 13, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1842).

ERXLEBEN, Albert William

Albert William Erxleben was afkomstig van Sakse. Erxleben het van 1868 tot 1894 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk en sy adres was Kasteelstraat 24, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1868, 1870-1874, 1876-1884, 1886-1887 & 1889-1894; K.A.:M00C 6/9/430 Sterftekennisgewing, nr. 2269/01).

Erxleben was getroud met Dorothea Elizabeth Behr en uit die huwelik is ses kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/430 Sterftekennisgewings, nr. 2269/01).

Hy is op 4 Julie 1901 in die ouderdom van 73 jaar in sy huis te

Waterkantstraat 85, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/430 Sterfteskennisgewings, nr. 2269/01).

ESPIE, Andrew

Andrew Espie was afkomstig van Skotland. Hy het van 1865 tot 1876 as 'abinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was van 1865 tot 1868 McGregorstraat 7, Kaapstad; van 1870 tot 1875 McGregorstraat 4, Kaapstad; en gedurende 1876 Pleinstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1865-1868 & 1870-1876; K.A.:M00C 6/9/160 Sterfteskennisgewings, nr. 4214/77).

Espie was getroud, maar sy vrou se naam word nie vermeld nie. Hy het geen kinders gehad nie. Hy is op 30 Junie 1877 in die ouderdom van 56 jaar in sy huis in Pleinstraat, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/160 Sterfteskennisgewings, nr. 4214/77).

FAIRBROTHER, Richard

Richard Fairbrother, die seun van James en Mary Fairbrother, was afkomstig van Engeland. Fairbrother het van 1853-1876 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1853 Langstraat, Kaapstad; in 1855 Canterburystraat, Kaapstad; van 1855 tot 1863 Langmarkstraat 38, Kaapstad; en van 1866 tot 1876 Barnetvilla, St. Johnstraat 47, Kaapstad (K.A.:M00C 6/9/155 Sterfteskennisgewings, nr. 2871½; C.O.G.H.A. 1853-1857, 1859-1863, 1866-1867 & 1870-1876).

Fairbrother was met Sophia Elizabeth Fairbrother getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/155 Sterfteskennisgewings, nr. 2871½).

Hy is op 12 Junie 1876 in die ouderdom van 60 jaar in Barnetvil-

1a, St. Johnstraat 47, Kaapstad, oorlede. Fairbrother se sterfte-kennisgewing is deur sy vrou onderteken (K.A.:M00C 6/9/155 Sterfte-kennisgewings, nr. 2871½).

FARQUHAR, Thomas

Thomas Farquhar het van 1885 tot 1886 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Hy het in Drieankerbaai gewoon (C.o.G.H.A. 1885-1886).

FAULKNER, John

John Faulkner het van 1855 tot 1857 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was Strandstraat 83, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1855-1857).

FAULKNER, John Henry

Dit is nie seker of John Henry Faulkner familie was van John Faulkner nie. John Henry Faulkner het van 1866 tot 1890 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was van 1866 tot 1870 Tennantstraat 5, Kaapstad; van 1871 tot 1872 Hillegerstraat 4, Kaapstad; van 1873 tot 1876 Houtstraat 36, Kaapstad; en van 1877 het hy in Zonnebloem gewoon (C.o.G.H.A. 1866-1868, 1870-1874, 1876-1877, 1882-1884, 1889 & 1890).

FELIX, Abraham

Abraham Felix het in 1877 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was Boomstraat 29, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1877).

FENTON, Richard

Richard Fenton het in 1847 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was Selkirkstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1847).

FEREIRA, Biel

Biel Ferreira se bynaam was Bielsoppies. Hy het in Joubertina meubels gemaak, maar daar kon nie van sy meubels opgespoor word nie (J.W.M. Vosloo 1982:onderhoud).

FERREIRA, Klaas Pieter

Klaas Pieter Ferreira, wat laat in die 19de eeu begin meubels maak het, het hoofsaaklik in die 20ste eeu gewerk. Hy het aanvanklik op 'n plaas in die Kouga gewerk en later by Tweerivieren in die Langkloof. Dit was eers later dat Klaas Pieter na Joubertina verhuis het en daar vir die mense meubels gemaak het. Volgens 'n informant het Klaas Pieter ook draaiwerk aan die meubels gedoen. Die informant besit 'n kas en 'n tafel wat Ferreira gemaak het (A. Kritzinger 1982:onderhoud).

FERREIRA, Pieter

Pieter Ferreira was 'n timmerman van ambag en hy het o.a. wawiele, doodkiste en waens gemaak. Informante beweer dat Pieter teen die einde van die 19de eeu tot ongeveer 1930 meubels gemaak het (B.M. Olivier, J.W. Olivier & M.J. Olivier 1982:onderhoude). Meer besonderhede oor hom kon nie verkry word nie.

FERGUSON, James

James Ferguson het van 1860 tot 1868 as kabinetmaker aan die Kaap

gewerk. Sy adres was van 1860 tot 1863 Caledonstraat, Kaapstad en in 1867 en 1868, Vandeleurstraat 30, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1860-1863 & 1867-1868).

FORSYTH, James

James Forsyth het van 1838 tot 1876 as kabinetwerker aan die Kaap gewerk. Van 1856 af word Forsyth ook as 'n timmerman vermeld. Forsyth se adres was van 1838 tot 1856 Harringtonstraat 39, Kaapstad; van 1857 tot 1862 Harringtonstraat 69; van 1865 tot 1872 Harringtonstraat 81; en van 1874 tot 1876 Harringtonstraat 75 (C.o.G.H.A. 1834-1844, 1846-1857, 1859-1862, 1865-1868 & 1870-1876).

FOSTER, John

John Foster word in die C.o.G.H.A. van 1886 as 'n kabinetmaker vermeld en sy adres word as Canterburystraat 36, Kaapstad, aangegee (C.o.G.H.A. 1886).

FOURE, Joon

'n Informant deel mee dat ene Joon Fourie meubels by George gemaak het. Fourie, wat ongeveer 70 jaar oud was toe hy in 1936 oorlede is, het reeds in die 19de eeu meubels gemaak (L.M. Lambrechts 1982:onderhoud).

FOURIE, Lewies

Lewies Fourie en sy drie seuns, Sarel, Willem en Boet, het almal

meubels gemaak by 'n werkswinkel wat hulle in Darlingstraat, George, gehad het. Lewies Fourie het van omstreeks 1860 tot 1940 gelewe (D.A. Gerber 1982:onderhoud). Meer inligting oor hom kon nie verkry word nie.

FRAHN, T.

T. Frahn word in die C.o.G.H.A. van 1887 en 1889 as kabinetmaker vermeld. Sy adres was in 1887 Prinsstraat 23, Kaapstad, en in 1889 Kerkstraat 35, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1887 & 1889).

GALES, James Henry

James Henry Gales is in Port Elizabeth gebore. Dit is nie bekend wie sy vader was nie, maar sy moeder was Maria Jordaan. In sy sterftekennis word Gales se beroep as timmerman aangegee, maar in die C.o.G.H.A. van 1878 word hy as kabinetmaker vermeld (K.A.: M00C 6/9/503 Sterftekennisgewings, nr. 2040/04; C.o.G.H.A. 1878).

Gales was getroud met Cornelia Gales en die egpaar het ses kinders gehad (K.A.:M00C 6/9/503 Sterftekennisgewings, nr. 2040/04).

Hy is op 20 Julie 1904 in die ouderdom van 60 jaar te Cornwellstraat 17, Woodstock, oorlede (K.S.:M00C 6/9/503 Sterftekennisgewings, nr. 2040/04).

GARDINER, James

James Gardiner was 'n timmerman, kabinetmaker, voeër en begrafnisondernemer in Hoogstraat, Oudtshoorn. Gardiner het rondom die jare 1883 in Oudtshoorn gewerk (O.C. 3 Julie 1883).

GARETT, J.

Op 7 Januarie 1824 adverteer J. Garrett in die S.A.C.A. 'n betrekking vir 'n kabinetmaker en twee leerlinge. Sy adres was Kerkstraat, Kaapstad (S.A.C.A. 7 Januarie 1824). Dit blyk dus asof hy 'n onderneming gehad het waar hy meubelmakers in diens geneem het om vir hom te werk.

GELDERBLOM, Ben

Ben Gelderblom was 'n meubelmaker wat van omstreeks 1880 tot 1950 gelewe het en meubels by Blanco naby George gemaak het. Gelderblom was ook 'n bouer. Geen voorbeelde van sy meubels kon opgespoor word nie (J.H. Giles 1982:onderhoud).

GENDER, Garmett

Garmett Gender word in die C.o.G.H.A. van 1817 as kabinetmaker vermeld. Sy werksadres was Siekestraat 4, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1817).

GERICKE, Hendrik

Hendrik Gericke, wat vermoedelik van omstreeks 1855 tot 1925 gelewe het, was 'n wa- en meubelmaker by Blanco naby George. Gericke het by sy huis gewerk en o.a. stoele en tafels gemaak (M.S. Barry 1982:onderhoud).

GERBER, Jacobus Marthinus

'n Informant deel mee dat sy oupa, Jacobus Marthinus Gerber, by Joubertina meubels gemaak het. Jacobus Marthinus en sy broer,

Stephanus Johannes Gerber, het o.a. ook 'n smitswinkel gehad. Jacobus Marthinus het vier seuns gehad en sy jongste seun, Johan Andries, was die informant se vader (F.A. Gerber 1982:onderhoud).

GILDENHUYS, Hendrik Petrus

Hendrik Petrus Gildenhuis was 'n boer en timmerman op die plaas Melkbosch by Malgas naby Swellendam. Gildenhuis, wat van 1792 tot 1860 gelewe het, het o.a. ook meubels gemaak en in die Drostdy op Swellendam is 'n rusbank wat vermoedelik deur hom vervaardig is (Drostdy-Museum:Inventaris van oudhede).

Hendrik Petrus se vader was Petrus Arnoldus Gildenhuis. Dit is nie seker wie Hendrik Petrus se moeder was nie, want sy vader was drie maal getroud en uit die drie huwelike is vyftien kinders gebore. Susanna Maria Moolman, Dina Maria Uys en Maria Elizabeth Mathee, die drie vrouens met wie Petrus Arnoldus getroud was, se kinders word nie afsonderlik vermeld nie (De Villiers 1981a:246).

Hendrik Petrus is op 17 Oktober 1802 met Sara Johanna Lourens getroud en uit die huwelik is sewe kinders gebore (De Villiers 1981a:246).

GIMENEZ, Antonie Maitheus

Antonie Maitheus Gimenez word in die C.o.G.H.A. in 1865, van 1876 tot 1877, 1879 tot 1882, 1884 tot 1885 en in 1887 as kabinetmaker vermeld. Gimenez se adres was in 1865 Primrosestraat 16, Kaapstad; in 1876, 1879-1882 en 1884-1885 Loopstraat 93, Kaapstad; en in 1887 Waalstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1865, 1877, 1879-1880, 1885 & 1887).

GITTERMAN, C.

C. Gitterman het van 1890 tot 1891 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk en sy adres was Kerkstraat 29, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1890-1891).

GRÄBE, Coenraad

Coenraad Gräbe, die seun van Theophilus Gräbe, is op 22 September 1771 by Marburg, Hesse, Duitsland, gebore (K.A.:M00C 6/9/3 Sterftekennissgewings, nr. 562/34; Malherbe 1966:371).

Hoewel hy in sy sterftekennissgewing as 'n timmerman vermeld word, het hy in Swellendam ook meubels gemaak (Drostdy-Museum:Inventaris van oudhede; K.A.:M00C 6/9/3 Sterftekennissgewings, nr. 562/34).

Coenraad Gräbe is op 16 Oktober 1796 met Dina Johanna Odendaal getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore (Malherbe 1966:371; K.A.:M00C 6/9/3 Sterftekennissgewings, nr. 562/34).

Gräbe is op 19 Desember 1834 in die ouderdom van 63 jaar in die huis van sy seun, Pieter Johannes Albertus de Villiers, op Swellendam oorlede. Sy sterftekennissgewing is op 21 Desember 1834 deur dieselfde seun onderteken (K.A.:M00C 6/9/3 Sterftekennissgewings, nr. 562/34).

GROENEWALD, Christoffel

In die Drostdy op Swellendam is 'n voetstofie wat deur ene Christoffel Groenewald gemaak is. Dit is nie bekend wanneer Groenewald in Swellendam was nie, maar dit word beweer dat hy by Malga, Swellendam, gewerk het (Drostdy-Museum:Inventaris van oudhede).

GUNN, Alexander

Alexander Gunn was 'n timmerman en voëer wat rondom 1879 op Mosselbaai gewerk het. Sy werkwinkel was tussen Marsh- en Blandstraat (M.B.A. 2 April 1879).

HALL, J.

J. Hall het in die jaar 1889 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was Langmarkstraat 51, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1889).

HALL, William

William Hall het in 1887 as kabinetmaker te Langmarkstraat 33, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1887).

HAMMERGREN, Carl J.

Carl J. Hammergren was afkomstig van Swede. In sy sterftekenisgewing word sy beroep as timmerman aangegee, maar in die C.o.G.H.A. word hy van 1871 tot 1879 as 'n kabinetmaker vermeld. Sy adres aan die Kaap was in 1871 en 1872 Keeromstraat 67 en in 1878 tot 1879 Napierstraat 18 (C.o.G.H.A. 1871-1872 & 1878-1879, K.A.:M00C 6/9/245 Sterftekenisgewing, nr. 875/87).

Hammergren was wel getroud, maar sy vrou se naam word nie vermeld nie. Hulle het geen kinders gehad nie. Hy is op 26 April 1887 in die ouderdom van 54 jaar oorlede (K.A.:M00C 6/9/245 Sterftekenisgewings, nr. 875/87).

HANSHAHN, Adolf

Adolf Hanshahn het moontlik voor 1886 van Duitsland na die Kaap

gekm. In die C.o.G.H.A. van 1885 tot 1890 word hy as kabinetmaker vermeld. Sy adres was Buitekantstraat 36, Kaapstad (Malherbe 1966:410; C.o.G.H.A. 1885, 1887 & 1889-1890).

HANSNOW, A.

A. Hansnow word in die C.o.G.H.A. van 1884 as kabinetmaker vermeld en sy adres word as Williamstraat 25, Kaapstad, aangegee (C.o.G.H.A. 1884).

HARDY, James

James Hardy het van 1821 tot 1830 as timmerman aan die Kaap gewerk en van 1831 tot 1840 as timmerman en kabinetmaker. Sy adres gedurende sy verblyf in Kaapstad was as volg: 1821 tot 1822 Dorpsstraat 13; 1829 tot 1838 Boomstraat 6; en 1840 Buitekantstraat (C.o.G.H.A. 1821-1822, 1829-1833, 1835-1836, 1838 & 1840).

HARTMAN, A.

A. Hartman word in die C.o.G.H.A. van 1886 tot 1894 as kabinetmaker en stoffeerder vermeld. In 1892 word ook vermeld dat hy 'n meubelhandelaar was. Hartman se adres was in 1886 tot 1893 Langstraat 39, Kaapstad, en in 1894, Kortmarkstraat 22, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1886 & 1889-1894).

HATTINGH, Chris

'n Informant beweer dat die wamakers by Prins Albert dikwels ook meubels gemaak het, o.m. ene Chris Hattingh. Volgens die informant is Hattingh in 1854 gebore (J.L. Malan 1982:onderhoud).

HEEGERS, Phillip

Phillip Heegers word in die C.o.G.H.A. van 1863 as kabinetmaker vermeld. Sy adres was Selkirkstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1863).

HENRY, John

John Henry het in 1851 en 1852 as timmerman aan die Kaap gewerk en van 1854 tot 1856 as kabinetmaker. Sy adres was in 1851 en 1852 Roelandstraat 20; 1854 Drurylaan; en in 1856 Konstitusiestraat 14, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1851-1852, 1854 & 1856).

HEMMES, Hendrik

Hendrik Hemmes, die seun van Jan Gerhard Hemmes en Hauwke Louwes de Vries, was afkomstig van Groningen in Nederland (K.A.:M00C 6/9/309 Sterftekenningsgewings, nr. 2102/92).

Van 1863 tot 1880 het hy as kabinetmaker en timmerman aan die Kaap gewerk. Sy adres was van 1863 tot 1867 Hoopstraat 20, Kaapstad; van 1868 tot 1880 Justisiestraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1863, 1865-1868, 1870-1878 & 1880).

Hemmes se vrou, wat voor hom oorlede is, se naam word nie vermeld nie. Hulle het 'n seun, Jacobus Hemmes, gehad. Hemmes is op 29 September 1892 in die ouderdom van 73 jaar te Breestraat 61, Kaapstad, oorlede. Hy het ten tye van sy dood vier huise besit (K.A.:M00C 6/9/309 Sterftekenningsgewings, nr. 2102/92).

HINTERLEITNER, J.

J. Hinterleitner het in 1882 van Hamburg na die Kaap gekom

(Malherbe 1966:442). Hy word van 1887 tot 1894 as kabinetmaker, voëer en timmerman vermeld. Sy adres was Loopstraat en Langmarkstraat 45, Kaapstad. Een van die adresse was waarskynlik die van sy werkswinkel (C.o.G.H.A. 1887 & 1890-1894).

HOFFMAN, Christoph Hironimus

Christoph Hironimus Hoffman, 'n kabinetmaker van beroep, het in 1821 om burgerregte aan die Kaap aansoek gedoen. Hoffman vermeld in die brief aan die Britse departement van kolonie dat hy met sy vrou en kinders na die Kaap gekom het. Daar word ook vermeld dat Hoffman op 22 Augustus 1790 in die Lutherse Kerk aan die Kaap gedoop is (K.A.:CO 3920 Memorials Received, nr. 2).

HOLTMAN, Christiaan

Christiaan Holtman word in die C.o.G.H.A. van 1877 tot 1879 en 1882 as kabinetmaker vermeld. Holtman se adres was Buitengracht 4, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1877-1879, 1882).

HORNE, William A.

William A. Horne het van 1877 tot 1880 as timmerman en kabinetmaker in Ayresstraat 1, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1877-1880).

HOWE, William

William Howe het gedurende die jaar 1879 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was Ayresststraat 1, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1879).

ISAAKSE, Gabriel

Gabriel Isaakse het in 1863 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was Stuckerisstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1863).

JAMLE

Ene Jamle het in 1866 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was Loopstraat 155, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1866).

JAMIE, Gatief

Gatief Jamie het van 1877 tot 1879 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Gatief se adres was Buitengracht 63, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1877-1879).

JANSON, Johannes Arnoldus

Johannes Arnoldus Janson, die seun van Johannes Josephus Janson van Antwerpen, Nederland, en Rosina Petronella Rutgers, is aan die Kaap gebore (De Villiers 1981a:362). In sy sterftekenisgewing word Janson as 'n algemene handelaar aangegee, maar in die C.o.G.H.A. van 1820 word hy as kabinetmaker te Loopstraat 78, Kaapstad, vermeld (K.A.:M00C 6/9/34 Sterftekenisgewings, nr. 7630/44/45; C.o.G.H.A. 1820).

Janson was getroud, maar sy vrou se naam word nie vermeld nie. Hulle het twee kinders gehad (K.A.:M00C 6/9/34 Sterftekenisgewings, nr. 7630/44/45)

Janson is op 22 Desember 1844 in die ouderdom van 46 jaar in sy huis te Langstraat 54, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/34 Sterftekenisgewings, nr. 7630 44/45).

JEAREY, Thomas

Thomas Jearey was afkomstig van Londen. Hoewel die sterftekenisgewing vermeld dat Jearey 'n bouer was, het hy van 1860 tot 1877 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was Tenantstraat 20, Kaapstad (K.A.:M00C 6/9/681 Sterftekenisgewings, nr. 3570/11; C.o.G.H.A. 1860-1863, 1866-1867 & 1873-1877).

Thomas Jearey was met Elizabeth Mary Jeary getroud en uit die huwelik is sewe kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/681 Sterftekenisgewings, nr. 3570/11).

Jearey is op 9 Desember 1911 in die ouderdom van 76 jaar in Albanyweg, Seepunt, oorlede (K.A.:M00C 6/9/681 Sterftekenisgewings, nr. 3570/11).

JOHNSON, Charles

Charles Johnson word in die C.o.G.H.A. as kabinetmaker vermeld. Sy adres was Glynnplein, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1853).

JOHNSON, John

John Johnson het in 1870 as timmerman in Sydneystraat, Kaapstad, gewerk en in 1871 as 'n beeldsnyer en kabinetmaker te Langmarkstraat 9, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1870-1871).

JOHNSON, John

John Johnson word in die C.o.G.H.A. van 1885 tot 1890 as kabinetmaker en timmerman vermeld. Sy adres was in 1885 Zonnebloem, Kaapstad; en van 1886 tot 1890 Rogerstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1881, 1885-1890).

JOHNSTONE, William

'n Informant deel mee dat haar oupa, William Johnstone, meubels gemaak het. Volgens die informant het Johnstone, wat tussen die jare 1875 en 1925 gelewe het, waarskynlik laat in die 19de eeu begin meubels maak. Hoewel Johnson ook soms vir ander mense meubels gemaak het, was hy 'n boer wat hoofsaaklik die maak van meubels as 'n stokperdjie beoefen het ((W.S. Oosthuizen 1982: onderhoud).

JONES, William

William Jones het in 1846 en van 1855 tot 1856 as kabinetmaker, voëer en stoffeerder aan die Kaap gewerk. In 1848 was sy adres, Leliestraat 2, Kaapstad, en in 1855 tot 1856 Burgstraat 5, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1846, 1855-1856).

JURGENS, William

William Jurgens het van jare 1853 tot 1863 as kabinetmaker te Barrackstraat 16, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1853-1857 & 1859-1863).

KANNEMEYER

William Moulton, 'n bekende kabinetmaker, gebore in 1808 en woonagtig op Swellendam, het in 'n stadium by ene Kannemeyer gewerk. Kannemeyer het in dieselfde tyd as Moulton gelewe en het self meubels, veral jonkmanskaste, gemaak (A. Rothmann 1982: onderhoud). Meer besonderhede oor hom kon nie verkry word nie.

KANNEMEYER, Jan

Jan Kannemeyer of Kalmeyer (soos hy in die C.o.G.H.A. van 1816 genoem word) het van 1816 tot 1821 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was van 1814 tot 1816 Leeuwenstraat 4, Kaapstad, en in 1821 Breesstraat 2, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1814-1816 & 1821).

KARG, Ernst Frederich Johann

Ernst Frederich Johann Karg is in 1882 gebore en in 1951 in die ouderdom van 69 jaar oorlede. Hy was 'n timmerman en bouer van beroep. Ernst Karg het hoofsaaklik vir homself meubels gemaak, maar hy het ook soms vir ander mense meubels gemaak. Dit is moontlik dat hy reeds voor 1900 meubels gemaak het. Nicolaas Karg, 'n seun van Ernest Karg, deel mee dat hy o.a. 'n spieëltafel besit het wat deur sy vader gemaak is. Ernst Karg is in 1903 met Anna Elizabeth van der Merwe getroud en uit die huwelik is ses kinders gebore (N. Karg & M.W. Karg 1985:onderhoude).



Ernst Frederich Johann Karg
(Foto:N. Karg).

Van die ander projekte waarmee Karg vermoedelik gemoeid was, was 'n huis, De la Rey, in Swellendam; Bethelsaal, 'n kerksaal; 'n kerksaal by Riviersonderend; kelkiehouers vir die Moederkerk op Swellendam; en twee houthekke voor die Moederkerk op Swellendam. Hy het ook doodkiste, 'n groot klerekas, 'n kombuistafel en 'n eetkamertafel wat eens op 'n tyd in Ernst Karg se besit was, gemaak (N. Karg & M.W. Karg 1985:onderhoude)

KERR, Daniel

Daniel Kerr is op 26 Desember 1819 gebore. Hy het as kabinetmaker op Swellendam gewerk en in die Drostdy op Swellendam is stoele wat hy gemaak het (Drostdy-Museum:inventaris van oudhede).

KEYLONS, Hendrik Cornelis

Hendrik Cornelis Keylons het van 1834 tot 1840 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was Langstraat 80, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1834-1840).

KILL, J.J.

J.J. Kill het van 1891 tot 1893 as kabinetmaker te Dorpstraat 18, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1891-1893).

KILL, P.J.

P.J. Kill was in 1890 'n kabinetmaker te McKenziestraat 8, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1890).

KIRCHENBAUER, Fritz

Fritz Kirchenbauer was in 1887 'n kabinetmaker in Primrosestraat, Kaapstad, en gedurende 1889 te Kerkstraat 35, Kaapstad (C.o.G. H.A. 1887 & 1889).

KITSPERTH, E.

E. Kirsperth het gedurende die jare 1887 tot 1894 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Van 1891 word hy ook as timmerman vermeld. Sy adres was in 1887 Dunkleystraat, Kaapstad, in 1890 Wandelstraat 8, Kaapstad; en van 1891 tot 1894 Loopstraat 107, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1887 & 1890-1894).

KLUYTS (?)

'n Informant deel mee dat sy oupagrootjie 'n meubelmaker op Knysna was. Die oupagrootjie se van was Kluys en hy en drie broers het oorspronklik van Duitsland af gekom waar hy vermoedelik ook as meubelmaker gewerk het. Die informant is self 'n meubelmaker van beroep (H.J.J. Kluys 1982:onderhoud).

KOLLER, A.C.

A.C. Koller het in 1877 en 1879 as kabinetmaker te Loopstraat 144, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1877-1879).

KORCK, Pieter Martien Frederick

Pieter Martien Frederick Korch was afkomstig van Duitsland. In die C.o.G.H.A. van 1847 tot 1863 word hy as kabinetmaker vermeld.

In sy sterftekennisgewing word sy beroep as timmerman aangegee (C.o.G.H.A. 1847-1851, 1853-1857, 1859-1861 & 1863; K.A.:M00C 6/9/107 Sterftekennisgewings, nr. 1109/64). Korck se adres was van 1847 tot 1850 Loopstraat 137, Kaapstad; in 1851 en 1853 Loopstraat 122, Kaapstad; van 1854 tot 1855 Hottentotsplein, Kaapstad; in 1856 en 1857 Boomstraat 53, Kaapstad; en van 1859 tot 1863 Barrackstraat 19, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1847-1851, 1853-1857, 1859-1861 & 1863).

Korck was met Elmina Cornelia Nieuwoudt getroud en hulle het twee kinders gehad (K.A.:M00C 6/9/107 Sterftekennisgewings, nr. 1109/64).

Korck is op 19 Junie 1864 in die ouderdom van 48 jaar in 'n huis in Burgstraat, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/107 Sterftekennisgewing, nr. 1109/64).

KOSTER, Frederick

Frederick Koster het van 1860 tot 1881 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adresse gedurende die tyd was soos volg: 1860 Strandstraat 69; 1862 Houtstraat 29; 1863 Dorpstraat; 1865 Siekestraat 15; 1866 Canterburystraat 4; 1867 Loopstraat 89; 1870 tot 1877 Langstraat 23; en 1878 tot 1881 Langstraat 87 (C.o.G.H.A. 1860, 1862-1863, 1865-1867 & 1870-1881).

KOSTER, Peter

Peter Koster het van 1877 tot 1894 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adresse was dieselfde as Frederick Koster s'n in die ooreenstemmende tyd, nl. Langstraat 23 in 1877, en Langstraat 87 in 1881 en 1882. Gedurende 1890 was sy adres Langstraat 101 en

van 1891 tot 1894 Langstraat 112, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1877, 1881- 1882 & 1890-1894). Dit wil voorkom asof Peter 'n seun van Frederick Koster was.

KRUGER, Hendrik

Hendrik Kruger het van 1865 tot 1879 as timmerman en kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Gedurende die jare wat hy aan die Kaap gewerk het, was sy adresse as volg: 1865 Siekestraat 9; 1866 Langstraat 47; 1867 tot 1872 Houtstraat 20; 1873 tot 1876 Houtstraat 19; en 1877 tot 1879 Houtstraat 17 (C.o.G.H.A. 1865-1868 & 1870-1879).

KRÜGER, Henry

Henry Krüger het gedurende 1867 as timmerman en kabinetmaker te Waalstraat 64 gewerk en van 1868 tot 1876 te Canterburystraat 13, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1867-1868 & 1871-1876).

KRUGER, Herman

Herman Kruger het van 1871 tot 1876 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1871 Langmarkstraat 13, Kaapstad; in 1872 Langmarkstraat 22; en van 1873 tot 1896 Langmarkstraat 24 (C.o. G.H.A. 1871-1876).

KUBE, Johan Fredrik

Johan Fredrick Kube het van 1856 tot 1859 as kabinetmaker in Langmarkstraat, Kaapstad, gewerk en gedurende 1860 te Zonnebloem, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1856-1857 & 1859-1860).

KUNZ, Johan Christian Frederick

Johan Christian Frederick Kunz het in 1775 van Odenberg in Brandenburg, Duitsland, na die Kaap gekom. Kunz, wat met die rang van soldaat na die Kaap gekom het, het as houtkapper gewerk. Hy het later na Swellendam getrek waar hy o.a. 'n timmerman was en die kerk op Swellendam help bou het. Kunz het hom in Appelbosch, 'n huis op Soetmelksvlei naby Swellendam, gevestig. Hy is op 7 Junie 1778 met Barbera Magdalena Lourens in die huwelik bevestig en uit die huwelik is vyf kinders gebore (Baraitser & Obholzer 1978:49; De Villiers 1981a:444).

Wat sy werk as meubelmaker betref, skryf Baraitser en Obholzer dat daar stoele op Swellendam gemaak is wat afgesien van die H-spanraam, 'n ekstra sport agter het. Die stoele was volgens Baraitser en Obholzer die werk van Johan Christian Frederick Kunz (1978:53).

LANDER, George

George Lander het gedurende die jare 1861, 1866 en 1870 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1861 Hoopstraat 3, Kaapstad; in 1866 Dorpstraat 45, Kaapstad en in 1870 Cannonstraat 4, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1861, 1866 & 1870).

LAURENCE, J.

J. Laurence het in 1838 as kabinetmaker in Heuwelstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1838).

LEHMENSICH, Frederick

Frederick Lehmensich word in die C.o G.H.A. van 1871 tot 1894 as

timmerman en kabinetmaker vermeld. Sy adres was gedurende 1871 en 1872 Houtstraat 25, Kaapstad en daarna was dit Keeromstraat 6 en Vandeleurstraat 40, Kaapstad. Een van die laaste twee adresse was waarskynlik die adres van Lehmsich se werkswinkel (C.o.G.H.A. 1871-1872, 1877, 1885, 1887 & 1889-1894).

LEWIN, Moses

Moses Lewin het gedurende die jare 1882 tot 1894 as kabinetmaker, stoffeerder en meubelhandelaar aan die Kaap gewerk. Sy adres was Kasteel- en Houtstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1882, 1885 & 1890-1894).

LINGEFELDER, Fredrik

Fredrik Lingefelder het van 1814 tot 1828 as timmerman te Buitengracht 3, Kaapstad, gewerk. Lingefelder word eers gedurende 1827 en 1828 as 'n kabinetmaker vermeld (C.o.G.H.A. 1814-1828).

LIVINGSTON, Robert

Robert Livingston het van 1851 tot 1854 as timmerman aan die Kaap gewerk. Van 1855 af word hy as kabinetmaker vermeld en van 1857 ook as algemene handelaar. Sy adres was tot 1853 Boomstraat, Kaapstad; in 1854 Chiappinistraat, Kaapstad, van 1855 tot 1857 Hanoverstraat, Kaapstad; en gedurende 1861 en 1862 Tennantstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1851-1857 & 1861-1862).

LOE, James

James Loe het gedurende 1854 as kabinetmaker in Vandeleurstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1854).

LONDT, Simon

Simon Londt het van 1842 tot 1860 as kabinetmaker en voeër te Kasteelstraat 5, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1842-1853, 1855-1857 & 1859-1860).

LOWTHER, Thomas

Thomas Lowther word in die K.S.C. van 25 Oktober 1800 as kabinetmaker vermeld (K.S.C. 25 Oktober 1800).

LYALL, Alexander

Alexander Lyall word in die C.o.G.H.A. van 1837 en 1840 tot 1843 as voeër en kabinetmaker vermeld. Sy adres was in 1837 en van 1840 tot 1842 Stalplein, Kaapstad, en gedurende 1843 Harringtonstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1837, 1840-1843).

MACCI, Walter

Walter Macci het gedurende die jare 1821 en 1822 as timmerman en stoffeerder te Siekestraat 4, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1821-1822).

MAMFORD & Burfett

Mamford en Burfett het van 1892 tot 1894 as kabinetmakers aan die Kaap gewerk. Hulle adres was Strandstraat 78, Kaapstad (C.o.G.-H.A. 1892-1894).

MANEVELD, Frederik

Fredrik Maneveld het gedurende die jare 1865 tot 1876 as 'n kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1865 en 1866 Caledonstraat 4, Kaapstad; 1867 tot 1868 en in 1870 Aspelingsstraat, Kaapstad; en in 1876 Buitengracht, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1865-1868, 1870, 1872 & 1876).

MANEVELDT, Johannes

Johannes Maneveldt word in die C.o.G.H.A. van 1877 en 1879 as kabinetmaker te Aspelingsstraat 15, Kaapstad, vermeld (C.o.G.H.A. 1877 & 1879).

MARBAGH, Carl Godfried Fredrick

Carl Godfried Fredrick Marbagh is op 6 Oktober 1793 aan die Kaap gebore. Sy ouers was Johann Joseph Marbach, wat in 1782 na die Kaap gekom het, en Sara Elizabeth Nierman (De Villiers 1981b: 534).

Marbagh het gedurende die jare 1818 tot 1843 aan die Kaap gewerk. In die C.o.G.H.A. tot 1835 word hy as timmerman vermeld, maar sedert 1836 word hy ook as kabinetmaker aangedui. Sy adresse gedurende sy verblyf in Kaapstad was soos volg: 1818 Waterkantstraat; 1835 tot 1837 Keeromstraat 44; 1838 tot 1842 Buitengracht 13; en in 1843 Langstraat 22 (C.o.G.H.A. 1818, 1826, 1828-1832 & 1834-1843).

Marbagh was getroud en die egpaar het een kind gehad, maar die vrou en kind se name word nie in Marbagh se sterftekennisgewing vermeld nie (K.A.:M00C 6/9/30 Sterftekennisgewings, nr. 6256/43).

Marbagh is op 1 Augustus 1843 in die ouderdom van 49 jaar in sy

huis te Langstraat 22 oorlede (K.A.:M00C 6/9/30 Sterftekennisgewings, nr. 6256/43).

MARLIKS, Ben

Ben Marliks was 'n bruinman wat meubels op Blanco, naby George gemaak het. Marliks het ongeveer dieselfde tyd as die Gelderbloms gewerk, nl. tussen 1880 en 1950. Volgens 'n informant was daar nog lede van die Marliks-familie wat meubels gemaak het. Daar kon nie van die meubelstukke wat die Marlikse gemaak het, gevind word nie (J.H. Giles 1982:onderhoud).

MARSHALL, George

George Marshall het van 1855 tot 1857 as timmerman en kabinetmaker te Breestraat 42, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1855-1857).

MARTIENSEN, Carl

Carl Martiensen het van 1853 tot 1865 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was gedurende 1853 Leliestraat 10, Kaapstad; van 1854 tot 1860 St. Johnstraat 37, Kaapstad; in 1861 en 1862 Langstraat 148, Kaapstad; en in 1865 Hoofstraat 16, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1853-1854, 1859-1862 & 1865).

MARTIENSEN, Gustav

Gustav Martiensen het in 1867 as kabinetmaker te Vandeleurstraat 6, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1867).

MASON, Joseph

Joseph Mason word in die C.o.G.H.A. van 1865 as kabinetmaker vermeld. Sy adres was Roelandstraat 21, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1865).

MASURET, Johannes Lodewijk

Johannes Lodewijk Masuret, die seun van J.L. Maastrecht, is in 1882 gebore. Dit is nie bekend wanneer die familienaam verander is nie. Masuret, wat eintlik 'n meubelmaker van beroep was, het tussen die jare 1900 tot 1914 o.m. teegoedbalies met koperhoepels gemaak. Hy is in 1961 in die ouderdom van 79 jaar te Potchefstroom oorlede (Le Roux 1982:107).

MACARTNEY, James

James Macartney, die seun van William en Mary Macartney, was afkomstig van Ierland (K.A.:M00C 6/9/147 Sterftেকennisgewings, nr. 279/74). Macartney het van 1859 tot 1874 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adresse was soos volg: 1859 tot 1860 Cliftonheuwel 5, Kaapstad; 1867 Blythstraat 3, Kaapstad; 1868 en 1870 Sydneystraat 14, Kaapstad; 1871 tot 1872 Thomasstraat 5, Kaapstad en Konstitusiestraat 68 (werkplek); en gedurende 1873 en 1874 Pleinstraat 23, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1867-1868 & 1870-1874).

Macartney was getroud, maar sy vrou se naam word nie in sy sterftetekennisgewing vermeld nie. Die egpaar het ses kinders gehad (K.A.:M00C 6/9/147 Sterftetekennisgewings, nr. 279/74).

Macartney is op 29 Maart 1874 in die ouderdom van 42 jaar te Pleinstraat 23, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/147 Sterftetekennisgewings, nr. 279/74).

MCARTHY, Hermaans

Hermaans MCarthy was gedurende die jare 1920 tot 1930 'n timmerman op George. MCarthy het hoofsaaklik meubels en doodkiste gemaak. Sy seuns Charles, Louis en Sydney wat saam met hom gewerk het, het later sy besigheid voortgesit. Daar kon nie van sy meubels gevind word nie (C.O. Sayers 1982:onderhoud).

MCARTHY, John Daniel

John Daniel MCarthy het gedurende die jare 1855 tot 1865 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was van 1855 tot 1857 Waalstraat 74, Kaapstad; gedurende 1859 Waalstraat 37, Kaapstad; gedurende 1860 en 1861 Buitengracht 63, Kaapstad; en in 1865 Hanoverstraat 3, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1855-1857, 1859-1861 en 1865).

McGREGOR, Thomas

Thomas McGregor het in 1859 en 1860 as kabinetmaker te Nuwestraat 16, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1959-1860).

McKAY, George

George McKay het van die jare 1855 tot 1857 as kabinetmaker te Caledonstraat 38, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1855-1857).

McMILLAN, John

John Mcmillan het in 1885 as kabinetmaker te Loopstraat 12, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1885).

MEERS, Carl & Pieter Karlse

Carl Meers was 'n Duitser wat omstreeks 1842 na die Kaap gekom het. Meers was 'n meubelmaker en kort na sy aankoms in die Kaap is hy na Molenrivier waar hy vir Johan Frederick Taute gewerk het. Op die plaas van Taute was daar verskeie ambagsmanne, bv. 'n smit, 'n meubelmaker, skrynwerkers, ens. Die ambagsmanne het almal huise op die plaas gehad. Die meubels wat Meers gemaak het, het Taute d.m.v. die togwaens laat verkoop (E. Zondagh & B. Taute 1982:onderhoude).



'n Bakkis wat deur Carl Meers vervaardig is (Foto:Mej. B. Taute).

Karl Meers was met 'n bruinvrou getroud en uit die huwelik is een kind, Pieter Karlse, gebore. Pieter Karlse het soos sy pa meubels gemaak (B. Taute & G. Taute 1982:onderhoude).



'n Stoel wat deur Pieter Karlse ver=
vaardig is (Foto:Mej. B. Taute).

MELLISH, Edward (sr. & jr.)

Ene Edward Mellish word van 1855 tot 1857 as kabinetmaker vermeld. Sy adres was in 1855 en 1856 St.-Johnstraat 20, en in 1857 Caledonstraat, Kaapstad. In die jare 1878 en 1879 word daar weer 'n Edward Mellish, wat 'n kabinetmaker te Loopstraat 139 was,

vermeld (C.o.G.H.A. 1855-1857, 1878-1879). Dit is nie seker of dit dieselfde Mellish is nie. Die lang onderbreking skep die vermoede dat dit pa en seun kon gewees het.

MEYER, Andries Ludolph

Andries Ludolph Meyer word in die C.o.G.H.A. van 1882 tot 1884 en in 1889 as 'n kabinetmaker vermeld. Meyer se adres was in 1882 Williamstraat 16, Kaapstad, van 1883 tot 1884 Williamstraat 18, Kaapstad; en in 1889 Harringtonstraat 25, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1832-1884 & 1889).

MEYER, Johnnie

Johnnie Meyer was 'n bruinman wat tussen die jare 1880 tot 1930 by George meubels gemaak het. 'n Informant deel mee dat Meyer sy werkswinkel in Markstraat, George, gehad het. Die informant besit o.a. 'n tafel en ses stoele wat deur dië Meyer gemaak is (C.O. Sayers 1982:onderhoud). Volgens 'n informant het Tak Volkwyn, 'n

baie bekende meubelmaker in die George-omgewing, op 'n stadium vir Johnnie Meyer gewerk (D.A. Gerber 1982:onderhoud).



'n Tafel en stoele in C.O. Sayers se besit wat na be-



'n Stoel in C.O. Sayers se besit wat na hewering deur Johnnie Meyer vervaardig is (Foto: H.A. Geldenhuys).

MICHEL, C.

C. Michel het in 1886 van Duitsland na die Kaap gekom en gedurende 1887 het hy as kabinetmaker te Looopstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1887; Malherbe 1966:673).

MINNIE, Joseph

'n Informant deel mee, dat sy skoonpa, Joseph Minnie, 'n meubelmaker op George was. Minnie was 80 jaar oud toe hy in 1960 oorlede is, d.w.s. hy is omstreeks 1880 gebore. Dit is moontlik dat hy voor die einde van die 19de eeu meubels gemaak het (L.J. Botha 1982:onderhoud).

MORGENROOD, Benjamin

Benjamin Morgenrood het gedurende 1885 as timmerman te Pleinstraat 59, Kaapstad, gewerk, maar van 1889 tot 1891 word hy as kabinetmaker te Pleinstraat 79 vermeld (C.o.G.H.A. 1885, 1889-1891).

MORTAR, William

William Morter het gedurende die jare 1853 tot 1854 as kabinetmaker in Caledonstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1853-1854).

MOULTON, William

William Moulton, die seun van William Moulton en Mary Hepperd, is in 1808 by Acton, Northwich Cheshire, Engeland, gebore (Drostdy-Museum:Inventaris van oudhede; K.A.:MOOC 6/9/300 Sterftekenisgewings, nr. 31/92). Moulton was 'n voltydse meubelmaker wat van 1860 tot 1890 op Swellendam gewerk het (Rothmann 1960:32; A. W. Rothmann 1982:onderhoud).

Daar is etlike meubelstukke wat Moulton gemaak het wat vandag nog bestaan en in die Drostdy-Museum besigtig kan word. Die meubelstukke is 'n skaaktafel, 'n werkskassie, 'n voetbankie en 'n stel van twaalf stoele (Drostdy-Museum:Inventaris van oudhede).

Moulton was met Elizabeth Allan, wat op 5 Maart 1819 in New York, V.S.A., gebore is, getroud en uit die huwelik is drie kinders gebore (K.A.:MOOC 6/9/300 Sterftekenningsgewings, nr. 31/92; Drostdy-Museum:Inventaris van oudhede).

Moulton is op 5 Desember 1891 in die ouderdom van 82 jaar te Waterloo, Buffelsjachtrivier, oorlede. Sy sterftekenningsgewing is op 5 Januarie 1892 deur sy seun William Thomas onderteken (K.A.:MOOC 6/9/300 Sterftekenningsgewings, nr. 31/92).

MULLER, Carel

Carel Muller het van 1809 tot 1814 as kabinetmaker te Strandstraat 43, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1809-1810 & 1814). Muller het klaarblyklik nie alleen gewerk nie, want op 10 November 1810 adverteer hy vir die dienste van "eenige bekwame timmerlieden" (K.S.C. 10 November 1810).

MYERS, Aaron A.

Aaron A. Myers het gedurende die jare 1886 en 1890 tot 1893 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Van 1892 het hy ook as vioolhersteller gewerk. Myers se adresse was Ashleystraat 4, Kaapstad in 1886; Konstitusiestraat 25, Kaapstad gedurende 1890 en 1891; en Harringtonstraat, Kaapstad, in 1892 en 1893 (C.o.G.H.A. 1886 & 1890-1893).

NELSON, A.

A. Nelson het in 1890 as kabinetmaker te Napierstraat 21, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1890).

NEUMEESTER, Willem

Willem Neumeester het van 1834 tot 1841 as kabinetmaker en stof-feerder te Siekestraat 9, Kaapstad, gewerk en van 1842 tot 1846 te Siekestraat 15 (C.o.G.H.A. 1834-1841). Neeumeester was aanvanklik in Frans Deichman se diens, maar na Deichman se dood in Maart 1832 het Neeumeester die kabinetmakersonderneming oorgeneem (vgl. Frans Deichmann).

W. NEUMEESTER,
(SUCCESSOR TO THE LATE F. DEICHMAN,
Cabinetmaker and Upholsterer,
No. 9, Zicke-street.
A great variety of the most fashionable Furniture constantly on sale,
on moderate terms.
ALL ORDERS EXECUTED WITH DESPATCH.

(C.o.G.H.A. 1839).

NEUGEBAUER, Moritz Herman

Moritz Herman Neugebauer het gedurende die jare 1885 en 1886 as timmerman te Houtstraat 20 en 29, Kaapstad, gewerk. Gedurende die jare 1887 en 1889 het hy as kabinetmaker in Loopstraat en te Houtstraat 29, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1885-1887 & 1889).

NOLLAN, Carel Gustav

Carel Gustav Nollan was afkomstig van Duitsland en hoewel hy in sy sterftekenning as timmerman vermeld word, word hy in die C.o.G.H.A. van 1867 as kabinetmaker aangedui (C.o.G.H.A. 1867; K.A.:MOOC 6/9/163 Sterftekenning, nr. 5189/78).

Nollan was nie getroud nie en op 11 April 1878 is hy in die ou-

derdom van 63 jaar in Kasteelsstraat, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/163 Sterftekeningsgewings, nr. 5189/78).

NOWLAN, Thomas

Thomas Nowlan word in die C.o.G.H.A. van 1861 as kabinetmaker in Selkirkstraat, Kaapstad, vermeld (C.o.G.H.A. 1861).

OATES, Peter J.

Peter J. Oates het gedurende 1885 en 1886 as kabinetmaker te Loopstraat 12, Kaapstad, gewerk en gedurende 1887, 1889 en 1891 te Loopstraat 41, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1885-1887, 1889 & 1891).

O'CALLAGHAN & McCARTNEY

O'Callaghan en McCartney word in die C.A. van 1 Julie 1871 as kabinetmaker, stoffeerder, meubelhandelaar en begrafnisondernemer vermeld. O'Callaghan en McCartney het aan Kerkplein naby die poskantoor gewerk (C.A. 1 Julie 1871).



**Carpets,
Floor Cloths,
Matting,
New & Second-
hand Furniture,
AND VARIOUS
Household
Requisites,**

Always kept in Stock.

*Orders for Funerals
attended to either
in Town or
Country.*

**CHURCH-SQUARE, NEAR THE COLONIAL OFFICE,
CAPE TOWN.**

BORRADAILE, THOMPSON, HALL, & Co.

O'Callaghan se werksplek aan Kerkplein, Kaapstad
(The Cape Argus. 3 September 1872)

O'CONNOR, Michael

Michael O'Connor het van 1863 tot 1872 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Gedurende 1863 tot 1866 het hy te Waalstraat 22, Kaapstad, gewoon; in 1867 en 1868 te Kasteelstraat 12, Kaapstad; en gedurende 1870 tot 1872 te Caledonstraat 12, Kaapstad (C.o.G. H.A. 1863, 1865-1868 & 1870-1872).

Ene Michael O'Connor van Ierland se sterftekenning is opgespoor, maar daarin word vermeld dat hy 'n kuiper was. Dit is moontlik dieselfde O'Connor, aangesien die tydperke ooreenstem. O'Connor, die kuiper, is op 9 Desember 1885 in die ouderdom van 71 jaar in Somersethospitaal oorlede (K.A.:M00C 6/9/227 Sterftekenning, nr. 1999/85).

OLIVIER, Henry

Henry Olivier het in 1866 en 1867 as kabinetmaker te Primroseheuwel, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1866-1867).

PAGE, Walter

'n Informant deel mee dat Walter Page omstreeks 1881 meubels op Knysna gemaak het en sy weet o.a. van 'n kas met laaie wat Page gemaak het (Mev M. Parks 1982:onderhoud).

PAULSEN, Jan

Jan Paulsen het van 1860 tot 1863 as kabinetmaker te Loopstraat 109, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1860-1863).

PHILIP, John

John Philip, die seun van Thomas Philip en Mary Williams, is in

Engeland gebore (K.A.:M00C 6/9/197 Sterftekennisgewings, nr. 6758/83). Philip het van 1846 tot 1857 as kabinetmaker en stof-feerder aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1846 Grafstraat 23, Kaapstad; van 1847 tot 1853 Keisergracht 2, Kaapstad; in 1854 Museumstraat, Kaapstad; en in 1855 en 1857 Darlingstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1846-1855 & 1857).

John Philip was met Margaret Philip getroud en uit die huwelik is agt kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/197 Sterftekennisgewings, nr. 6758/83).

Philip is op 23 Mei 1883 in die ouderdom van 63 jaar te Rondebosch, oorlede (K.A.:M00C 6/9/197 Sterftekennisgewings, nr. 6758/83).

PETERSEN, John

John Petersen, die seun van Anna Dorothea Petersen en John William Petersen, is aan die Kaap gebore (K.A.:M00C 6/9/259 Sterftekennisgewings, nr. 1359/88). Petersen het gedurende die jare 1881 tot 1886 as kabinetmaker te Roosstraat 50, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1881-1886).

Petersen was nooit getroud nie en op 29 Julie 1888 is hy in die ouderdom van 29 jaar te Roosstraat 54, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/259 Sterftekennisgewings, nr. 1359/88).

POOLMAN, Christiaan

Christiaan Poolman het van 1865 tot 1870 as kabinetmaker te Harringtonstraat 1, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1865-1868 & 1870).

POSTHUMUS, Wilhelm Joachim Marthinus

W.J.M. Posthumus, 'n Overbergse timmerman, het hom gedurende 1880

in Kimberley gevestig. In Baraitser & Obholzer se boek Cape Country Furniture is 'n foto van 'n rusbank wat deur Posthumus gemaak is (Baraitser & Obholzer 1978:88-89).

Die enigste W.J.M. Posthumus van Kimberley wie se sterftekennisgewing gevind kon word en wat in dieselfde tyd as die Overbergse Posthumus gelewe het, was Wilhelm Joachim Marthinus Posthumus, 'n boer van die plaas Weltevreden, Kimberley. Wilhelm Joachim Marthinus, die seun van Jan Posthumus, is in Cradock gebore. Hy was getroud met Catrina Jacoba Hattingh en uit die huwelik is agt kinders gebore.

Posthumus is op 12 Oktober 1893 in die ouderdom van 79 jaar op sy plaas, Weltevreden, Kimberley, oorlede (K.A.:M00C 6/9/322 Sterftekennisgewings, nr. 2364/93).

PRÜSS, Friederich

Frederich Prüss, afkomstig van Halstein in Duitsland, het gedurende 1860 in die ouderdom van 48 jaar na die Kaap gekom (Malherbe 1966:806). In 1862 en 1863 het hy as kabinetmaker te Dorpsstraat 24, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1862-1863).

Prüss was met Helena Prüss getroud en die egpaar het ten tyde van hulle koms na die Kaap vier kinders gehad (Malherbe 1966:806).

RADEMEYER, Jacobus Ignatius

'n Informant van Somerset's Gift beweer dat sy ouma se oupa, Jacobus Ignatius Rademeyer, meubels gemaak het. Die informant het nooit gehoor dat sy groot-oupagrootjie vir ander mense meubels gemaak het nie en vermoed dat hy dit net vir sy gesin gedoen het. Jacobus Ignatius Rademeyer, die seun van Cornelis Rademeyer en

Hester Ferreira, is op 5 April 1790 op Uitenhage gebore en op 12 Mei 1842 oorlede. Hy is begrawe in die familiekerkhof van die Kritzingers op Misgund in die Langkloof. Die informant het 'n tafel wat deur Rademeyer gemaak is. Die tafel dateer uit ongeveer 1830 en is in 1979 gerestoureer (De Villiers 1981b:748-749; R. Ferreira 1982:onderhoud).

Rademeyer is op 8 Augustus 1811 met Christina Jacomina getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore (De Villiers 1981b:748-749).

REID, Henry

Henry Reid het van 1859 as kabinetmaker te Nuwestraat 16, Kaapstad, gewerk en in 1859 te Cliftonheuwel 5, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1859-1860).

REITZ, Alloisius

Alloisius Reitz, die seun van Nicolaas Reitz, was afkomstig van Rauendal aan die Ryn, Duitsland. Nadat Reitz in 1836 aan die Kaap aangekom het, het hy as kabinetmaker gewerk. In die C.o.G.H.A. word hy gedurende 1837 en 1838 as kabinetmaker te St. Johnstraat 15, Kaapstad, vermeld (Heese 1971:209; K.A.:M00C 6/9/84 Sterfteskennisgewings, nr. 5600/58; Malherbe 1966:827).

Reitz is op 24 April 1836 in Kaapstad met Johanna Cornelia Louw getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore (Heese 1971:209; K.A.:M00C 6/9/84 Sterfteskennisgewings, nr. 5600/58; Malherbe 1966:827).

Reitz het hom later op Wellington gevestig en daar as timmerman gewerk. Op 18 November 1858 is hy in die ouderdom van 45 jaar in

sy huis op Wellington oorlede. Volgens die sterftetekenningsgewing het Reitz 'n huis, 'n erf sonder geboue, timmermansgereedskap en meubels vir sy gesin nagelaat (K.A.:M00C 6/9/84 Sterftetekenningsgewings, nr. 5600/58).

RICHOLD, Henry E.

Henry E. Richold het van 1892 tot 1893 as kabinetmaker en stoffeerder in Loopstraat, Kaapstad, gewerk en gedurende 1894 in Strandstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1892-1893).

RITTMAN, Hendrik Gustav

Hendrik Gustav Rittman het van 1867 tot 1876 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Rittman se adres was van 1867 tot 1871 Waalstraat 65, Kaapstad; en van 1872 tot 1876 Roosstraat 70, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1867-1868 & 1870-1876).

ROSS, Edward Henry

Edward Henry Ross is in die Kaapkolonie gebore en gedurende die jare 1886 tot 1889 het hy as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1886 Primrosestraat 32, Kaapstad; in 1887 Caledonstraat 72, Kaapstad; en in 1889 McKenziestraat 8, Kaapstad (C.o.-G.H.A. 1886-1887 & 1889; K.A.:M00C 6/9/360 Sterftetekenningsgewings, nr. 15/97).

Dit is nie bekend wie Edward Henry Ross se vrou was nie, want sy word nie vermeld nie, maar hy het een seun, John Henry Ross, gehad (K.A.:M00C 6/9/360 Sterftetekenningsgewings, nr. 15/97).

Edward Henry Ross is op 25 Desember 1896 in die ouderdom van 44

jaar in die Somersethospitaal oorlede (K.A.:M00C 6/9/360 Sterftewenkennisgewings, nr. 15/97).

ROSS, Robert Hercules

Daar kon nie vasgestel word of Robert Hercules Ross en Edward Henry Ross aan mekaar verwant was nie. Robert Hercules Ross word in die C.o.G.H.A. van 1833 tot 1836 as kabinetmaker vermeld. Ross se adres was in 1833 Langstraat 43, Kaapstad; in 1834 Houtstraat 11, Kaapstad; in 1835 Houtstraat 22, Kaapstad; en in 1836 Houtstraat 23, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1833-1836).

ROTHKUGEL, R.

R. Rothkugel het gedurende 1889 as meubelmaker in Vriendstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1889).

In die jaar 1885 toe die Joodse Sinagoge vergroot is, lees ons dat R. Rothkugel een van die aanwesiges by die openingseremonie was (Herman 1935:258).

ROTHMANN, Gerhardus Johannes

Gerhardus Johannes Rothmann, vader van die skryfster M.E.R., het volgens mej Anna Rothmann van Swellendam meubels vir sy gesin se gebruik gemaak. Volgens die informant het Gerhardus Johannes nie vir ander mense meubels gemaak nie (A. Rothmann 1982:onderhoud).

RUSSEL, W.

W. Russel het teen omstreeks 1820 meubels op George gemaak (Meyer

1962:43). Daar is geen ander inligting oor Russel beskikbaar nie en daar kon ook nie voorbeelde van sy meubels gevind word nie.

RUWALD, H.

In die O.C. van 11 Junie 1879 verskyn 'n advertensie van H. Ruwald waarin hy onderneem om alle tipes "huisraad te maken en te repareren", o.a. stinkhoutstoele. Ruwald het op die hoek van Hoogen Koninginstraat, gewerk (O.C. 11 Junie 1879).

SAEDIEN, H.

H. Saedien het gedurende die jare 1889 tot 1894 as kabinetmaker te Kerkstraat 43, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1889 & 1891-18894).

SAHWAREN, F.

F. Sahwaren word in die C.o.G.H.A. van 1890 as kabinetmaker in Prestwichstraat, Kaapstad, vermeld (C.o.G.H.A. 1890).

SANGAR (?)

Op die plaas Klipdrif, Heidelberg, het ene Sangar gedurende die laaste kwart van die 19de eeu meubels gemaak. Sangar was vermoedelik 'n Engelsman wat omstreeks 1914 in die ouderdom van ongeveer 60 jaar oorlede is (S.M. Coetzee 1982:onderhoud).

SAUPE, G.

G. Saupe was in 1889 en 1890 'n kabinetmaker te St. Johnstraat 39, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1889-1890).

SAUPE, P.

Daar kan nie vasgestel word of P. Saupe en G. Saupe aan mekaar verwant was nie. P. Saupe het van 1891 tot 1894 as kabinetmaker te Wandelstraat 8, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1891-1894).

SAVAGE, Samuel

Samuel Savage, die seun van John en S. Savage, was afkomstig van Kent, Engeland. Nadat Savage na die Kaap gekom het, het hy gedurende die jare 1850 tot 1870 as meubelhandelaar, kabinetmaker en stoffeerder gewerk. Savage se werkplek was aan Kerkplein en sy woning in Roelandstraat (C.o.G.H.A. 1850-1851, 1853-1854, 1856-1857, 1859-1860, 1962, 1865-1868 & 1870; K.A.:M00C 6/9/133 Sterftekennisgewings, nr. 6589/70).

Savage was met Caroline June Savage getroud en uit die huwelik is tien kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/133 Sterftekennisgewings. nr. 6589/70).

Hy is op 29 Oktober 1870 in die ouderdom van 66 jaar oorlede (K.A.:M00C 6/9/133 Sterftekennisgewings, nr. 6589/70).

SCHDOCK (?)

Ene Schdock word in die C.o.G.H.A. van 1889 tot 1890 as kabinetmaker te Kerkstraat 45, Kaapstad, vermeld (C.o.G.H.A. 1889-1890).

SCHERF, Jacobus

Jacobus Scherf het van 1858 tot 1870 as kabinetmaker aan die Kaap

gewerk. Sy adres was Loopstraat 13 en Riebeeckstraat 27, Kaapstad. Een van die twee adresse was waarskynlik dié van sy werkplek (C.o.G.H.A. 1868-1870).

SCHLIMBER, A.

A. Schlimber het in 1887 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Geen adres word vermeld nie (C.o.G.H.A. 1887).

SCHOUW, Christian

Christian Schouw het in 1868 as kabinetmaker te St. Jamesstraat 14, Kaapstad, gewerk, en gedurende 1870 te Barrackstraat 17, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1868 & 1870).

SCHWABE, Carl Heinrich

Carl Heinrich Schwabe het van 1847 tot 1862 as timmerman aan die Kaap gewerk en van 1865 tot 1875 as kabinetmaker. Sy adres was van 1847 tot 1852 Pleinstraat 43, Kaapstad; van 1853 tot 1859 Boomstraat 28; van 1860 tot 1862 Boomstraat 1; en van 1865 tot 1875 Boomstraat 2 (C.o.G.H.A. 1847-1850; 1852-1857; 1859-1862; 1865-1868 & 1870-1875).

SCHWABE, F.

F. Schwabe was 'n kabinetmaker wat in 1889 te Prestwichstraat 14, Kaapstad, gewerk het (C.o.G.H.A. 1889).

SELBY, David

David Selby het gedurende 1860 en 1861 as kabinetmaker te Glynn's Row 4, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1860-1861).

SIEBERT, Jan

Daar is nie veel oor Jan Siebert bekend nie, behalwe dat hy teen ongeveer 1834 'n meubelmaker op Swellendam was. Hy was getroud met Johanna Dorothea Siebert en sy een seun C.J. (Stoffel) Siebert was ook 'n meubelmaker op Swellendam (A.W. Rothmann 1982:onderhoud).

SIEBERT, C.J. (Stoffel)

In die Drostdy op Swellendam staan 'n tafel wat deur Stoffel Siebert gemaak is. Stoffel Siebert, die seun van Jan Siebert, en Johanna Dorothea Siebert, het omstreeks 1834 tot 1916 op Swellendam gewoon. Hy het grootgeword in die "fabrieksbuurt" in die onderdorp van Swellendam. Dit was waar sy oupa, Chris Hermanus Rothmann, sy oom, H.S. Rothmann, en neef, Gert Rothmann, hul werkswinkel as smede, wamakers en skrynwerkers gehad het (A. W. Rothmann 1982:onderhoud; Drostdy-Museum:inventaris van oudhede).

SIEGFRIED, Louis

Louis Siegfried het gedurende 1860 as kabinetmaker te Hudsonstraat 12, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1860).

SIEGRUHN, Pieter, Frederich

Pieter Frederich Siegruhn was 'n meubelmaker, van Barkley se wêreld, wat ook in Swellendam bekend was. Siegruhn het in 1818 van Hamburg, Duitsland, na die Kaap gekom. Hy was met Johanna Adriana van Zyl getroud en uit die huwelik is sewe kinders gebore (Aucamp 1971:34; Malherbe 1966:933).

Siegruhn was blykbaar baie gesteld op die stewigheid van sy meubels. Om dit te toets, het hy elke meubelstuk wat hy gemaak het teen 'n rantjie afgegooi. As die meubelstuk heel gebly het, was hy tevrede en het hy dit verkoop. Dit is klaarblyklik bloot 'n interessante maar vergesogte oorlewing (Aucamp 1971:34).

SMITH, Anstruther

Anstruther Smith was 'n Britse Setlaar wat hom met Moodie se groep in die Oos-Kaap gevestig het. Dit is nie seker wanneer Smith Kaapstad toe verhuis het nie, maar van 1823 tot 1825 het hy as kabinetmaker in St.Johnstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1823-1825; Morse-Jones 1969:21).

SMITH, John

John Smith was 'n Britse Setlaar wat met William Smith se groep aan boord van die Northampton aan die Kaap aangekom en hom saam met sy broer William in Grahamstad gevestig het (Hockley 1949:225). Die dertienjarige John was in sy broer William se sorg (Morse-Jones 1969:58). John Smith het in 1854 en 1855 as kabinetmaker in Boomstraat, Kaapstad, gewerk en van 1855 tot 1857 te Caiedonstraat 40, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1854-1857).

SPARROW, George

George Sparrow het van 1848 tot 1850 as kabinetmaker in Drurylaan, Konstitusieheuwel, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1848-1850).

STANDER, Koos

Koos Stander het omstreeks 1870 tot 1935 op George gewoon.

Stander was 'n wa- en meubelmaker. Hy het sy meubels met die toewaens na o.a. die O.V.S. geneem sodat dit daar verkoop kon word (L.J. Botha & L.M. Lambrechts 1982:onderhoude).



'n Stoel in L.M. Lambrechts se besit wat deur Koos Stander vervaardig is (Foto:H.A. Geldenhuys).

STARCK, John F.

John F. Starck het in 1885 as kabinetmaker t. Vandeleurstraat 35, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1885).

STASSEN, Frans Johannes Nicolaas

Frans Johannes Nicolaas Stassen was 'n kabinetmaker wat op Riversdal gewerk het (Baraitser & Obholzer 1978:177). Stassen was die kleinseun van die stamvader. Johann Nikolaus Stassen, wat later op Swellendam gewoon het en wat in 1822 daar oorlede is. Die stamvader het twee dogters en drie seuns, o.a. Frans Johannes Nicolaas Stassen, die meubelmaker se pa, gehad. Frans Johannes Nicolaas Stassen (sr.), is in 1789 gebore en is later op Swellendam met Petronella Hermina Jacoba Hendrina Posthumus getroud (Baraitser & Obholzer 1978:177; K.A.:MOOC 6/9/30 Sterftekennisgewings, nr. 6234/43). Die Stassen-egpaar het nege kinders gehad (K.A.:MOOC 6/9/30 Sterftekennisgewings, nr. 6234/43). Stassen (sr.) was 'n boer op die plaas Voorbaat, Groot Swarteberg, Swellendam, en hy is op 24 Mei 1843 in die ouderdom van 55 jaar oorlede (K.A.:MOOC 6/9/30 Sterftekennisgewings, nr. 6234/43).

Frans Johannes Nicolaas, die meubelmaker, is in 1838 getroud. In 1840 is sy oudste dogter op Swellendam gedoop, maar daarna trek hy na Riversdal, waar hy meubels gemaak het (Baraitser & Obholzer 1978:177).

STELLENBOOM, J.

J. Stellenboom het in 1889 as kabinetmaker te Boomstraat 16, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1889).

STEREKE, J.F.

J.F. Stereke het in 1880 as kabinetmaker te Chiapinistraat 20, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1880).

STERRENBURG, Carl

Carl Sterrenberg was afkomstig van Nederland. Hy was 'n onderwyser, maar het ook meubels, veral stoele en tafels, op Riversdal gemaak. Sterrenberg is omstreeks 1912 oorlede (C.A.J. Cronjé & S.C.F. van der Vyver 1982:onderhoude).

STICKLEY, T.

Thomas Stickley het gedurende 1864 as timmerman en kabinetmaker te Kasteelstraat 12, Kaapstad, gewerk (C.A. 16 Augustus 1864).

STIGANT, Philip, Philip John, William Thomas & William Philip

Geoordeel aan die beskikbare inligting was die Stigants een van die groot meubelmakersfamilies gedurende die 19de eeu aan die Kaap, van 1829 tot 1894.

Die stamvader, Philip Stigant, was afkomstig van Portsmouth, Engeland. Hy was die seun van Philip en Besey Stigant (K.A.:M00C 6/9/134 Sterftekennisgewings, nr. 6891/71). Stigant het gedurende die jare 1829 tot 1870 as timmerman, voëer, meubelhandelaar, stoffeerder en kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Philip Stigant se adresse gedurende sy verblyf in Kaapstad was soos volg: 1829 tot 1830 h/v Burg- en Waalstraat; 1832 Waalstraat 5; 1833 Mosterdstraat 1; 1834 Markplein; 1835 Siekestraat 16; 1836 tot 1841 Siekestraat 10; 1843 Kerkstraat 2; en van 1845 tot 1870 Pleinstraat 54. Dit was eers in 1862 dat Philip Stigant as kabinetmaker vermeld word (C.o.G.H.A. 1829-1830, 1832-1836, 1839-1841, 1843, 1845-1854, 1856-1857, 1859, 1862-1863, 1865-1868 & 1870).

Philip Stigant was met Mary Ann Spencer getroud en uit die huwelik is sewe kinders gebore:

Philip John Stigant;

Mary Ann Elizabeth Stigant;

William Thomas Stigant;
 George Henry Stigant;
 France Jeanetta Stigant;
 Isabella Stigant en
 Alice Maud Mary Stigant (K.A.:MOOC 6/9/134 Sterfteken-
 nisgewings, nr. 6891/71; MOOC 6/9/297 Sterftekenisgewings, nr. 1615/91).

Philip Stigant is op 13 Januarie 1871 in die ouderdom van 63 jaar te Aspland Grove 7, Stackney, Londen, oorlede. Sy sterftekenisgewing is op 9 Maart 1871 deur sy oudste seun, Philip John Stigant, by wie hy voor sy vertrek na Engeland gewoon het, geteken (K.A.:MOOC 6/9/134 Sterftekenisgewings, nr. 6891/71).

**CARPENTER, CABINET MAKER,
 AND UNDERTAKER.**

**P. STIGANT,
 AUCTIONEER, UPHOLSTERER,**

ETC., ETC.,

Respectfully announces to the Gentry and Public of Cape Town and its vicinity, that he has removed to No. 54, Plein Street, to which Premises there is access from his Manufactory in Zieke Street, and by the great enlargement therein made, he is enabled to carry out every branch of his business with facility and punctuality.

P. S. has also fitted up extensive Rooms for the purpose of holding Public Sales, and intends therein to dispose of all Property entrusted to his charge, by the most approved European method, viz.—by Catalogue.

. *Liberal Cash Advances will be made on all Goods sent to him for unreserved sale.*

READY-MADE FURNITURE

CONSTANTLY ON SALE.

Funerals conducted in Town and Country.

HEARSEs, MOURNING COACHES,

AND FUNERAL APPENDAGES,

LET ON HIRE TO THE TRADE, ON MODERATE TERMS.

Spring Vans & Luggage Waggons

LET ON HIRE.

Philip John Stignant is in Kaapstad gebore. Dit is nie seker wanneer hy as stoffeerder en kabinetmaker begin werk het nie, want aanvanklik word hy en sy vader gesamentlik vermeld. Op 11 Februarie 1868 word Philip John in 'n advertensie in die C.A. as kabinetmaker en stoffeerder vermeld. Daarna word hy tot 1891 as kabinetmaker en stoffeerder te Pleinstraat 54, Kaapstad, vermeld (C.A. 11 Februarie 1868; C.o.G.H.A. 1868, 1870-1879, 1882-1887 & 1889-1891; K.A.:MOOC 6/9/297 Sterftekennissgewings, nr. 1615/91).

Sy vrou se naam word nie in sy sterftekennissgewing genoem nie, maar daar word wel vermeld dat hy een dogter, Florence, gehad het. Florence het op 8 Oktober 1891 Philip John se sterftekennissgewing geteken. Sy was toe Florence Inglesby (K.A.:MOOC 6/9/297 Sterftekennissgewings, nr. 1615/91).

Philip John Stigant is op 4 Oktober 1891 in die ouderdom van 66 jaar te Londenvilla 4, Seepunt, oorlede (K.A.:MOOC 6/9/297 Sterftekennissgewings, 1615/91).

William Thomas Stigant, sy broer, is ook in Kaapstad, gebore. Gedurende 1860 en 1861 het hy 'n meubelmakersonderneming te Pleinstraat 31, Kaapstad, gehad (C.o.G.H.A. 1860-1861; K.A. MOOC 6/9/262 Sterftekennissgewings, nr. 2119/88).

William Thomas se vrou word nie in sy sterftekennissgewing vermeld nie, maar daar word wel genoem dat hy tien kinders gehad het. Een van sy seuns was William Philip wat self 'n kabinetmaker sou word (K.A.:MOOC 6/9/262 Sterftekennissgewings, nr. 2119/88).

William Thomas Stigant is op 12 November 1888 in die ouderdom van 58 jaar te Barnettstraat 1, Kaapstad, oorlede (K.A.:MOOC 6/9/262 Sterftekennissgewings, nr. 2119/88).

Daar is nie veel oor sy seun William Philip bekend nie, behalwe dat hy van 1891 tot 1894 as kabinetmaker te Barnettstraat 1,

Kaapstad, waar sy vader oorlede is, gewerk het (C.o.G.H.A. 1891-1894).

STRATFORD, Robert

Robert Stratford het in 1859 en 1860 as kabinetmaker en stof-feerder te Burgstraat 14, Kaapstad, gewerk (C.A. 15 Mei 1858; C.o.G.H.A. 1859-1860).

STÜMPER, Herman

Herman Stümper het gedurende 1885 as kabinetmaker te Roosstraat 52, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1885).

SUBERSKI, A.

A. Suberski het saam met W. Everett as timmerman, meubelmaker en wamaker gewerk. Suberski was reeds 'n kabinetmaker toe hy in die 1890's na Oudtshoorn gegaan het. In 1905 het hy 'n gevestigde timmermanswinkel en saagmeule bedryf. Everett was in beheer van die wa- en karmakersafdeling (N. Ferreira 1982:onderhoud).

SUTOR, Thomas

Thomas Suter het reeds voor 1816 van Londen, Engeland, na die Kaap gekom. Op 18 Maart 1818 is hy met Anna Margaretha Werner getroud (Malherbe 1966:1006).

Sutor het van 1820 tot 1823 as kabinetmaker te Peperstraat 5, Kaapstad, gewerk en gedurende 1824 te Houtstraat 31, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1820-1824).

SYMONS BROERS

Die Symons-broers het teen die einde van die 19de eeu as timmermans, voeërs, kabinetmakers en begrafnisondernemers op George gewerk (G.K.H. 28 Desember 1881).

TAIT, Alexander

Alexander Tait was 'n Britse Setlaar wat saam met Moodie se groep aan boord van die Brilliant aan die Kaap aangekom en hulle in die Oos-Kaap gevestig het. Tait was toe 23 jaar oud. Hy het later na Kaapstad gegaan, want gedurende die jare 1835 tot 1843 het hy as timmerman, voeër en kabinetmaker in Houtstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1835-1840 & 1843; Morse-Jones 1969:21).

TARIEF van die Kaap

Tarief van die Kaap, die seun van ene Lodewyk (sr.), is in Kaapstad gebore (K.A.:M00C 6/9/121 Sterftekennisgewing nr. 3907 1/4 / 67/68). Hy het gedurende die jare 1830 tot 1835 as kabinetmaker te Kerkstraat 35, Kaapstad, gewerk; in 1836 en 1837 te Dorpstraat 36 en van 1855 tot 1860 te Dorpstraat 53. Tarief se werksadres was van 1855 tot 1860 Langstraat 50, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1830-1837, 1855-1856 & 1859-1860).

Tarief was nie getroud nie en op 1 November 1867 is hy in die ouderdom van 70 jaar in sy huis in Dorpstraat oorlede (K.A.:M00C 6/9/121 Sterftekennisgewings, nr. 3907 1/4 / 67/68).

TEBRUGGE, Bernardus Anthonius

Bernardus Anthonius Tebrugge en sy vrou, Lidia Bras, is in Neder-

land getroud. Dit is nie bekend wanneer hulle na die Kaap gekom het nie, maar van 1855 tot 1857 het Tebrugge as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1855 Breëstraat 87, Kaapstad; in 1856; Langstraat 66, Kaapstad; en in 1857 Kerkstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1855-1857; Heese 1971:316).

TEBRUGGE, Carolus Bernardus

Hoewel hulle gedurende dieselfde tyd as kabinetmakers in Kaapstad gewerk het, is daar geen bewyse dat Carolus Bernardus en Bernardus Anthonius familie van mekaar was nie.

Carolus Bernardus Tebrugge het gedurende die jare 1855 tot 1863 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1855 Langstraat 66, Kaapstad; in 1857 St. Johnstraat, Kaapstad; en in 1860, 1861 en 1863 Houtstraat 43, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1855, 1857, 1860-1861 & 1863).

TER HOEVEN, Johannes

Johannes ter Hoeven het gedurende die jare 1852 tot 1854 as kabinetmaker te Keeromstraat 37, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1852-1854).

THESEN

Die Thesens is een van die bekendste families in Knysna en hulle aandeel in die ontwikkeling van die dorp dateer terug tot 6 April 1870 toe Arnt Leonard Thesen hom daar gevestig het. Arnt Thesen is op 25 Oktober 1816 in Noorweë gebore, maar dit is nie seker wanneer hy na die Kaap gekom het nie. Hy is op 3 Mei 1846 met Cathrine Brandt getroud en uit die huwelik is sewe kinders gebore (Malherbe 1966:1025)

Dit is nie seker wanneer die Thesens met die maak van meubels begin het nie, maar heel waarskynlik was dit reeds voor die einde van die 19de eeu. Die Thesens het hulle aanvanklik by die oprig van saagmeules bepaal, en hulle eerste saagmeule was by Brackenhill, Knysna. 'n Informant met wie 'n onderhoud gevoer is, vertel dat hy in 'n stadium stoele besit het wat deur die Thesens gemaak is. Die informant meen ook dat die Thesens reeds voor die einde van die 19de eeu begin meubels maak het (B.J. Meyer 1982:onderhoud). In die G.K.H. van 7 Mei 1890 adverteer die Thesens vir die dienste van timmermans wat waarskynlik ook meubels gemaak het (G.K.H. 7 Mei 1890).

THOMAS, Benjamin

Benjamin Thomas het gedurende 1854 as kabinetmaker te Caledonstraat 25, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1854). In Julie 1859 het Benjamin steeds as kabinetmaker gewerk, want hy kla oor die duur meubelmakersgereedskap en die lae meubelpryse (Hattersley 1969: 188).

THOMAS, James

James Thomas was 26 jaar en sy vrou, Martha, 21 jaar oud toe hulle as Britse Setlaars na die Kaap gekom het en hulle in die Oos-Kaap gevestig het. Hulle was lede van Morgan se groep en het aan boord van die Ocean na die Kaap gekom. By hulle aankoms het die egpaar een kind, 'n dogter genaamd Harriet wat toe agt jaar oud was, gehad (Morse-Jones 1969:61).

James Thomas het hom as voëer en kabinetmaker aan die Kaap gevestig en in 1847 word hy in die C.o.G.H.A. vermeld. Sy adres was Roelandstraat 30, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1847).

THOMAS, Thomas William

Thomas William Thomas het gedurende die jare 1871 tot 1876 as kabinetmaker te Cliftonheuwel 4, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1871-1876).

THORNE, John

John Thorne het gedurende die jare 1865 tot 1875 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was van 1865 tot 1872 Buitekantstraat 58, Kaapstad; gedurende 1873 Buitekantstraat 75, Kaapstad; en in 1874 en 1875 Darlingstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1865-1865, 1868 & 1871-1875).

THORNE, William

William Thorne is in 1794 gebore. In 1820 het hy as Britse Setlaar in die groep van Wilkinson aan boord van die Amphitrite na die Kaap gekom en hom aan die Oos-Kaap gevestig. Thorne was 26 jaar oud en ongetroud (Malherbe 1966:1030; Morse-Jones 1969:61). Hy het later na Kaapstad gegaan, want gedurende die jare 1855 tot 1872 het Thorne as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1855 en 1856 Sir Lowrystraat 13, Kaapstad; van 1859 tot 1862 Gorestraat 10, Kaapstad; gedurende 1866 Loopstraat 24, Kaapstad; gedurende 1867 Kasteelstraat 39, Kaapstad; en van 1868 tot 1872 Kerkstraat 13, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1855-1856, 1859-1862, 1866-1868, 1870 & 1872).

TONKIN, Peter

Peter Tonkin, die seun van Ralph en Faith Tonkin, was afkomstig van Cornwall, Engeland. Dit is nie seker wanneer Tonkin na die

Kaap gekom het nie, maar gedurende die jare 1826 tot 1857 word hy as timmerman en kabinetmaker vermeld. Van 1826 tot 1834 het hy in Loopstraat, Kaapstad, gewoon; gedurende 1836 en 1837 in Buitengracht 45, Kaapstad; en van 1838 tot 1857 in Breestraat, Kaapstad. Tonkin het van 1851 tot 1857 'n meubelwinkel in Riebeeckstraat, Kaapstad, gehad (C.o.G.H.A. 1826, 1828-1834, 1836-1839, 1841-1843, 1845, 1847-1851, 1853-1855 & 1857; K.A.:M00C 6/9/115 Sterftekennisgewings, nr. 2565/66).

Tonkin was getroud, maar sy vrou se naam word nie in sy sterftekennisgewing vermeld nie. Hy het nege kinders gehad (K.A.:M00C 6/9/115 Sterftekennisgewings, nr. 2565/66).

Peter Tonkin is op 24 Januarie 1866 in sy huis te Breestraat 25, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/115 Sterftekennisgewings, nr. 2565/66).

TRENT, John, Samuel & Richard

Die drie Trents was waarskynlik broers wat saamgewerk het. In 1863 word al drie se adres as Siekestraat 9, Kaapstad, vermeld. Dit was moontlik die adres waar hulle gewerk het en nie waar hulle gewoon het nie. Volgens die gegewens in die C.o.G.H.A., lyk dit asof hulle woonadresse verskil. Geoordeel aan die jare wat hulle in die C.o.G.H.A. as kabinetmakers vermeld word, was John Trent die oudste, Samuel die tweede oudste en Richard die jongste.

John Trent word in 1853 en 1854 en dan weer van 1859 tot 1863 as kabinetmaker, handelaar en drankverkoper vermeld. Sy adres was in 1853 en 1854 Langstraat, Kaapstad; in 1859 Grafstraat 1, Kaapstad; gedurende 1860 tot 1862 Nuweland, Kaapstad; en in 1863 Siekestraat 9, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1853-1854 & 1859-1863).

Samuel Trent word van 1859 tot 1863 as kabinetmaker vermeld. Sy adres was van 1859 tot 1861 Grafstraat 1, Kaapstad; in 1862 St. Johnstraat, Kaapstad; en in 1863 Siekestraat 9, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1859-1863).

Richard Trent is in Engeland gebore, maar dit is onbekend wanneer hy na die Kaap gekom het. Gedurende die jare 1861 tot 1867 het hy as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1861 en 1862 Vredestraat 5, Kaapstad; in 1863 Siekestraat 9, Kaapstad; en gedurende 1865 tot 1867 Vredestraat 6, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1861-1863 & 1865-1867; K.A.:M00C 6/9/285 Sterftekennisgewings, nr. 1971/90).

Richard was getroud, maar sy vrou se naam word nie genoem nie. Huile het drie kinders gehad (K.A.:M00C 6/9/285 Sterftekennisgewings, nr. 1971/90).

TURNER, S.

S. Turner het in 1890 as kabinetmaker te McKenziestraat 10, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1890).

TURNER, T.G.

Daar kon nie vasgestel word of T.G. Turner en S. Turner aan mekaar verwant was nie. T.G. Turner het van 1891 tot 1894 as kabinetmaker te Bergstraat 3, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1891-1894).

TURPIN, J.J.

J.J. Turpin word in die C.o.G.H.A. van 1844 en 1845 as timmerman, voëer, kabinetmaker, stoffeerder en begrafnisondernemer te Langstraat 15, Kaapstad, vermeld (C.o.G.H.A. 1844-1845).

J. J. TURPIN,

**Carpenter, Joiner, Cabinet-maker,
UPHOLSTERER,**

AND

Undertaker,

No. 15, LONG STREET,

OLIVE BOVE.

*NB. Orders expeditiously executed; Ships' Cabins
and Stalls compactly fitted up.*



J. J. TURPIN,

**Timmerman, Schrynwerker, Kabinetmaker,
Gordynmaker, en Aanspreker,**

No. 15. LANGE-STRAAT.

Kaapstad.

*NB.—Alle Orders worden spoedig uitgevoerd;—Scheeps
Kajuiten en Stallingen netjes opgezet.*

(C.o.G.H.A. 1844).

TUCUTES, A.

A. Tucutes het in 1830 as kabinetmaker te Burgstraat 10, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1830).

ULRICH, Johannes Petrus Philip, Johan Frederick, Johannes Petrus

Die stamvader van die Ulrichs, Johann Adam, het in 1776 van Oberhochstadt, Duitsland, na die Kaap gekom. Johann Adam is op 21 Desember 1783 met Rosa Catharina Pitzer getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore:

b1 Johannes Petrus Philip

b2 Frederick Philip

Johannes Petrus Philip is in 1785 gebore. Hy het later met Christina Dreyer getrou en uit die huwelik is vier kinders gebore:

Engela

Christina Rosina

Johan Frederick

Johannes Petrus (K.A.:M00C 6/9/139 Sterftekennisgewings, nr. 809/73/72).

Johannes Petrus Philip het van 1810 tot 1848 as timmerman, voëer en kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Van 1813 tot 1840 word hy net as timmerman en voëer vermeld, maar daarna word hy ook as kabinetmaker vermeld. Sy adres was van 1813 tot 1829 Boomstraat 19, Kaapstad; van 1830 tot 1841 Boomstraat 26; en van 1842 tot 1848 Boomstraat 8, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1813-1848).

Hy is op 14 Oktober 1848 oorlede (K.A.:M00C 6/9/139 Sterftekennisgewings, nr. 809/73/72; Malherbe 1966:1049).

Johan Frederick en Johannes Petrus (sr.) was ook timmermans en kabinetmakers. Gedurende 1849 tot 1867 word hulle in die C.o.G. H.A. vermeld. Hulle adres was Buitekantstraat, Kaapstad, (C.o.G. H.A. 1849-1857, 1859-1863 & 1865-1867).

Oor Johan Frederick is niks verder bekend nie, maar Johannes Petrus was getroud met Elizabeth Anne William en uit die huwelik is drie kinders gebore:

Johannes Petrus (jr.)

William Edward

Sarah Christina (K.A.:M00C 6/9/139 Sterftekennisgewings, nr. 809/73/72; Malherbe 1966:1049).

Johannes Petrus (sr.) is op 13 April 1872 in die ouderdom van 47 jaar te Roelandstraat 19, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/139 Sterftekennisgewings, nr. 809/73/72).

VAN DER BERG (?)

Ene Van der Berg word gedurende die jare 1889 tot 1894 as kabinetmaker te Loaderstraat, Kaapstad, vermeld (C.o.G.H.A. 1889-1894).

VAN DER SCHYFF, Fredrik

Frederik van der Schyff het gedurende die jare 1845 tot 1853 as timmerman aan die Kaap gewerk en dit was eers in 1854 dat hy as kabinetmaker vermeld word. Sy adres was in 1845 Keeromstraat 21, Kaapstad; in 1846 en 1847 Keeromstraat 34, Kaapstad; en van 1848 tot 1854 Dorpstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1845-1849 & 1853-1854).

VAN DER WEELE, Gerard

Gerard van der Weele was die seun van Isaac van der Weele. Sy moeder se naam is onbekend. In sy sterftekennisgewing word nie vermeld waar Van der Weele gebore is nie, maar in die C.o.G.H.A. word hy in 1892 en 1893 as kabinetmaker vermeld. Sy adres was Primrosestraat 24, Kaapstad, in 1892 en Caledonstraat 31, Kaapstad, in 1893 (C.o.G.H.A. 1892-1893; K.A.:M00C 6/9/434 Sterftekennisgewings, nr. 3129/01).

Van der Weele was met Emma Frances Butler getroud en uit die huwelik is vyf kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/434 Sterftekennisgewings, nr 3129/01).

Gerard van der Weele is op 10 Augustus 1901 in die ouderdom van 55 jaar in sy huis in Parkinstraat, Kaapstad, oorlede. Sy sterftekennisgewing is op 23 Augustus 1901 deur sy vrou geteken (K.A.:M00C 6/9/434 Sterftekennisgewings, nr. 3129/01).

VAN GEEMS, Ryk

Ryk van Geems het van 1821 tot 1832 as timmerman en kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Dit was eers in 1827 dat hy as kabinetmaker vermeld word. Sy adres was van 1821 tot 1824 Roosstraat 3, Kaapstad; en van 1825 tot 1832 Loopstraat 61, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1821-1825, 1827-1828 & 1831-1832).

VAN HEERDE, Johannes

Johannes van Heerde, die seun van Lander van Heerde en Renske Rooda van Swolle, Nederland, is op 3 Maart 1848 gebore. Hy het in 1863 saam met sy ouers na die Kaap gekom en van 1871 tot 1877 het hy te Buitegracht 38, Kaapstad, as kabinetmaker gewerk (C.o. G.H.A. 1871-1877; K.A.:M00C 6/9/498 Sterftekennisgewings, nr. 1193/04; Malherbe 1966:1083).


Johannes van Heerde is op 24 Mei 1876 met Margaretha Hendrika Koster getroud en uit die huwelik is ses kinders gebore (K.A.: M00C 6/9/498 Sterftekennisgewings, nr. 1193/04).

Hy is op 30 April 1904 in die ouderdom van 55 jaar te Buitesingel 6, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/498 Sterftekennisgewings, nr. 1193/04).

VAN ROOYEN, Daniel Anton & Gert

Daniel Anton van Rooyen het vermoedelik 1870 tot 1950 op George gewoon en daar meubels gemaak. Van Rooyen wat ook 'n bouer was, het saam met sy broer, Gert, wat ongeveer twee jaar jonger was

gewerk. Gert het net meubels gemaak. Doreen Miller van George, Daniel Anton van Rooyen se kleindogter, vertel dat sy o.a. stoele, 'n sitkamertafel en 'n kombuistafel het wat deur haar oupa gemaak is (Doreen Miller 1982:onderhoud).



'n Tafel en stoele in mev D. Miller se besit wat deur Daniel Anton van Rooyen vervaardig is (Foto:H.A. Geldenhuys).

VAN ROOYEN, Gert Petrus

'n Informant met wie 'n onderhoud gevoer is, vertel dat haar oupa, Gert Petrus van Rooyen, gedurende die laaste helfte van die 19de eeu meubels gemaak het by Rietfontein naby Humansdorp. G.P. van Rooyen is in Desember 1906 oorlede. Die informant besit 'n tafel wat in 1876 deur Van Rooyen gemaak is (C. Stuart 1982:onderhoud).



'n Tafel in mev Cora Stuart se besit wat deur Gert Petrus van Rooyen vervaardig is (Foto:H.A. Geldenhuys).

VAN WINKEL, Jacobus Petrus

Jacobus Petrus van Winkel, die seun van Johan van Winkel en Magdalena Builer, is aan die Kaap gebore. Gedurende die jare 1877 tot 1879 en in 1886 het hy as kabinetmaker te Stuckerisstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1887-1879 & 1886; K.A.:M00C 6/9/569 Sterftekennisgewings, nr. 1152/07).

Hy was getroud, maar sy vrou word nêrens vermeld nie. Hulle enigste kind was 'n dogter, Annie Mary, en dit is sy wat op 27 Maart 1907 Van Winkel se sterftekennisgewing geteken het (K.A.:M00C 6/9/569 Sterftekennisgewings, nr. 1152/07).

Jacobus Petrus van Winkel is op 11 Maart 1907 in die ouderdom van 59 jaar in Kaapstad oorlede (K.A.:M00C 6/9/569 Sterftekennisgewings, nr. 1152/07).

VAN WYNKEL, J.P.

J.P. van Wynkel het van 1889 tot 1891 as kabinetmaker te Springfieldstraat 34, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1889-1891).

VELDE, R.

R. Velde het in 1809 en 1810 as kabinetmaker te Waalstraat 33, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1809-1810).

VICTOR (?)

Baraitser en Obholzer skryf van sg. Victorstoele wat omstreeks 1880 deur 'n skaapwagter, genaamd Victor, by Laingsburg gemaak is. Die stoele van kareehout met inlegwerk van klapperbos, is glo gemaak terwyl Victor vee opgepas het (Baraitser & Obholzer 1978:89).

VICTOR, Wynand

Wynand Victor het gedurende die jare 1829 tot 1833 as timmerman en draaier op Stellenbosch gewerk. Victor se adres was in 1829 Andringastraat 7, Stellenbosch; en van 1831 tot 1833 Dorpstraat 46, Stellenbosch (C.o.G.H.A. 1829 & 1831-1833).

VOLKWYN, Theodore (Tak), Hendrik en Isak

Theodore of Tak Volkwyn, soos hy genoem is, was 'n lid van die baie bekende bruinfamilie Volkwyn wat baie jare lank in die Mosselbaai-George-area gewoon het. Tak, wat omstreeks 1940 oorlede is, het 36 jaar lank by Pollie Gerber se werkswinkel op

George gewerk. In die Gerber-werkswinkel is 'n vroeë 20ste-eeuse katalogus gevind met prente van Volkwynstoele wat Tak op bestelling gemaak het. Voordat hy by die Gerbers gewerk het, het Tak by Jannie Meyer en ene Dalton gewerk en meubels gemaak, d.w.s. hy het reeds in dié jare, waarskynlik die laat 19de eeu, meubels gemaak (Baraitser & Obholzer 1978:85; L.J. Botha & D.A. Gerber 1982:onderhoude).

Hendrik en Isak Volkwyn van Gonnakraal, George, was ook lede van die Volkwynfamilie wat meubels gemaak het (P.H. Boshoff 1982:onderhoud).

VOORBOOM, Jacobus

Jacobus Voorboom het van 1859 tot 1861 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. In 1859 was sy adres Riebeeckstraat 22, Kaapstad; en gedurende 1860 en 1861 was dit Houtstraat 24, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1859-1861; K.A.:M00C 6/9/181 Sterftekenningsgewings, nr. 2325/81).

Jacobus was getroud met Josephine Voorboom en die egpaar het een kind, Martinus Voorboom, gehad. Jacob Voorboom is op 18 Augustus 1881 in die ouderdom van 66 jaar oorlede (K.A.:M00C 6/9/181 Sterftekenningsgewings, nr. 2325/81).

VOS, Gabriel Jacobus

Gabriel Jacobus Vos het van 1865 tot 1871 as timmerman en kabinetmaker te Langmarkstraat 106, Kaapstad, gewerk. Sy werksadres was Kerkstraat 19, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1865, 1867-1868 & 1870 1871).

VOS, Johan Casper Jurgen

Johan Casper Jurgen Vos het vir ongeveer vyftig jaar lank as kabinetmaker, timmerman en voëer aan die Kaap gewerk. Gedurende die jare 1847 tot 1894 word hy in die C.o.G.H.A. vermeld. Van 1847 tot 1892 word hy net as kabinetmaker vermeld, maar in 1893 en 1894 ook as timmerman en voëer. Vos se werkplek was in Langmarkstraat, Kaapstad, maar hy het 'n paar keer van woonadres verander. Van 1847 tot 1857 was dit Waalstraat, Kaapstad; van 1859 tot 1867 Hoopstraat 5, Kaapstad; van 1870 tot 1886 Buitengracht 39, Kaapstad; en van 1890 tot 1894 Buitengrachtstraat 49, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1847-1853, 1856-1857, 1859-1861, 1865, 1867, 1870-1872, 1877, 1880-1883, 1885-1886 & 1890-1894).

VOSL00, Johannes Theodorus

'n Informant met wie 'n onderhoud gevoer is, vertel dat sy oupa, Johannes Theodorus Vosloo, op Horee in die Langkloof gewoon het en soms meubels gemaak het. Die informant het stinkhoutstoele en 'n tafel wat deur sy oupa gemaak is (J.W.M. Vosloo 1982:onderhoud).

WAGNER, E.

E. Wagner het gedurende 1889 as kabinetmaker te Canterburystraat 21, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1889).

WAPENAAR, Cornelis

Cornelis Wapenaar is op 1 Maart 1826 in Vlaandingen, Nederland, gebore. Wapenaar is as timmerman opgelei voordat hy na die Kaap

geëmigreer het. Nadat hy aan die Kaap aangekom het, het hy hom tydelik op Swellendam gevestig, waar hy op 28 Februarie 1853 met Cornelia Wilhemina Muller getroud is (Baraitser & Obholzer 1978:87; Heese 1971:322).

Kort na sy huwelik is Wapenaar na Ladismith, Kaap, waar hy tot met sy dood as kabinetmaker gewerk het (Baraitser & Obholzer 1978:87).

WARDLE, C.J.

C.J. Wardle het in 1883 en 1884 as kabinetmaker te Langstraat 49, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1883-1884).

WEBB, Richard

Richard Webb, die seun van Charles en Ann Webb, was afkomstig van Engeland. Gedurende 1847 word Richard as kabinetmaker in Hudsonstraat, Kaapstad, vermeld (C.o.G.H.A. 1847; K.A.:M00C 6/9/46 Sterftekennisgewings, nr. 9671/48).

Richard Webb was met Mary Webb getroud en uit die huwelik is vier kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/46 Sterftekennisgewings, nr. 9671/48).

Richard Webb is op 17 Augustus 1848 in die ouderdom van 48 jaar te Hudsonstraat 14, Kaapstad, oorlede. Sy sterftekennisgewing is op 22 Augustus 1848 deur sy vrou geteken (K.A.:M00C 6/9/46 Sterftekennisgewings, nr. 9671/48).

WEBB, W.S.

Daar kon nie vasgestel word of W.S. Webb en Richard Webb aan mekaar verwant was nie.

W.S. Webb het gedurende die jare 1837 tot 1847 as voëer, kabinetmaker en draaier aan die Kaap gewerk. Gedurende 1837 en 1838 was sy adres Pleinstraat 8, Kaapstad; van 1839 tot 1844 was dit Konstitusieheuwel, Kaapstad; gedurende 1845 tot 1846 was dit Houtstraat, Kaapstad; en in 1847 was dit Kasteelstraat 65, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1837-1847).

WEBSTER, Alexander

Alexander Webster van Oudtshoorn het sy ambag as timmerman by George Curtis geleer en van 1880 tot 1885 het Webster vir Curtis gewerk. In 1886 het hy sy eie wa- en meubelmakery begin en ook smidswerk gedoen. Gedurende 1887 het hy op die Oudtshoorn-tuinbouskou die eerste prys verower vir verskeie meubelstukke wat hy gemaak het.

Alexander Webster is op 8 Junie 1885 met Violet Boswell getroud (N. Ferreira 1982:onderhoud).

WHILEY, Charles

Charles Whiley het gedurende die jare 1855 tot 1884 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy woonadres was Harringtonstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1855-1857, 1859-1863, 1865, 1867-1868, 1871-1879 & 1882-1884).

WHITCHERS, Alfie

Alfie Whitchers het tussen 1869 tot 1946 by Coldstream in die Tsitsikamma gewoon. Hoewel hy eintlik 'n houtkapper van beroep was, het hy ook meubels gemaak, waarskynlik net vir sy gesin en familie se gebruik (Mev B.R. du Preez 1982:onderhoud).

WIEHAHN, Johan

Johan Wiehahn het van 1810 tot 1818 as kabinetmaker te Pleinstraat 21, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1810-1811 & 1913-1818).

WILLIAMS, David

David Williams was afkomstig van Engeland, maar dit is nie bekend wanneer hy na die Kaap gekom het nie. Van 1871 tot 1876 word hy as kabinetmaker te Zonnebloem vermeld (C.o.G.H.A. 1871-1876; K.A.:M00C 6/9/240 Sterftekennisgewings, nr.83/87).

Volgens sy sterftekennisgewing het Williams wel 'n vrou en kinders gehad, maar hulle name word nie vermeld nie. Williams is op 16 Januarie 1887 in die ouderdom van 76 jaar in die ou Somersethospitaal oorlede (K.A.:M00C 6/9/240 Sterftekennisgewings, nr. 83/87).

WILLIAMS, Henry

Daar kon nie vasgestel word of Henry Williams en David Williams aan mekaar verwant was nie. Henry Williams het gedurende 1866 as kabinetmaker te Buitengracht 36, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1866).

WILLIAMS, Philip

Philip Williams het gedurende die jare 1878 en 1879 as kabinetmaker te St. Johnstraat 30, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1878-1879).

WOODMAN, John Carter

John Carter Woodman was afkomstig van Wiltshire in Engeland. Sy

ouers was Henry en Sarah Woodman. Dit is nie seker wanneer Woodman na die Kaap gekom het nie, maar in die jare 1842 tot 1857 word hy as beeldsnyer, stoel- en kabinetmaker vermeld. Sy woonadres was van 1842 tot 1854 Kortmarkstraat 5, Kaapstad; en gedurende 1856 en 1857 St. Georgesstraat 15, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1842-1843, 1845-1846, 1849-1854 & 1856-1857; K.A.:M00C 6/9/96 Sterftekenningsgewings, nr. 8877/61).

Woodman was getroud, maar sy vrou se naam word nie vermeld nie. Die egpaar het een seun, Joseph H. Woodman, gehad. John Carter Woodman is op 30 Julie 1961 in die ouderdom van 49 jaar in Langmarkstraat oorlede (K.A.:M00C 6/9/96 Sterftekenningsgewings, nr. 8877/61).

WRIGHT, Joseph Mathew

Joseph Mathew Wright het gedurende die jare 1878 tot 1890 as kabinetmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was gedurende 1878 en 1879 Konstitusiestraat 50, Kaapstad; van 1881 tot 1884 Hanoverstraat 37, Kaapstad; gedurende 1885 Kloofstraat, Kaapstad; en in 1889 en 1890 St. Georgesstraat 13, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1878-1879, 1881-1885 & 1889-1890).

WRIGHT, William

William Wright het van 1837 tot 1841 as 'n timmerman en meubelmaker te Pleinstraat 31, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1837-1840).

XIMENES, Anthony

Anthony Ximenes het in 1856 en 1857 as kabinetmaker te Kerkstraat 54, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1856-1857).

YATES, Richard

Richard Yates, die seun van James en Elizabeth Yates, was afkomstig van Londen, Engeland. Dit is nie seker wanneer Richard na die Kaap gekom het nie, maar van 1841 tot 1843 het hy as stoel- en kabinetmaker te Keisergracht, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1841-1843; K.A.:MOOC 6/9/55 Sterftekenningsgewings, nr. 995/51).

Hy was met Mary Yates getroud en die egpaar het twee kinders gehad, een seun en een dogter: Hannah Henrietta Morgany en James (K.A.:MOOC 6/9/55 Sterftekenningsgewings, nr. 995/51).

Richard Yates is op 17 Augustus 1851 in die ouderdom van 47 jaar in sy huis te Keisergracht, Kaapstad, oorlede (K.A.:MOOC 6/9/55 Sterftekenningsgewings, nr. 995/51).

4.3.2 Stoelmakers

ADRIAAN van de Kaap

Adriaan van de Kaap het in 1835 as stoelmaker te Kromme-elmoogsteeg, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1835).

ANTHON van de Kaap

Anthon van de Kaap het gedurende die jare 1837 as stoelmaker te Langstraat 40, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1837).

ASSAM

Assam word net onder dié naam in die C.o.G.H.A. vermeld en gedu-

rende 1834 het hy as stoelstofferder te Seestraat 4, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1834).

BADIEN van de Kaap

Badien van de Kaap het in 1832 en 1833 as stoelstofferder te Langstraat 52, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1832-1833).

CEASER van Madagaskar

Ceaser van Madagaskar het van 1831 tot 1833 as stoelstofferder te Buitengracht 3, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1831-1833).

COENRAAD van de Kaap

Coenraad van de Kaap het in 1826 as stoelmaker te Kromme-elmoogsteeg, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1826).

ELLEN

Ellen word net onder diē naam in die C.o.G.H.A. vermeld. Gedurende 1835 het hy as stoelstofferder en kok te Vredenburgstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1835).

JIRIEM

Jiriem wat net onder diē naam in die C.o.G.H.A. vermeld word, het in 1848 as stoelstofferder te Loopstraat 146, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1848).

KANTON van Batavia

Kanton van Batavia het in 1830 as stoelmaker te Kromme-elmoogsteeg, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1830).

MAART van Batavia

Maart van Batavia het gedurende die jare 1822 tot 1826 en 1828 en 1830 as stoelmaker te Kromme-elmoogsteeg 13, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1822-1826, 1828 & 1830).

ROSA van de Kaap

Rosa van de Kaap het in 1830 as stoelstoffeerder te Loopstraat 69, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1830).

VIALAR, Pieter Paul

Pieter Paul Vialar het in 1868 en 1870 as stoelmaker aan die Kaap gewerk. Sy adres was in 1868 Primrosestraat 14, Kaapstad en in 1870 Primrosestraat 12, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1868 & 1870).

4.3.3 Draaiers

ADAMS, Isaac Gense

Isaac Gense Adams het van 1860 tot 1862 en van 1867 tot 1868 as draaier te Darlingstraat 23, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1860-1862 & 1867-1868).

ASHLEY, George Alfred

George Alfred Ashley het van 1842 tot 1843 en van 1853 tot 1857 as draaier in ivoor, koper en hout in Kaapstad, gewerk.

G. A. ASHLEY,

Turner in Ivory, Brass, Wood, &c.

No. 2, Church-square.

Umbrellas repaired on the shortest notice, and most reasonable terms.

(C.o.G.H.A. 1842).

Ashley se adres was gedurende 1842 en 1843 Kerkplein 2; gedurende 1853 Grafstraat; gedurende 1854 Caledonstraat en van 1855 tot 1857 Ashleystraat (C.o.G.H.A. 1842-1843 & 1853-1857).

BARTIE, William

William Bartie het in 1859 as draaier te Buitekantstraat 35, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1859).

BEAMS, John

John Beams het in 1889 as draaier te Koninginstraat, Mowbray, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1889).

BEEHRE, Frederick John

Frederick John Beehre is aan die Kaap gebore en in 1877 word hy as draaier te Pleinstraat 26, Kaapstad, vermeld (C.o.G.H.A. 1877; K.A.:M00C 6/9/530 Sterftekennissgewings, nr. 2679).

Beehre was met Marianne Rosalie Beehre getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/530 Sterftekennissgewings, nr. 2679).

Beehre is op 16 Oktober 1882 te Hanoverstraat 112, Kaapstad, oorlede. Sy sterftekennissgewing is deur sy dogter, Maria Anna Rosalie, geteken (K.A.:M00C 6/9/530 Sterftekennissgewings, nr. 2679).

BEEHRE, Heinrich Christian

Heinrich Christian Beehre was afkomstig van Hamburg. Dit is nie bekend wie sy ouers was of wanneer hy na die Kaap gekom het nie, maar volgens die C.o.G.H.A. het hy van 1847 tot 1873 as draaier aan die Kaap gewerk. Sy adresse gedurende sy verblyf in Kaapstad, was soos volg: 1847 Siekestraat 9; 1853 Caledonstraat; 1855 tot 1857 Pleinstraat 15; 1859 tot 1863 Pleinstraat 23; 1865 Pleinstraat 22; 1870 tot 1871 Pleinstraat 32; 1872 Pleinstraat 30; en 1873 Pleinstraat 26 (C.o.G.H.A. 1847, 1853, 1855-1857, 1859-1863, 1865 & 1870-1873). Uit sy sterftekennissgewing blyk dit dat Beehre nie net 'n draaier in hout was nie, maar ook 'n draaier in ivoor (K.A.:M00C 6/9/144 Sterftekennissgewings, nr. 9657).

Beehre was met Johanna E. Beehre getroud en uit die huwelik is sewe kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/144 Sterftekennissgewings, nr. 9657).

Hy is op 29 Augustus 1873 in die ouderdom van 65 jaar te Pleinstraat 12, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/144 Sterftekennissgewings, nr. 9657).

BOURCEAU, Charles

Charles Bourceau was afkomstig van Middlesex, Engeland, en het as draaier aan die Kaap gewerk. Op 1 November 1822 het Bourceau 'n brief aan die Britse departement van kolonies aan die Kaap geskryf, waarin hy vra dat verloop aan hom verleen word om hom permanent aan die Kaap te vestig. Bourceau was 22 jaar oud toe hy die brief geskryf het (K.A. CO 3923 Memorials Received, nr. 371).

BRADBURY, E.

E. Bradbury het in 1889 as draaier te Stuckerisstraat 19, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1889).

CARR, David

David Carr word van 1887 tot 1891 net as draaier vermeld, maar van 1892 tot 1894 ook as timmerman. Carr het sy timmermanswerk by Adamstraat, Kaapstad, verrig (C.o.G.H.A. 1887 & 1889-1894).

COMBRINK, Cornelis

Cornelis Combrink het gedurende die jare 1867, 1868 en 1870 as draaier te Caledonstraat 146, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1867-1868 & 1870).

DELANEY, Michael

Michael Delaney was afkomstig van Ierland en het hom as draaier aan die Kaap gevestig (K.A.:MOOC 6/9/169 Sterftekennisgewings, nr. 6614).

Delaney was met Hannah Delaney getroud en uit die huwelik is vyf kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/169 Sterftekenningsgewings, nr. 6614).

Hy is op 14 November 1877 in die ouderdom van 51 jaar te Konstitusiestraat 43, Kaapstad, oorlede. Hannah Delaney het haar man se sterftekenningsgewing na sy dood geteken (K.A.:M00C 6/9/169 Sterftekenningsgewings, nr. 6614).

DUCHTIE, William

William Duchtie het in die jare 1871 tot 1874 en in 1876 as draaier te Waalstraat 83, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1871-1874 & 1876).

EAGLER, James R.

James R. Eagler het in 1889 as draaier te Swanson's Villa, Victoriastraat, Woodstock, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1889).

FOLEY, John

John Foley het in 1859 en van 1861 tot 1863 as draaier te Stuckerrisstraat 12, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1859 & 1861-1863).

GREYBER, George

George Greyber het gedurende die jare 1855 tot 1857 as draaier te Breestraat 27, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1855-1857).

GRINDLAY, John

John Grindlay het in 1889 as draaier te Soutrivier, gewerk (C.o.G.H.A. 1889).

HIGGO, F.H.

F.H. Higgo het van 1890 tot 1894 as draaier te Kotzestraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1890-1894).

HOWSE, John

John Howse het van 1855 tot 1868 as draaier aan die Kaap gewerk. Howse se adres was van 1855 tot 1859 Siekestraat 10, Kaapstad; van 1860 tot 1863 Siekestraat 19, Kaapstad; en in 1868 Nieu-markstraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1855, 1857, 1859-1863 & 1868).

HUGHES, John

John Hughes het gedurende 1855 en 1856 as draaier te Pleinstraat 12, Kaapstad, gewerk en gedurende 1860 te Caledonstraat 87, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1855-1856 & 1860).

HURLINGH, Justinus & Adam Gabriel Justinus

Justinus Hurlingh, die seun van Frederick Hurlingh, is in Kaapstad gebore. Hy het hom later as draaier bekwaam en gedurende die jare 1848 tot 1863 het hy dié beroep in Kaapstad beoefen. Sy seun, Adam Gabriel Justinus, was ook 'n draaier en hulle adresse is gedurende die ooreenstemmende tye dieselfde. Justinus Hurlingh

se adresse was: 1848 Buitengracht 41; 1854 tot 1859 Buitengracht 31; en van 1860 tot 1863 Buitengracht 60 (C.o.G.H.A. 1848, 1854-1855, 1857 & 1859-1863; K.A.:M00C 6/9/105 Sterfteken-nisgewings, nr. 646).

Justinus Hurlingh was getroud, maar sy vrou se name word nie in sy sterftekenisgewing vermeld nie. Die egpaar het vier kinders gehad:

Frederick Hurlingh

Elizabeth Hurlingh

Adam Gabriel Justinus

Johan William Hurlingh (K.A.:M00C 6/9/105 Sterftekenisgewings, n . 646).

Justinus is op 30 September 1863 in die ouderdom van 72 jaar te Kerkstraat 76 oorlede. In sy sterftekenisgewing word daar ook vermeld dat sy nalatenskap te min was om die koste van sy begrafnis te dek (K.A.:M00C 6/9/105 Sterftekenisgewings, nr. 646).

Adam Gabriel Justinus het van 1855 tot 1874 as draaier in Kaapstad gewerk. Sy adres was van 1855 tot 1859 Buitengracht 31; van 1860 tot 1862 Buitengracht 60; en van 1865 tot 1874 Buitengracht 76, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1855-1856, 1859-1862, 1865-1868, 1870-1872 & 1874).

LOTZ, Franz

Franz Lotz het in 1865 as draaier te Williamstraat 7, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1865).

LUYT, Johannes Fredrik & Hendrik de Jongh

Johannes Fredrik Luyt, die seun van Coenraad Luyt, is in Kaap-

stad, gebore Luyt het hom as draaier bekwaam en gedurende die jare 1855 tot 1859 het hy as draaier te Loopstraat 59, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1855-1857 & 1859; K.A.:M00C 6/9/86 Sterftekennissgewings, nr. 5934). Luyt het later ook handelaar geword, want in sy sterftekennissgewing word sy beroep as algemene handelaar aangegee.

Hy was met Anna Catharina de Jongh getroud (K.A.:M00C 6/9/86 Sterftekennissgewings, nr. 5934). Daar is agt kinders uit die huwelik gebore (K.A.:M00C 6/9/86 Sterftekennissgewings, nr. 5934).

Luyt is op 27 Maart 1859 in die ouderdom van 65 jaar te Loopstraat 59, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/86 Sterftekennissgewings, nr. 5934).

Hendrik de Jongh Luyt, die seun van Johannes Frederick Luyt en Anna Catharina de Jongh, is in Kaapstad gebore. Nadat hy sy ambag by sy vader, wat ook 'n draaier was, geleer het, het hy van 1854 tot 1863 as draaier in Loopstraat, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1854, 1856-1857 & 1860-1863; K.A.:M00C 6/9/380 Sterftekennissgewings, nr. 2621).

Luyt het waarskynlik later ook 'n handelaarsonderneming gehad, want in sy sterftekennissgewing word hy as 'n algemene handelaar vermeld (K.A.:M00C 6/9/380 Sterftekennissgewings, nr. 2621).

Hy was met Cornelia Petronella Zoutendyk getroud en uit die huwelik is tien kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/380 Sterftekennissgewings, nr. 2621).

Luyt is op 20 Augustus 1898 in die ouderdom van 66 jaar te Oranjestraat 56, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/380 Sterftekennissgewings, nr. 2621).

MILLER, T.

T. Miller het rondom die jaar 1824 as draaier aan die Kaap gewerk. In 'n advertensie in die S.A.C.A. van 5 Mei 1824 bedank hy die publiek vir hulle ondersteuning van sy onderneming. Die advertensie vermeld dat Miller o.a. stoele, sofas, beddens, blomstanders, ens., vervaardig het. In dieselfde advertensie vra Miller ook vir die dienste van 'n goeie stoelmaker. Sy adres was Grafstraat, Kaapstad (S.A.C.A. 5 Mei 1824).

MOORE, John William

John William Moore het van 1832 tot 1843 as draaier en timmerman aan die Kaap gewerk. Sy adresse gedurende sy verblyf aan die Kaap was Breestraat 51, Kaapstad, van 1832 tot 1836; Langmarkstraat 15, Kaapstad, in 1838 en 1841; en Kasteelstraat 54, Kaapstad, in 1842 en 1843 (C.o.G.H.A. 1832-1836, 1838 & 1841-1843).

PARKER, Robert

Robert Parker het in 1876 as draaier te Bergstraat 5, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1876).

PIETERSE, Pieter

Pieter Pieterse het in 1877 as draaier te Houtstraat 61, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1877).

RICHARDS, Thomas

Thomas Richards het in 1885 as draaier te Tennantstraat 31, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1885).

RUMBL, H.

H. Rumbi het gedurende die jare 1871 tot 1875 as draaier aan die Kaap gewerk. Sy adres was gedurende 1871 en 1872 Thomasstraat 7, Kaapstad, en van 1873 tot 1875 Albertstraat 7, Kaapstad (C.o.G. H.A. 1871-1875).

SCALES, William

William Scales het van 1855 tot 1857 as draaier te Konstitusiehuwel, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1855-1857).

VAN DEN BERG, G.

G. van den Berg het in 1872 as draaier te Buitengracht 49, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1872).

VIALER, Peter Paul

Peter Paul Vialer het van 1876 tot 1879 as draaier te Siekestraat 36, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1876-1879).

WANNENBURG, Johannes Josephus & Gabriel Gideon

Johannes Josephus Wannenburg, die seun van Petrus Wannenburg en Sara Graaff, is aan die Kaap gebore. Wannenburg het homself as draaier bekwaam en in die C.o.G.H.A. van 1849 tot 1852 en van 1856 tot 1857 word hy as draaier vermeld. Sy adres was van 1849 tot 1851 Buitengracht 58, Kaapstad; gedurende 1852 Waalstraat 86, Kaapstad; en in 1858 en 1859 Langstraat 42, Kaapstad. Wannenburg se werksadres was Buitengracht 76, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1849-1852 & 1856-1857; K.A.:M00C 6/9/73 Sterftekennisgewings, nr. 3607).

Johannes Josephus Wannenburg was getroud met Elizabeth Debora Rossouw en uit die huwelik is drie kinders gebore (K.A.:M00C 6/9/73 Sterftekennissgewings, nr. 3607).

Wannenburg is op 27 Desember 1855 in die ouderdom van 49 jaar in St. Johnstraat, Kaapstad, oorlede ((K.A.:M00C 6/9/73 Sterftekennissgewings, nr. 3607).

Gabriel Gideon Wannenburg, die seun van Johannes Josephus Wannenburg en Elizabeth Debora Rossouw, is aan die Kaap gebore. Gabriel Gideon het van 1859 tot 1889 as draaier aan die Kaap gewerk en het die ambag waarskynlik by sy vader, wat ook 'n draaier was, geleer. Sy adresse was soos volg: 1859 Loopstraat 128 en Langmarkstraat 90, waar sy werkplek was; 1860 Breestraat 20; 1861 en 1862 Houtstraat 20; 1867 Waalstraat 81; 1871 Vandeleurstraat 20; 1873 tot 1876 Langmarkstraat 106; 1877 tot 1883 Leeuwenstraat 13; en 1885 en 1889 Jamiesonstraat (C.o.G.H.A. 1859-1862, 1867, 1871, 1873-1880, 1883, 1885 & 1889; K.A.:M00C 6/9/73 Sterftekennissgewings, nr. 3607).

WEEBERG, Mathys

Mathys Weeberg was 'n draaier van beroep. Gedurende Januarie 1819 skryf hy 'n brief aan die Britse departement van Kolonies aan die Kaap waarin hy om geldelike bystand gevra het. Hy het vermeld dat sy vrou blind was, dat sy verwag, dat hulle reeds vyf kinders het en dat hy te min verdien om sy gesin te onderhou (K.A.:C0 3915 Memorials Received, nr. 28).

WENTZ, C.E.

C.E. Wentz het van 1882 tot 1884 as draaier te Waalstraat 32, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1882-1884).

WENTZEL, Christiaan Erasmus, Dirk Erasmus & Christiaan Erasmus
Carel

Christiaan Erasmus Wentzel se oupa met dieselfde name was afkomstig van Kopenhagen in Nederland. Die oupa is op 5 November 1780 met Maria Verwey getroud en uit die huwelik is nege kinders gebore, waarvan een, Dirk Johannes Erasmus, die draaier se vader was. Oor die vader is daar nie veel bekend nie, behalwe dat hy in 1786 gebore is (Malherbe 1966:1161).

Christiaan Erasmus Wentzel is in Kaapstad gebore. Sy moeder was Susanna Elsabe Johanna Maasdorp. Van die jare 1859 tot 1894 het hy as draaier gewerk. Sy adres was soos volg: 1859 tot 1861 Sir Lowrystraat 52; 1863 tot 1866 Breëstraat 123; 1867 Sir Lowrystraat 67, en 1868 tot 1894 Loopstraat (C.o.G.H.A. 1859-1861, 1863, 1865-1868, 1872, 1876-1877, 1878-1880, 1886 & 1889-1894; K.A.:M00C 6/9/309 Sterftekenningsgewings, nr. 2104).

Wentzel was met Jacoba Johanna Korsten getroud en uit die huwelik is vier kinders gebore:

Dirk Erasmus

Cornelis Marinus Johannes

Christiaan Erasmus Carel

Susanna Elsabe Johanna (K.A.:M00C 6/9/309 Sterftekenningsgewings, nr. 2104).

Hy is op 3 Oktober 1892 in die ouderdom van 66 jaar te Loopstraat 112, Kaapstad, oorlede. Sy sterftekenningsgewing is deur sy seun Cornelis Marinus Johannes, geteken (K.A.:M00C 6/9/309, Sterftekenningsgewings, nr. 2104).

Dirk Erasmus Wentzel, seun van Christiaan Erasmus Wentzel, het in 1891 as draaier te Martinstraat 2, Kaapstad, en van 1892 tot 1894 te Loopstraat 144 gewerk (C.o.G.H.A. 1891-1894).

Christiaan Erasmus Carel, sy broer, het van 1889 tot 1894 as draaier te Loopstraat 112, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1889-1894).

WENTZEL, Frederick

Frederick Wentzel het in 1878 en 1879 as draaier te Dorpstraat 22, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1878-1879). Daar kon nie vasgestel word of Frederick Wentzel aan die ander Wentzels verwant was nie.

WITNEY, Joseph

Joseph Witney het in 1890 en 1891 as draaier in Maitlandweg, Soutrivier, gewerk (C.o.G.H.A. 1890-1891).

YALLOP, Henry

Henry Yallop het in 1890 as draaier te Nuweland, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1890).

4.3.4 Voeërs

ADAMS, J.C.

J.C. Adams word in die C.o.G.H.A. van 1887 en 1889 as voeër te St. Johnstraat 59, Kaapstad, vermeld (C.o.G.H.A. 1887-1889).

ADRIAANZEN, Jacobus F.

Jacobus F. Adriaanzen het van 1880 tot 1887 as voëer te Roosstraat 66, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1880 & 1885-1887).

AINSLY, John

John Ainsly was afkomstig van Engeland en het as voëer vir sy oom, James Allen, in Grafstraat, Kaapstad, gewerk. In 1818 het hy aansoek gedoen om permanent aan die Kaap te mag bly (K.A.:CO 3913 Memorials Received, nr. 346).

APPERLEY, Charles Whateley

Charles Whateley Apperley is in 1859 in Engeland gebore. In 1888 het hy na die Kaap gekom en hom as voëer gevestig. Van 1890 tot 1894 word hy as voëer in Somersetweg, Kaapstad, vermeld. In 1880 is hy met Annie Maynard getroud en uit die huwelik is vier kinders gebore (C.o.G.H.A. 1890-1894; Malherbe 1966:21).

BARTLETT, Schonrad

Schonrad Bartlett het in 1876 as timmerman en voëer gewerk. Sy adres was Langstraat 9, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1876).

BAUMGARDT, Edward George

Edward George Baumgardt, die seun van George Dundas Baumgardt en Willemina Baum, is aan die Kaap gebore. Van 1865 tot 1867 het Baumgardt as timmerman en voëer gewerk. Sy adres was in 1865 Riebeeckstraat 30, Kaapstad, en in 1866 en 1867 Riebeeckstraat

29, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1865-1867; K.A.:M00C 6/9/255 Sterftekenningsgewings, nr. 613).

Baumagardt was getroud, maar sy vrou se naam word nie in sy sterftekenningsgewing vermeld nie. Die egpaar het nege kinders gehad (K.A.:M00C 6/9/255 Sterftekenningsgewings, nr. 613).

Hy is op 21 Maart 1888 in die ouderdom van 56 jaar te Chiappinistraat 60, Kaapstad, oorlede (K.A.:M00C 6/9/255 Sterftekenningsgewings, nr. 613).

BEGLEY, Joseph

Joseph Begley het van 1861 tot 1880 as timmerman en voëer in Kaapstad gewerk. Sy adres was in 1861 en 1862 Strandstraat 12, Kaapstad; van 1863 tot 1866 Breestraat 161, Kaapstad; van 1868 tot 1872 Loopstraat 150, Kaapstad; en van 1877 tot 1880 Orphanstraat 10, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1861-1863, 1865-1866, 1868, 1870-1872, 1877-1878 & 1880).

BENDLE, J.

In die G.K.H. van 7 Januarie 1885 verskyn 'n advertensie van J. Bendle. Die advertensie vermeld dat Bendle 'n voëer en timmerman was wat in Meadstraat, George, gewerk het (G.K.H. 7/1/1885).

BOSMAN, J.

J. Bosman het in 1878 en 1879 as timmerman en voëer te Houtstraat 57, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1878-1879).

BROWN, P

'n Advertensie van P. Brown verskyn in die G.K.H. van 7 Januarie

1885. Hy was 'n timmerman en voëer wat sy eie onderneming op Markplein, George, bedryf het (G.K.H. 7/1/1885)

BROWN, Jacobus

Jacobus Brown het in 1862 en 1863 as voëer te Langstraat 86, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1862-1863).

CARR, Henry

Henry Carr het van 1865 tot 1876 as timmerman en voëer te Zonnebloem, Kaapstad, gewerk (C.o.G.H.A. 1865, 1867, 1871-1872 & 1876).

CATO, Johan Pearson

John Pearson Cato het in die jare 1834 tot 1835 en 1844 en 1845 as voëer en timmerman aan die Kaap gewerk. Sy adres was gedurende 1834 en 1835 Urringtonhuis, Kaapstad, en gedurende 1844 en 1845 Sir Lowrystraat, Kaapstad (C.o.G.H.A. 1834-1835 & 1844-1845).

Cato was getroud, maar sy vrou se naam word nie in sy sterfteskennisgewing vermeld nie. Die egpaar het twee seuns gehad (K.A.:MOOC 6/9/35 Sterfteskennisgewings, nr. 7699).

